

DIE PASTORALE VERSORGING VAN DIE GESIN WAT 'N MISKRAAM BELEEF HET - 'N PRAKTIES- TEOLOGIESE PERSPEKTIEF

JOHAN NEL

Ter vervulling van die vereistes vir die graad

**PHILOSOPHIAE DOCTOR
(Praktiese Teologie)**

Fakulteit Teologie

Universiteit van Pretoria

April 2000

Promotor: Prof Dr T F J Dreyer



Vir Ilse

Dankbetuiging

Ek is baie dank en waardering verskuldig aan

Professor TFJ Dreyer. Hy is vir jare reeds in baie opsigte vir my 'n mentor. Die indringende gesprekke, praktiese raad en aanmoediging het as onmisbare inspirasie gedien tot die afhandeling van hierdie studie.

Professor CF Smit van die Departement Statistiek het belangrike insette gelewer wat die empiriese navorsing betref. Mev MC Mauer het eweneens met haar vriendelike behulpsaamheid 'n groot bydrae gelewer ten opsigte van die rekenarisering van die vraelyste.

Mej Thea Heckroodt van die Akademiese Inligtingsdiens het alles in haar vermoë gedoen om die bronne toeganklik te maak. Sy het geen moeite ontsien om selfs van die uithoeke van die wêreld artikels en studiemateriaal op te spoor nie. Ook aan Mev Arina van Zyl, kampusbibliotekaris van die Vista Universiteit se Welkom kampus, deur wie se bemiddeling ek ook van dié biblioteek gebruikerstoegang verkry het, my groot waardering.

Die Kuratorium vir Teologiese Opleiding vir 'n beurstoekenning wat die afhandeling van hierdie studie moontlik gemaak het.

Mev Hannemarié Bezuidenhout wat die taalversorging gedoen het.

Dr Marianne Viljoen. Dit was Marianne wat my aanvanklik geïnspireer het tot verdere studie, en my altyd behulpsaam was. Haar en Johann se vriendskap en meelewing oor baie jare heen is vir ons as gesin baie kosbaar.

Die kerkrade en lidmate van die Nederduitsch Hervormde gemeentes Riebeeckstad en Hennenman vir die voorreg om Evangeliedienaar in hul midde te mag wees, asook die belangstelling en liefde wat hulle altyd aan ons bewys. Die begrip tydens my studiejare is 'n riem onder die hart.

Familie en vriende. My ma, vir wie geen opoffering ter wille van my nog ooit te groot was nie. Aan haar knie het ek die Skepper leer ken- en liefkry. Ook eer ek die nagedagtenis van my pa. Ek is ook diep dankbaar teenoor my skoonmoeder vir haar belangstelling en aanmoediging, en my skoonvader wat ons sedert die aanvang van hierdie studie ontval het, vir sy voorbeeld in toewyding en liefde.

My gesin: my vrou Ilse vir liefde en kameraadskap, en die onbeskryflike vreugde wat ons kinders, Carmi en Werner bring. Ek beskou hulle as die kosbaarste gawe. Hulle moes in alle opsigte baie ontbeer ter wille van my studies, en ek sal hulle altyd daarvoor dankbaar bly.

"Alles, alles is genade!"

INHOUDSOPGAWE

	BLADSY
HOOFSTUK 1 AKTUALITEIT VAN DIE STUDIE	6
1.1 Inleiding	6
1.2 Hipotese	6
1.3 Probleemstelling en begrensing	8
 HOOFSTUK 2 METODOLOGIESE VERANTWOORDING	 11
2.1. Praktiese Teologie as kommunikatiewe handelingswetenskap	11
2.1.1 'n Paradigmaskuif	12
2.1.2 Interdisiplinariteit en intradisiplinariteit	13
2.1.3 Verdiskontering van teologiese karakter	14
2.1.4 Kommunikatiewe handelingsteorie	15
2.1.5 'n Kommunikasieteorie as basisteorie in die Praktiese Teologie	19
2.1.5.1 Kommunikasie	20
2.1.5.2 Handeling	20
2.2. Definiëring van die Praktiese Teologie vanuit die metateorie	21
2.2.1 Verskillende strominge in die Praktiese Teologie	23
2.2.1.1 Handelings-wetenskaplik-georiënteerde benadering	23
2.2.1.2 Hermeneuties-teologiese stroming	25
2.2.1.3 Die Diakoniologiese benadering	26
2.2.2 Kommunikatiewe geloofshandeling in diens van die evangelie	30
2.2.3 Die metodologiese model van Zerfass	31
2.2.4 Kritiek op Zerfass	33
2.3. Keuse van 'n model	36
2.4. Pastorale modelle	37
2.4.1 Pastorale betrokkenheid	37
2.4.2 Pastoraat van narratiewe betrokkenheid	43



HOOFSTUK 3	MISKRAAM IN DIE LIG VAN DIE DIE ROUSMART- TEORIE	45
3.1.	Inleiding	45
3.2.	Wat is rousmart?	45
3.3.	Fases van rousmart	47
3.4.	Patologieë	57
3.5.	Die status van die fetus vanuit verskillende perspektiewe	58
3.5.1	'n Etiese perspektief	59
3.5.2	Sielkundige perspektief	60
3.5.3	Filosofiese perspektief	62
3.5.4	Wetlike status van die fetus	64
3.6.	Miskraam en die rouproses	67
3.6.1	Die rouproses en simptome van ouers wie se kind pre-nataal gesterf het	67
3.6.2	Die intensiteit en duur van die ouers se rouproses	68
3.6.3	Verskille in die rouprosesse van vaders en moeders	69
3.6.3.1	Die reaksie van die vader	70
3.6.3.2	Die reaksie van die moeder	73
3.7.	Nie-manipuleerbare faktore wat die ouers se ervaring van die verlies beïnvloed	76
3.7.1	Inleiding	76
3.7.1.1	Die oorsaak van die miskraam	77
3.7.1.2	Ambivalensie	78
3.7.1.3	Stadium van swangerskap	79
3.7.1.4	Vorige ervaring van verlies	81
3.7.1.5	Ander kinders	83
3.7.1.6	Psigiese gesondheid	84
3.7.1.6.1	Geestesgesondheid van die ouers	85
3.7.1.6.2	Persoonlikheidsverandering	86
3.7.1.6.3	Geskiedenis van onvrugbaarheid	87
3.7.1.7	Fisiese gesondheid	87
3.7.1.8	Die huweliksverhouding as basis van die gesinsisteem	88

3.7.1.8.1	Effek van die verlies op die huwelik	89
3.7.1.8.2	Faktore wat die huweliksverhouding kompliseer	90
3.7.1.9	Was die swangerskap beplan?	91
3.7.1.10	Die invloed van ouers en familieleden	92
3.7.1.11	Onwillekeurige response	93
3.7.1.12	Ouderdom van die moeder	94
3.7.2	Gevolgtrekking	94
3.8.	Begrafnisrituele	95
3.8.1	Waarde van begrafnisrituele	96
3.8.2	Die teologiese betekenis van die begrafnisritueel	102
3.8.3	Die vroeë Christene	103
3.8.4	Die ontwikkeling van begrafnisrituele in historiese perspektief	104
3.9.	Die rol van godsdiens	105
3.9.1	Die invloed van die verlies op die ouers se godsdienslike belewenis	105
3.9.2	Godsdiens as verwerkingstrategie	107
3.10.	Die effek van terapeutiese ingrype	108
3.10.1	Fasilitering	109
3.10.2	Gesinsdinamiek	110
3.10.3	Erkenning van die verlies	110
3.10.4	Informele strategieë	111
3.10.5	Informatiewe waarde	112
3.10.6	Die verwerking van die verlies	113
3.10.7	Hospitalisasie en die houding van die mediese personeel	114
3.10.8	Berading	115
3.10.9	Die rol van die predikant	117
3.11	Samevatting	120

HOOFSTUK 4 VERKENNING VAN TEOLOGIESE TEORIE	121
4.1. Bybelse perspektief	121
4.1.1 Kinders in die Ou Testament	123
4.1.2 Waardering vir die pre-natale lewe volgens Psalm 139	125
4.1.3 Die dood van Dawid en Batseba se seun	129
4.1.4 Ander Ou- Testamentiese gegewens	130
4.1.5 Kinders in die Nuwe Testament	132
4.1.5.1 Die genesing van kinders deur Jesus	132
4.1.5.2 Kinders word deur Jesus uit die dood opgewek	134
4.1.5.2.1 Die seun van die weduwee van Nain	134
4.1.5.2.2 Die dogtertjie van Jairus	135
4.1.6 Miskrame in die Bybel	137
4.2. Die erfsonde en uitverkiesing: 'n teologiese perspektief	139
4.2.1 Teologiese tradisie: Die vroeë kerkvaders	143
4.3. Doop en verbond	148
4.3.1 Die doop as teken van die verbond	150
4.3.1.1 Die dooppraktyk volgens Handeling	151
4.3.1.2 Waarom doop?	152
4.3.1.3 Heilsnoodwendigheid van die doop	154
HOOFSTUK 5 EMPIRIESE ONDERSOEK	157
5.1. Inleiding	157
5.2. Metode van ondersoek	157
5.3. Vraelyste	160
5.3.1 Eerste- orde analise	160
5.3.2 Statistiese resultate	161
5.3.3 Tweede- orde analise	186
5.4. Gevolgtrekkings	192



HOOFSTUK 6	ONTWERP VAN 'N PRAKTYKTEORIE	196
6.1	Voorlopige praktykteorie	197
6.1.1	'n Strategie vir die pastorale begeleiding van gesinne wat 'n miskraam beleef het	198
6.1.1.1	Toerustingskursus vir predikante	198
6.1.1.2	Ondersteuningsisteme	200
6.1.1.3	Strategieë in gesprekvoering	202
6.1.1.4	Gebruik van die Skrif en modi tot operasionalisering	203
6.1.1.5	Die funksie en rol van gebed	204
6.2	Slotwoord	204
OPSOMMING		206
SUMMARY		208
Bylae A:	Lys van Figure en Tabele	210
Bylae B:	Vraelyste	212
BIBLIOGRAFIE		221

OPSOMMING

DIE PASTORALE VERSORGING VAN DIE GESIN WAT 'N MISKRAAM BELEEF HET - 'N PRAKTIES-TEOLOGIESE PERSPEKTIEF

DEUR

JOHAN NEL

PROMOTOR: PROF DR T F J DREYER

DEPARTEMENT: PRAKTIESE TEOLOGIE

GRAAD: PHILOSIPHIAE DOCTOR

Die metodologiese model wat gevolg is het gepoog om deur die wisselwerking tussen teorie en praxis 'n praktykteorie te lewer wat tot 'n meer effektiewe bediening in pastorale begeleiding van gesinne wat die trauma van 'n miskraamsituasie beleef het, te kan dien. Indien hierdie praktykteorie geïmplementeer word, sal dit in die Prakties- Teologiese terugvra na die Woord daadwerklik daartoe bydra dat die beeld en bedoeling van die herdermotief in die pastoraat tot sy reg sal kom.

Die ondersoek het van die hipotese uitgegaan dat daar 'n leemte bestaan ten opsigte van die betrokkenheid van predikante by gesinne wat die trauma van 'n miskraam beleef het. 'n Empiriese ondersoek is gedoen en die resultate bevestig hierdie hipotese.

In die literatuurstudie is daar gefokus op miskrame vanuit die perspektief van die rouSMART-teorie en die gevolgtrekking is gemaak dat daar 'n verband bestaan tussen 'n miskraam en die rouSMART wat daaruit voortspruit. Die status van die fetus, asook die vraag na die lewe ná die dood en die sin van lyding is vanuit verskillende perspektiewe ondersoek om as agtergrondskennis vir pastorale begeleiding te dien.

Op grond van die resultate van die literatuurstudie en die empiriese ondersoek is tot die slotsom gekom dat hierdie 'n spesialiteitsgebied is, en dat 'n toerustingskursus vir predikante kan lei tot 'n beter begeleiding van mense in so 'n situasie. Die raamwerk van so 'n metodologiese model wat spesialiteitstoerusting vereis, sal moet fokus op die bemagtiging van predikante ten opsigte van die wêreld van die miskraamslagoffer, om sodoende daadwerklik hulpverlenend by die situasie betrokke te raak. 'n Raamwerk vir so 'n toerusting word as praktykteorie aangebied.

SUMMARY

THE PASTORAL CARE OF A FAMILY AFTER THE EXPERIENCE OF A MISCARRIAGE - A PRACTICAL-THEOLOGICAL PERSPECTIVE

BY

JOHAN NEL

PROMOTOR: PROF DR T F J DREYER

DEPARTMENT: PRACTICAL THEOLOGY

DEGREE: PHILOSOPHIAE DOCTOR

The methodological model employed attempted to provide a practical theory through the interaction between theory and praxis to produce a more effective service in pastoral guidance to families who have experienced the trauma of a miscarriage situation. Should this practise theory be implemented, its Practical-Theological reference of the Word of God may actively contribute to the image and meaning of the pastoral motive in the pastorate being more clearly displayed.

The study was based on the hypothesis that there is a need regarding the involvement of ministers with families who have experienced the trauma of a miscarriage. An emperical study was performed and the results confirm this hypothesis.

In the literature study attention was focused on miscarriage from the perspective of the grief theory, and it was concluded that a causal relationship exists between miscarriage and the subsequent grief process. The status of the fetus, as well as the question regarding life after death and the purpose of suffering, were considered from various perspectives to provide background knowledge for pastoral guidance.

On the basis of the results of the literature study and empirical investigation, it was concluded that this is a speciality field, and that the appropriate preparation of ministers may equip them to better serve persons in a situation as this. The framework of such a methodological model requiring special preparation will have to focus on the empowerment of ministers with regard to the world of the victim of miscarriage, thus enabling them to become actively and supportively involved with the situation. A framework for the appropriate preparation of ministers is being offered as practice theory.

Bylae A Lys van Figure en Tabele

1. Figuur:		Bladsy
	Figuur 2.1: Zeffass se model	32
2. Tabel:		
	Tabel 1: Ouderdomsverspreiding by respondente	158
	Tabel 2: Geslag van respondente	159
	Tabel 3: Hoogste kwalifikasie in teologie	159
	Tabel 4: Verbandhoudende kwalifikasies van respondente	160
	Tabel 5: Tipe betrekking bekleer deur leraars	161
	Tabel 6: Aantal jare wat respondent in huidige standplaas is	162
	Tabel 7: Totale aantal jare wat die respondent in die bediening is	163
	Tabel 8: Aantal lidmate per gemeente	164
	Tabel 9: Aantal kinders per gemeente	165
	Tabel 10: Aantal babas gemiddeld per jaar gedoop	166
	Tabel 11 Huwelikstatus van respondent	166
	Tabel 12: Aantal huwelike	167
	Tabel 13: Hulpverlenende beroepe van egliede	168
	Tabel 14: Opvoedkundige kwalifikasie: huweliksmaat	169
	Tabel 15: Intensiteit van verlies	170
	Tabel 16: Wanneer is 'n miskraam 'n verlies?	171
	Tabel 17: Aantal miskrame: 5 jaar periode	172

Tabel 18:	Kindersterftes: 5 jaar periode	173
Tabel 19:	Optrede in die geval van 'n miskraam	173
Tabel 20:	Mees intense emosie na miskraam	175
Tabel 21:	Emosies na 'n kindersterfte	175
Tabel 22:	Self 'n miskraam	176
Tabel 23:	Rol van predikant	177
Tabel 24:	Belewenisse van die predikant in die geval van 'n miskraam	178
Tabel 25:	Reaksies van respondente rondom ouers se belewenisse	179
Tabel 26:	Invloed: gesinsisteem	180
Tabel 27:	Betrokkenheid by pastorale begeleiding	181
Tabel 28:	Vergelyking van kwalifikasie van huweliksmaat met die belewenis van die intensiteit van die verlies	183
Tabel 29:	Vergelyking van eie kinders en die siening van die grootste verlies	184
Tabel 30:	Watter verlies is die grootste in vergelyking met stadium van swangerskap waartydens miskraam voorkom	185
Tabel 31:	'n Vergelyking tussen watter tipe verlies predikante as die grootste beskou en hul eie persoonlike ervaring van miskraam	186
Tabel 32:	Aantal miskrame in vergelyking met aantal kindersterftes	187
Tabel 33:	Aantal miskrame teenoor aantal babas gedoop	188

HOOFSTUK 1 AKTUALITEIT VAN DIE STUDIE

1.1 Inleiding

Met hierdie studie word verkennend gewaag in die groot gebied van lyding. Die fokus val op die gebeure rondom 'n miskraam.

Hunt (1984:263) merk op: "Twenty-five percent of women who have ever been pregnant have had a miscarriage. Among those who have been pregnant four times almost 50 percent have miscarried."

Dit is veral wanneer die mens gekonfronteer word met die lewe en die dood dat die groot sinvraag aan die orde kom. Hierdie sinvraag behels enersyds die vraag na die sin van die lewe, en andersyds die vraag na die sin van lyding. Juis die ervaring daarvan in sy volle omvang maak die aangeleentheid kompleks. Sodra iets die ervaringswêreld van 'n persoon binnedring, en die aangeleentheid beleef word, ontstaan baie vraagtekens. Sinsbemiddeling moet bewerkstellig word.

1.2 Hipotese

Die hipotese word gepostuleer dat daar in die pastoraat 'n leemte bestaan aan die versorging van persone wat 'n miskraam beleef het, en dat gesinne juis in hierdie traumatiese ervaring die behoefte het aan pastorale begeleiding. Indien die effek van 'n miskraam beter deur die pastor begryp word, kan dit bydra tot meer sinvolle en doelgerigte pastorale hulpverlening. Die hipotese word gebaseer op 'n vermoede

gebore uit eie ervaring en gesprekke dat die beleving van 'n miskraam dikwels met ongemak en lompheid deur die pastor hanteer word, of selfs totaal geïgnoreer word. Daar kan baie redes hiervoor wees. Dikwels aborteer vroue reeds spontaan in 'n vroeë stadium van die swangerskap, wat meebring dat die pastor nooit eens daarvan bewus was nie. Dit is ook moontlik dat die pastor nog nooit gekonfronteer was met die problematiek rondom 'n miskraam nie. Hy beskou dit moontlik nie as 'n trauma vir diegene wat dit beleef nie, en beskou pastorale ingrype as oorbodig. Daarteenoor toon navorsing dat die verlies van 'n fetus, hetsy in 'n vroeë of latere stadium van swangerskap, 'n impak het op die vrou wat dit fisies beleef, asook op almal met wie sy interaksie het (Lachelin 1985:63). Dit mond uiteindelik ook uit in die geloof, wanneer vrae gevra word. Die geloofskomponent funksioneer sterk. Vir 'n gelowige sal die beleving van die verlies van 'n ongeboore baba nie 'n toevalligheid wees nie. Dit is nodig dat die egpaar begelei word tot sinvolle verwerking van die gebeure. Tog is daar weinig vanuit 'n pastorale perspektief beskikbaar om die pastor te help in sy begeleiding van sulke mense.

Dit lyk asof die hele gebeure rondom die miskraam dikwels by die pastor verbygaan. Hunt (1984:265) konkludeer: "Miscarriage is a crisis in a woman's life little understood by most clergy. Since most miscarriages happen early in pregnancy, pastors often never find out, few respond in a meaningful way. At best, they often feel awkward, not wanting to intrude in a scene they don't understand."

Daar sal ook gepoog word om aan te toon dat die persone wat die proses beleef, en meer spesifiek die vrou wat aborteer, dikwels self nie bewus is daarvan dat die gebeure

haar lewe beïnvloed nie. Huweliksproblematiek, depressie en geloofsprobleme is onder andere uitlopers van hierdie ervaring wat sy nie kan verklaar nie.

1.3 Probleemstelling en begrening

Die probleem waarop hierdie studie wil fokus, is dus om te probeer bepaal wat die houding van die pastor is ten opsigte van 'n miskraam.

Die navorsingsveld sal fokus op die houding van die predikant, om sodoende te probeer vasstel hoe dit sy optrede ten opsigte van 'n miskraam, en sy optrede in gevalle waar dit in sy gemeente voorkom, beïnvloed.

Lyding kan baie verskillende gedaantes aanneem. Om 'n miskraam te beleef, is maar een daarvan. In dié opsig het die hantering daarvan relevansie vir die Kerk en die gelowige lidmaat. Daar sal dus gepoog moet word om 'n pastoraal-teologiese perspektief op die menslike verwerking van lyding te omlin. Die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (1984:704) beskryf 'n miskraam so: "Te vroegtydige bevalling waarby die vrug dood is, aborsie". Dorland's Illustrated Medical Dictionary (1988:1042) definieer die begrip "miscarriage" as volg: "Loss of the products of conception from the uterus before the fetus is viable; spontaneous abortion". Die woordeboek van Afrikaanse Geneeskundeterme (1979:306) verklaar die begrip "miskraam" so: "Aborsie. Uitstoting van die fetus wat nie lewensvatbaar is nie". Ter wille van konsekwentheid en duidelikheid word die term "miskraam" in die studie gebruik. Hiermee word dan spontane miskrame bedoel.

Met die verloop van baie jare het geleerdes hulle telkens besig gehou met die vraag na wanneer die fetus 'n mens word. Hierop word later breedvoerig uitgebrei.

Dreyer (1985:16) vra die vraag: "Kan die fetus van die oomblik van bevrugting af enigiets anders as 'n mens word? Kan hy enigiets anders as jou kind word?". Die verlies as gevolg van 'n miskraam is *per se* die verlies van jou kind! Hoewel hy nog nooit die lewenslik aanskou het nie, kan hy uiteindelik niks anders wees as jou kind nie! En omdat hy jou kind is, sal dit traumaties wees om hom aan die dood af te gee.

Die vermoede bestaan ook dat, met die veranderende sosio-politieke situasie in die land, die professionele lui waarheen 'n probleemkwessie vroeër verwys kon word, nie meer so gereidelik beskikbaar is as voorheen nie. As gevolg van regstellende aksie is baie professionele poste wat staatsubsidie ontvang het, na die totale bevolking van die land versprei. Maatskaplike werkers en beraders is nie meer so vrylik beskikbaar nie. Hierdie vermoede word bevestig deur die verlies aan staatsubsidie ten opsigte van die Maatskaplike werkers van die Ondersteuningsraad van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Daarom sal daar ook aandag gegee moet word aan metodes om die vaardigheid van die pastor te verbeter om self berading te hanteer en waar nodig, te verwys.

Verskeie navorsers maak daarvan melding dat 'n miskraam deur die kerk, en ook deur die predikant, nihileer word. Die redes hiervoor is hoofsaaklik 'n onvermoë tot begrip, of verleentheid met die situasie. "One pastoral crisis that seems to have been routinely

ignored in the past years arises at the death of an unborn child (McClanahan 1983:4).

Hy oordeel dat mense gewoon nie weet wat om te sê in die situasie nie.

McClanahan (1983:4) stel verder die vrae wat ouers in hierdie situasie vra: "Why would God let this happen to me? What have I done to deserve this?" Hierdie vrae gaan dikwels oor in bitterheid en opstand. Dikwels, sê McClanahan, word hierdie woede na die adres van die predikant gekanaliseer. Moontlik is hierdie vyandigheid van die beproefdes 'n rede waarom predikante nie betrokke raak nie. Hy konkludeer dat selfs geloofsgenote sodanige egpaar begin vermy, sodat die kerkgemeenskap hulle ook isoleer. Die rede hiervoor is dat daar 'n onbeholpenheid is met die situasie. "To make matters worse, some seem to suggest that (there) hadn't really been a death in the family... Because the baby hadn't lived, it was an 'unperson' and didn't really exist" (McClanahan 1983:4).

Die studie wil dus die terrein van die vlak van betrokkenheid van die pastor by miskraamgevalle ondersoek. Teen die agtergrond van die literatuurstudie wat fokus op die belewenis van die ouers en gesinne, kan leemtes wat in pastorale ondersteuning bestaan, uitgewys word. Op grond van die bevindinge sal aanbevelings gemaak word rakende die pastorale begeleiding deur die pastor.

HOOFSTUK 2 METODOLOGIESE VERANTWOORDING

In die Praktiese Teologie bestaan daar verskillende skole en denkrigtings. Dit is imperatief dat die navorser homself eerstens sal posisioneer in dié verband, om sodoende die navorsingsmetodologie uit te spel.

2.1. Praktiese Teologie as kommunikatiewe handelingswetenskap

Daar word wyd aanvaar dat die kommunikatiewe handelingswetenskap op meta-teoretiese vlak as matriks vir die Praktiese Teologie dien. Pieterse (1993:1) meld dat daar, wat die teologie betref, in die laaste dekad 'n paradigkawisseling plaasgevind het. "In die praktiese Teologie het Rolf Zerfass (Zerfass 1974:164) reeds in 1974 die wending in paradigma en metodologie aangekondig. H. Peukert (1976) (soos aangehaal deur Pieterse) het in 'n diepgaande diskussie met Habermas die moontlikhede oopgemaak vir 'n teorie van kommunikatiewe handelinge, wat in die praktiese teologie bruikbaar sou kon wees" (Pieterse 1993:1).

Hierdie paradigmaskuif open vir die Praktiese Teologie nuwe perspektiewe in navorsingsmetodologie.

Pieterse (1993:2) wys vervolgens op die studieveld van die vak, naamlik die *kommunikasie* van die evangelie in verskillende situasies met verskillende handelinge, soos erediens, pastorale sorg, gemeentebou, ensomeer.

2.1.1 'n Paradigmaskuif

Die paradigmaskuif waarna verwys word, behels dat daar van die logiese positivistiese wetenskapsteorie wegbeweeg word, omdat totale objektiwiteit nie moontlik is nie.

Natuurlik is die verandering nie evangelie nie; trouens dit kan nie klakkeloos nagevolg word nie. Daar sal altyd krities gekyk moet word ook na nuwere insigte.

Pieterse (1993:1) toon aan dat die moontlikhede oopgemaak is vir 'n teorie van kommunikatiewe handeling wat vir die praktiese teologie bruikbaar sou kon wees. Dit is egter belangrik om te onthou dat, hoewel die paradigmaskuif gemaak word, die praktiese teologie steeds besig is met die saak van die teologie; die saak van die evangelie van Jesus Christus. Die verandering behels egter dat daar nie meer slegs primêr vanuit die Skrif na die praktyk beweeg word nie, maar die praxis verkry nou 'n baie groter inspraak.

Die nuwe benadering het onvermydelik daartoe gelei dat daar 'n lewendige interaksie tussen die praktiese teologie en die sosiale wetenskappe ontstaan het. Die vrees is al uitgespreek dat daar van teoloë kwasi-sielkundiges gemaak word. Op hierdie vrese reageer Pieterse (1993:3) as volg: "n Mens sou onmiddellik kon vra wat dan die taak van die bibliologiese en dogmatiese vakke aan die teologiese fakulteit is. Konsentreer hulle dan nie op die Skrif om die teologiese studente in die uitleg en vertolking daarvan te onderlê nie?" Hy beklemtoon dat, al sou die praktiese teologie op die kommunikasie van die evangelie konsentreer, op geloofskommunikasie, is en bly dit 'n teologiese vak. Wat wel waar is, is dat die praktiese teologie van tyd tot tyd in gesprek gaan met die

sosiale wetenskappe. Op hierdie wyse word met groot vrug gebruik gemaak van die bevindinge van die sosiale wetenskappe, terwyl die karakter steeds teologies van aard is en bly.

2.1.2 Interdisiplinariteit en intradisiplinariteit

Van der Ven (1993:97) maak melding van 'n interdisiplinariteit en 'n intradisiplinariteit tussen die teologie en die sosiale wetenskappe. Interdisiplinariteit beklemtoon die interaksie tussen die twee dissiplines. 'n Interdisiplinêre dialoog volg op die interaksie. Van der Ven onderskei tussen twee vorme van interdisiplinariteit. In die eerste geval vind 'n dialoog plaas tussen die teologie en die sosiale wetenskap wat lei tot 'n "*...dialogue intérieur...*" (Van der Ven 1993:98). Die wetenskaplike mag waarskynlik kwalifikasies verwerf het in beide die teologie en die sosiale wetenskappe.

Die tweede vorm van interdisiplinêre dialoog vind plaas tussen verskeie wetenskaplikes; tussen een of meer teoloë, en een of meer sosiale wetenskaplikes. Hierna word dan verwys as interpersoonlike interdisiplinariteit. Hierdie dialoog het nie noodwendig 'n konflikvrye gesprek ten doel nie, maar eerder 'n sistematiese eksplorering, analisering en kritiese evaluering van die saak voorhande. Ten einde hierdie gesprek te stimuleer, is deurlopende en kritiese gespreksvoering noodsaaklik.

Aan die ander kant veronderstel die intradisiplinêre model dat teologie op sigself empiries sal word. Dit veronderstel 'n verbreding in visie. "This expansion can be described by the term intradisciplinarity which in the general epistemological sense

refers to the borrowing of concepts, methods and techniques of one science by another and the integration of these elements into the other science" (Van der Ven 1993:101).

So is die teologie dan volgens Van der Ven (1993:101) by uitstek 'n wetenskap van intradissiplinêre oorname van die een wetenskap by die ander.

Die onvermydelike vraag wat ontstaan, is of die teologie inderdaad teologie kan bly. Sal die Bybel steeds die Bybel bly? Word die identiteit van die teologie nie in die weegskaal geplaas nie? Is empiriese teologie steeds teologie? In die volgende afdeling wat handel oor die teologiese karakter, word hierop ingegaan.

2.1.3 Verdiskontering van teologiese karakter

Alhoewel daar 'n paradigmaskuif begin intree het, is die praktiese teologie steeds besig met die saak van die teologie, die saak van die evangelie van Jesus Christus. "By elke wisseling van paradigma is die evangelie steeds sentraal" (Pieterse 1993:2).

Pieterse argumenteer verder dat dit in hierdie vak spesifiek gaan om die *kommunikasie* van die evangelie in verskillende situasies met verskillende handelingsoos prediking, viering van die heil in die erediens, pastorale sorg, kerklike onderrig, diens, gemeentebou, ensomeer. Firet (1987:260) stel dat daar algemene konsensus ontstaan het rondom die formulering dat die vak besig is met kommunikatiewe handelingsoos diens van die Evangelie. Om misverstand te voorkom, verduidelik Pieterse (1993:2) dat hierdie kommunikatiewe handelingsoos diens van die Evangelie in diens staan van die kommunikasie tussen God en mens, en mens en mens binne die geloofspraktyk. Dit

beteken dat ons nie net die kommunikatiewe geloofhandelinge bestudeer nie, maar ook die dinamiese gebeure van die kommunikasiegebeure tussen God en mens, en mens en mens, in diens van die Here van die Kerk.

Volgens Pieterse (1993:4) werk die praktiese teoloog met 'n praktiese belang om praktiese kennis in te samel. Dit is dan kennis wat uitloop op teorieë wat in staat behoort te wees om die Christelik-kommunikatiewe praxis te transformeer aan die hand van die waardes van die koninkryk of heerskappy van God. Sodoende kan hierdie teorieë ook rasioneel gevalideer word deur hulle in die praktyk te toets. Van der Ven (1993:10) stel dat die begrip *praxis* gebruik word om te omskryf waarom dit in die praktyk gaan waarmee 'n mens reflekerend omgaan, maar ook 'n praktyk waarin 'n transformerende oriëntasie werksaam is.

2.1.4 Kommunikatiewe handelingsteorie

'n Beskrywende byvoeglike naamwoord word hier gebruik, naamlik "kommunikatief". Die implikasie daarvan is dat die praktyk van die Christelike geloof, Christenwees, 'n voortdurende proses van kommunikasie behels. Christene kommunikeer onderling met mekaar en met God, en ook met die wêreld waarin hulle leef. Hierdie kommunikasie vind plaas by wyse van Christene se interaksie met mekaar: in die erediens, by Bybelstudiegeleenthede, tydens diensgroepwerk. Trouens, in al die aktiwiteite vind dit plaas. Die grondliggende handeling wat alle gelowiges uitvoer, is kommunikasie (Heyns 1991:51).

"Ten diepste gaan dit in elke wetenskap om die werklikheid wat bestudeer word, te verstaan. Hierdie verstaan word dan in teorieë geformuleer. 'n Teorie word opgemaak uit begrippe of konsepte wat op logiese wyse in verhouding tot mekaar staan. Hierdie begrippe of konsepte is 'n presiese en logiese beskrywing van hoe 'n mens 'n verskynsel verstaan" (Heyns 1991:51).

Firer (1987:260) maak melding van 'n fundamentele bemoeïng in die praktiese teologie, naamlik kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie.

Kommunikasie vorm die basis van alle ander handeling. So vorm kommunikatiewe handeling 'n wesenlike deel van studie in die Praktiese Teologie. Kommunikasie kan nie begrens word nie, dit vorm deel van die Praktiese Teologie.

Dit is egter nodig om ook die begrip "kommunikatiewe handeling" af te breek. Oor kommunikasie is reeds enkele opmerkings gemaak. Om die begrip "handeling" te verstaan, beteken onder meer dat dit binne die handelingsteoretiese konteks verstaan moet word. Binne hierdie raamwerk beteken "handeling" om deur middel van interaksie met die een wat handel, te verkeer, in die loop van dinge om verandering te bring.

Die menslike samelewing is 'n netwerk van kommunikasiepatrone. Die wetenskaplike kennis het nie net meer betrekking op die objektiewe werklikheid van dinge en gebeure nie, maar ook op sosiale werklikhede van geldende waardes en norme, asook die subjektiewe werklikheid van behoeftes en gevoelens.

In die Praktiese Teologie word Habermas (1984) se teorie van die "ideale gespreksituasie" toenemend aanvaar as 'n bruikbare metateoretiese uitgangspunt vir die wetenskaplike begronding van die prakties-teologiese werksaamheid. Binne hierdie sogenaamde 'gespreksbasis' geskied simmetriese kommunikatiewe handeling. "Aangesien Praktiese Teologie gerig is op 'n verskeidenheid van handelinge binne die Christelike geloofsgemeenskap waardeur 'n boodskap oorgedra word met die uitnodiging dat mense dit sal aanvaar vir outentieke lewe, word geoordeel dat 'n kommunikatiewe handelingsteorie geskik kan wees vir hierdie doel" (Dreyer 1998:22).

In sy kommunikatiewe handelingsteorie is die menslike samelewing vir Habermas (1984:69) 'n netwerk van kommunikatiewe patrone. Hierdie deel word daarom in die Praktiese Teologie as die tweede lens in die sogenaamde "binokulêre" gerigtheid van die Praktiese Teologie geag. Die ander lens is die sisteemteorie.

Die doel van kommunikatiewe handeling is om verandering mee te bring, om só te streef na die ideale situasie van die komende koninkryk van God (Fiet 1987:261). Heyns (1991:52) noem Paulus as voorbeeld: deur sy skrywes aan die verskillende gemeentes het hy ingespeel op die gang van die gemeentes. Net so speel leraars in lidmate se lewens in deur die evangelie van heil aan hulle te kommunikeer. Ook raak die gemeente op sy beurt weer betrokke deur die stem van die kerk te laat hoor in die samelewing en deur getuigenis aan die owerheid.

So het God in Jesus Christus ingespeel op die wêreld om sy loop te verander in die rigting waarin God daarmee op pad is - na die volkome en volledige koms van sy Koninkryk waarin Hy alles in almal sal wees en elke knie voor Hom sal buig (Heyns 1991:52). So speel leraars en lidmate in op die gang van mense se lewens deur die evangelie te kommunikeer. Kommunikatiewe handeling veronderstel dat mense kan kies; kan keuses maak en verantwoordelikheid aanvaar daarvoor.

Deur die kommunikasie van die evangelie word betrokke geraak by mense se lewens - speel gelowiges op mekaar se lewens in. Die kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie word voltrek in 'n geloofsgebeure, onder meer 'n erediens, pastorale gesprek, oral waar gelowiges mekaar ontmoet. Daar dien mense God, vier hulle die heil, word deur die geloof versterk en opgebou. Die ontmoeting vind plaas in die geloof dat God in Jesus Christus deur die werk van die Heilige Gees werksaam is as die Derde Vennoot. Só sal hierdie kommunikatiewe handeling met ander woorde ingestel wees op die skep en onderhou van relasies tussen God en mens, en mens en mens.

Uiteraard vind alle kommunikasie tussen Christene in die gemeentelike lewe in die geloof plaas.

2.1.5 'n Kommunikasieteorie as basisteorie in die Praktiese Teologie

In die Praktiese Teologie word onderskei tussen 'n metateorie, 'n basisteorie en praktykteorieë. In die metateorie word wetenskaplike vertrekpunte uitgespel, wat 'n gemene deler het met ander vakke (Heyns 1991:53).

'n Basisteorie word weer ontwikkel binne 'n spesifieke vak vir die doeleindes van die betrokke vak. Dit verskaf die prakties-teologiese vertrekpunte vir die vak. Elke vak bestudeer die verskynsel kommunikasie vanuit sy eie perspektief. In die Praktiese Teologie word dit gedoen vanuit 'n prakties-teologiese perspektief. Dingemans (1996:125) meld: "Het probleem was, dat er geen overkoepelende basistheorie voor het geheel van de praktische theologie was ontwikkeld. Pas in de laatste jaren zoekt men naar een brede algemene basistheorie, die als grondslag kan dienen voor het vak praktische theologie en die kan uitwaaiëren in specifieke praktijktheorieën, die gericht zijn op de onderscheiden handelingsvelden."

Höhn (1985:28) noem dat daar op metateoretiese vlak veral twee hoofstrome in die sosiale wetenskappe is wat as paradigmas geld, naamlik die sisteemteorie en die handelingsteorie. Hierdie teorieë was en is konkurrente in die sosiale wetenskappe.

Op metateoretiese vlak word egter 'n sintese gevind tussen die sisteemteorie en die handelingswetenskap, naamlik kommunikatiewe handelingsstelsels (Fiebert 1987:261).

2.1.5.1 Kommunikasie

Daar ontstaan by elke kommunikatiewe handeling 'n kommunikasiesisteem. Die erediens, byvoorbeeld, is 'n kommunikasiesisteem waarbinne kommunikatief gehandel word. So ook is 'n preek, 'n kategeseklas, 'n toerustingsgeleentheid 'n kommunikasiesisteem.

"Elkeen wat al met die praktyk van die Christelike geloof te doen gehad het, sal weet dat Christene voortdurend met mekaar, met hul Heer en met mense buite die geloofsgemeenskap kommunikeer" (Heyns 1991:49). Die grondliggende handeling wat alle gelowiges ten alle tye uitvoer, is kommunikasie.

Hierdie kommunikasie wat tussen pastor en pastorant plaasvind, geskied in die geloof, en besit 'n innerlike dinamika wat alleen deur die werking van die Heilige Gees moontlik word. Dit is egter belangrik om te onthou dat hierdie kommunikasie nie outoritêr plaasvind nie. Daar is eerder sprake van 'n simmetrisiteit. Dreyer (1998:22) maak doelbewus die aanname dat simmetriese kommunikasie die ideaal verteenwoordig.

2.1.5.2 Handeling

Firer (1987:260) praat van 'n fundamentele bemoeïing in die Praktiese Teologie, naamlik kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie. Die één handeling wat onderliggend aan alle ander handeling funksioneer, is kommunikasie.

Die kommunikasie begin by 'n teorie wat opgemaak word uit begrippe of konsepte wat weer 'n presiese en logiese beskrywing is van hoe 'n mens die verskynsel verstaan. Daar is egter volgens Heyns (1991:52) nie 'n aparte handeling soos kommunikasie nie.

Prediking, viering, sorg, onderrig, diens en so meer is kommunikatiewe handelinge.

Die begrip "handeling" binne die handelingsteoretiese konteks beteken dat daar 'n interaksie is tussen twee partye. Hierdie ingryping is nie eensydig nie, maar 'n dialogiese wisselwerking. Soos God in Jesus Christus met die wêreld "gepraat" het deur sy optrede in die wêreld, praat of kommunikeer die pastor ook met die pastorant. Op hierdie wyse word die evangelie gekommunikeer. Die reaksie wat daarop volg, vind plaas as antwoord op die appél van die versoeningswerk van Jesus Christus. Dit is baie belangrik om te onthou dat hier geen sprake van enige outoritêre ingrype is nie. Dreyer (1998:28) wys daarop dat mense bewus gemaak word daarvan dat die ideaal nie verwesenlik is nie. Paulus kan as voorbeeld geneem word. Hy (Paulus) gaan altyd uit van die indikatief van die heil en roep gelowiges op om te word wat hulle reeds is. Daarom is daar altyd 'n imperatief, omdat, hoewel die heil van Christus verkondig word, dit in hierdie wêreld slegs vir die geloofsoog sigbaar is.

2.2. Definiëring van die Praktiese Teologie vanuit die metateorie

Die geloofshandelinge van mense word bestudeer. Binne hierdie benadering word dit algemeen aanvaar dat 'n bepaalde navorsingsmetodologie veronderstel word. "Die Praktiese Teologie hou hom besig met die teorieë wat in die kerklike geloofspraxis funksioneer" (Heyns 1991:21). Die Praktiese Teologie identifiseer die teorieë wat in



die praktyk funksioneer, beoordeel dit krities, pas dit aan, en indien die behoefte bestaan, word nuwe teorieë ontwerp en daargestel. Die paradigmaskuif waarna vroeër verwys is, word nou hier relevant. Die teorie van kommunikatiewe handeling, word nou vir die praktiese teologie bruikbaar (Pieterse 1993:1). Die kommunikatiewe handelingsteoretiese benadering in die praktiese teologie ressorteer nou onder 'n interpretatiewe paradigma. Onder die sogenaamde interpretatiewe paradigma word verstaan dat daar 'n wisselwerking plaasvind. Soms word verwys na hermeneutiek, ander wetenskaplikes praat weer van dialektiek, of gebruik die woord "korrelatief". Vroeër, voor die paradigmaskuif, is die openbaring van God gesien as die enigste norm vir teorievorming. Intussen het die geloofshandeling van mense 'n al groter rol begin speel. Die openbaring van God word egter nie nou genegeer nie. Die saak waarom dit gaan, is en bly nog altyd die saak van die evangelie van Jesus Christus.

Firet (1987:260) stel dit dat konsensus gaandeweg ontstaan het dat die praktiese teologie besig is met kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie. Hierdie kommunikatiewe handeling vind plaas tussen God en mens, en mens en mens binne die praktyk van hulle geloof - dus in diens van die ontmoetingsgestaltes en die ontmoetingsgebeure van die heil (Pieterse 1993:2). Dit beteken dat nie net die kommunikatiewe geloofshandeling bestudeer word nie, maar ook die dinamiese gebeure van die kommunikasiegebeure tussen God en mens, en mens en mens, in diens van die Heer.

2.2.1 Verskillende strominge in die Praktiese Teologie

Dit is bekend dat daar wêreldwyd verskillende strominge in die praktiese teologie bestaan. In Suid Afrika word na die drie strominge verwys as die diakoniologiese benadering, handelingswetenskaplike benadering, en die hermeneuties-teologiese benadering. Pieterse (1993:100) sien die feit dat daar drie strominge bestaan, nie as 'n leemte of diskwalifikasie nie, maar eerder as 'n pluspunt. "Die feit dat daar verskillende aksente in die beoefening van die vak bestaan, is dus nie 'n nadeel nie, maar 'n voordeel. Selfs standpunte in konflik kan kreatief wees in 'n kritiese gesprek". Hier steun Pieterse op die hermeneutiese beginsel dat nuwe perspektiewe en insigte moontlik is as twee subjekte in kritiese gesprek teenoor mekaar te staan kom. So 'n diskussie dwing die wetenskaplike om sy eie posisie telkens weer te heroorweeg.

Die drie benaderinge tot praktiese teologie in Suid Afrika word vervolgens kortliks verduidelik, waarna 'n keuse uitgeoefen sal word vir een daarvan.

2.2.1.1 Handelings-wetenskaplik-georiënteerde benadering

Burger (1991:1) stel: "Die eerste stroming sou ons onder die een noemer van 'n *handelings-wetenskaplik-georiënteerde benadering kon tuisbring*. 'n Bewustelike afgrensing van die normatief-deduktiewe denke funksioneer in hierdie benadering"

In hierdie benadering is 'n poging aangewend om die praxis sy regmatige plek in die refleksie te gee en die moontlikheid daar te stel dat die teorie deur die praxis

gekorregeer kan word. Besondere, wetenskapsteoretiese beskrywing van die teorie - praxis - verhouding is dus van die uiterste belang.

Pieterse (1993:107) verduidelik dat daar in hierdie benadering uitgegaan word van 'n koninkryksperspektief. Op hierdie wyse kan die konkrete praktyk en die konteks van die samelewing waarin die kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie geskied, in die gesigsveld kom. Deur hierdie meer holistiese kyk op die werklikheid vanuit die koninkryksperspektief, kan Woord en werklikheid saam gesien word. Sodoende word die moontlikheid geopen waarin 'n praktiese teologie beoefen word waarin teorie en praktyk, Woord en werklikheid, in 'n bipolêre spanningseenheid op mekaar betrek kan word.

Burger (1991) verduidelik dat die teorie en praxis as hoofmotiewe geneem word, terwyl daar metodologies by die sosiale wetenskappe aangeknoop word. Teorie is volgens die algemene wetenskapsteoretiese oortuiging nóg afbeelding, nóg refleksie van die praxis. Dit is die resultaat van 'n sintetiese proses tussen ervaring en verstand. Daar word induktief gewerk en praxis word as uitgangspunt geneem. Teorie en praxis kan mekaar wedyersyds beïnvloed. Daar word ook in hierdie benadering gewerk met 'n hermeneutiek van kerklike handeling.

Burger (1991:8) beskryf ook die tweede groepering, naamlik die *dialekties-ideologie-kritiese* uitgangspunt. Dit beteken dat die uitgangspunt in die praktiese teologie geneem word vanuit die komplekse samehang van godsdiens, kerk, maatskappy en teologie, vanwaar die probleemveld opnuut omskryf word. Teorie en

praxis is interafhanklik van en refleksief op mekaar ingestel. Dit gaan egter nie om die eenheid van die teorie en praxis nie, maar eerder om 'n verhouding van diskontinuiteit.

Burger (1991:8) noem ook 'n derde groepering wat as tussenstandpunt van bogenoemde twee uitgangspunte gevorm kan word, en tipeer dit as gemengde tipes. Die metode is empiries (handelingswetenskaplik-georiënteerd), maar kan nie konsekwent by enige van die vorige twee rigtings toegevoeg word nie. Hulle neem 'n tussenposisie in.

2.2.1.2 Hermeneuties-teologiese stroming

"Teen die agtergrond van die tradisie van die vak en die deurwerking van die Barthiaanse teologie, is dit nie verbasend dat reaksie teen die handelingswetenskaplike benadering sou kom nie." (Burger 1991:11). Die voorstanders van die hermeneuties-teologiese rigting sien praktiese teologie as teologiese hereneutiek in 'n praktiese opsig. Praktiese teologie moet as teologie histories-krities en Bybels-hermeneuties te werk gaan. Deur middel van die hermeneutiek as gereedskap, word die teorie sowel as die praktyk onder die loep geneem, en waar nodig, aanpassings gemaak.

Pieterse (1993) praat van die hermeneutiese benadering ook as die kontekstuele benadering. Hy voeg egter 'n empiriese komponent by. Hy omskryf die benadering onder andere as volg: "In hierdie benadering wil die skrywers 'n paradigma vir praktiese teologie formuleer wat 'n nuwe visie vir die gehele samelewing daarstel, en

die rol van die praktiese teologie in die verkryging van hierdie nuwe samelewing, uitspel (Pieterse 1993:117).

Heitink (1993:175) wys op die verskeie betekenisnuanses van die hermeneutiek. Dit kan "sê", "aankondig", "uitlê", "vertaal". Vir Heitink (1993:175) word hermeneutiek ook verder uitgebrei na, benewens die interpretasie, ook fenomene soos gesproke woorde, gebare en handeling, ensomeer.

2.2.1.3 Die diakoniologiese benadering

Dit was veral in Nederland dat Praktiese Teologie in Protestantse kringe bedryf is as Diakoniologie. "Die Praktiese Teologie moes die Skrif vanuit die hoek van die kerk, sy ampte en sy dienste bestudeer en dan Bybelse teorieë formuleer vir die bemiddeling van die heil deur die kerk en sy ampte" (Burger 1991:13).

Pieterse (1993:104) noem dat dit vir hierdie benadering uiters belangrik is dat die praktiese teologie sy teologiese modaliteit moet behou. Die vak behoort nie kennis op te doen oor die kommunikasieproses as heilsbemiddelingsproses (kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie) nie, omdat die vak dan sal ophou om 'n teologiese vak te wees as dit die menslike geloofshandeling as voorwerp van studie neem. Van die sosiale wetenskappe kan slegs as hulpwetenskappe gebruik gemaak word.

Burger (1991:59-60) stip die volgende aan as die belangrikste kenmerke van vernaamste tot hierdie benadering:

- * Sterk klem word op die Skrif gelê as die enigste kenbron en norm vir die totale teologie; dus ook vir die praktiese teologie.
- * Vanuit hierdie keuse word die praktiese teologie op 'n deduktiewe wyse bedryf as teoretiese teologisering met die oog op die dienste in die praktyk. Die gerigtheid van die praktiese teologie fokus op die kerk en sy dienste.
- * In die aanbieding van die vak word baie sterk rekening gehou met die feit dat die universiteitsdepartemente tegelyk ook seminariums is waar predikante opgelei en afgerig word vir hulle ampswerk.

Hierdie benadering het egter in die afgelope paar dekades baie veld verloor. Burger (1991:60) wys daarop dat J. Fret die praktiese teoloog in Nederland was wat beweeg het in die rigting van 'n meer handelingswetenskaplike benadering.

'n Keuse

Wanneer daar van die standpunt uitgegaan word, soos by verre die meerderheid praktiese teoloë in Suid Afrika doen, dat die evangelie die norm is, word dit gedoen omdat juis dit die saak is waaroor dit in die kerk van Christus gaan. Pieterse

(1993:101) merk op: "Dit is die saak wat deur die Christene gekommunikeer word en 'n praxis daarstel, wat deur die praktiese teologie bestudeer word." Hy merk verder op dat die evangelie ook verstaan kan word vanuit die sosiale, ekonomiese en politieke konteks waarin mense leef. Alle mense lees tekste binne hul eie verstaanshorison, en interpreteer dit so dat dit vir hulle sin maak, en nuwe lewensmoontlikhede open. Dit is inherent aan enige sinvolle hermeneutiese proses.

Die konvergensiemodel van Louw (1993:45) het op hierdie punt relevansie. "Vir 'n verstaan van die God-mensverhouding en 'n handhawing van die bipolêre spanning benodig die pastoraat 'n teleologiese dimensie en aldus 'n konvergensiemodel." Hy argumenteer dan verder dat in 'n eskatologiese benadering veritatiewe denke beoefen moet word. In veritatiewe denke gaan dit om die vertrekpunt vanuit die geopenbaarde waarheid. Die vertekpunt veronderstel dat die kommunikasiegebeure in die pastoraat bepaal word deur 'n saakinhoud sodat daar in die eerste plek van 'n deduktiewe metode gebruik gemaak word. In die kommunikasiegebeure van die pastorale ontmoeting gaan dit wesenlik om die proses van waarheidsverwerkliking van die woord van God as waarheid vir die mens binne menslike verhoudinge. Onder die waarheid word dan verstaan die genadige selfmededeling van God deur sy woord wat binne die pastorale proses 'n proses van waarheidsontsluiting aktiveer.

"Waarheidsontsluiting behels 'n proses van geloofsrealisering. En geloofsrealisering is meer as selfaktualisering" (Louw 1993:42). Wat hier van wesenlike belang is, is die Christelike hoop wat 'n wesenlike rol speel. Hierdie hoop is 'n uitloper uit die

kruisgebeure van Jesus Christus. En daarmee saam bied die opstandingswerklikheid 'n toekomsdimensie.

Louw (1993:42) maak ook melding van 'n tweeledige ontiese werklikheid met 'n eie dinamika:

- a) Die moment van dood en sterwe in die soendood van Christus.
- b) Die moment van opstanding en lewe.

"Die opstanding van Christus verskaf 'n voortgaande dinamika aan die proses van geloofsrealisering en geloofsgroei. Dit stempel die lewe van die Christen tot 'n oorwinningslewe en verskaf aan die geloof via die opstandingshoop 'n toekomsdimensie. Sonder hierdie toekomsdimensie verloor die pastorale bediening sy wesenlike dinamika en word geloofsrealisering vasgevang binne die historiese kringloop van verganklikheid en ewigheid" (Louw:1993:42).

Dit is duidelik dat pastoraat lewensbediening is wat terugkyk vanuit die oorwinning van die opstanding van Jesus Christus; die sogenaamde eskatologiese perspektief. Pastoraat wil mense deur die geloof in die hoop laat lewe, op so 'n wyse dat die heil elke dag in hulle lewens deurbreek, selfs te midde van lyding. "Die sinhorison van die evangelie word dus wesenlik bepaal deur die oorwinningsdimensie van die opstandingshoop. In die lig van die eskatologiese perspektief word pastoraat as die heilsbemiddeling van die evangelie, lewensbediening in die hoop (Louw 1993:45).

Die keuse wat gemaak word, is dan vir die hermeneuties-teologiese binne die kommunikatiewe handelingsteorie wat hermeneuties-teologies die praxis empiries ontleed en binne 'n sirkulêre interaksie van kontekste tot teorievorming kom.

Hieruit is dit dan duidelik dat teleologie 'n onmisbare faktor is in die ontwerp van 'n pastorale teologie. Teleologie beteken hier die doelgerigtheid en hoopdimensie van die geloof.

2.2.2 Kommunikatiewe geloofshandeling in diens van die evangelie

Pieterse (1993:5) is die mening toegedaan dat 'n praktiese teologie as handelingswetenskap binne die paradigma of denkmodel van 'n kommunikatiewe handelingsteorie, kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie slegs verstaan word vanuit 'n *voorgegewe sin*, naamlik die *werklikheid* en die *praxis van God*. Hy stel baie duidelik dat God alle inisiatief neem, en Homself in liefde en genade aan die mens openbaar het. Die hoogtepunt van hierdie openbaringswerk en versoening is Jesus Christus. Die handeling van Jesus in diens van die evangelie nooi die mens uit om hierdie versoeningswerk te aanvaar vir outentieke lewe voor God.


Dreyer (1998:99) meld: "Die kernprobleem waarmee die pastoraat as teologiese vak tans worstel, is die vraag naamlik hoe die heil in eksistensiële terme verklaar moet word sodat die waarheid van geloofsinhoude relevant kan wees vir die mens en kan bydra tot 'n sinvolle en kwalitatiewe bestaan." Die mens se heil (outentieke lewe voor God) het 'n bepalende uitwerking op die lewe op die grondvlak van die samelewing.

2.2.3 Die metodologiese model van Zerfass

Hoewel reeds geyk, is die metodologiese model van Zerfass baie belangrik (Zerfass 1974:167). Vir die doel van hierdie studie word hierdie model gekies. Volgens hierdie model verkeer die verhouding tussen teorie en praktyk in 'n bipolêre spanningsverhouding. Die een is nie die ander nie, en tog is hulle onlosmaaklik aan mekaar verbonde. Heyns (1991:38) beskryf dit as die twee kante van dieselfde muntstuk. Omdat die verhouding tussen teorie en praktyk 'n spanningsverhouding is, is dit ook 'n dinamiese, lewende verhouding. Daar is 'n voortdurende wisselwerking tussen die twee. Die prakties- teologiese teorie wil konkreet word in die kerklike praxis en wil weet watter teorie ten grondslag van die praxis lê.

Om die wisselwerking tussen teorie en praxis vlot te laat verloop, word metodologiese modelle gebruik. Die modelle funksioneer soos paaie of roetes tussen teorie en praxis. 'n Model is natuurlik nie altyd volledig nie, maar kan tog 'n baie goeie beeld gee van die werklikheid.

Zerfass (1974:167) vergelyk 'n model met 'n landkaart. 'n Landkaart maak 'n groot onoorsigtelike gebied klein en makliker waarneembaar en verstaanbaar. Die model van Zerfass kan dan vergelyk word met so 'n pad of roete. Volgens hierdie model word beweeg van 'n bepaalde praxis tot 'n nuwe teorievorming wat weer tot 'n nuwe praxis kan lei.



Figuur 2.1 Zeffass se model

Zeffass:(1974:167)

Praxis 1 verteenwoordig die huidige praktyk. Om vanaf die bestaande praxis (1) tot by 'n nuwe praxis (2) te kom, is dit nodig dat teologiese oorlewering wat ten grondslag van die bestaande praktykteorieë lê, in die spanningsveld van vandag gebring word. Hierdie praxis word empiries-analities met behulp van die insigte van ander wetenskappe ondersoek sodat 'n juiste beeld van die werklikheid verkry word. Uit die wisselwerking tussen die situasie-analise en die teologiese oorlewering word 'n nuwe prakties-teologiese teorie gevorm. Hierdie nuwe teorie word dan weer 'n praktykteorie wat op sy beurt 'n nuwe praxis tot gevolg sal hê. Die nuwe praxis word weer eens getoets aan beide die teologiese oorlewering en die situasie met die moontlikheid dat dit weer die praktykteorie kan wysig. Daar ontstaan op hierdie wyse 'n nuwe praxis.

2.2.4 Kritiek op Zerfass

Dreyer (1991:606) toon aan dat indien die model van Zerfass onveranderd toegepas word, dit kan lei tot 'n verskraling van die teologie. Oppervlakkig beoordeel, wek die model die indruk dat dit wetenskaplik verantwoord en teologies begrond is. Nadere ondersoek ontbloom egter die gebrekkige teologiese basis waarop die model gebou is. Die probleem ontstaan by die term "teologiese oorlewering". Heyns (1991:38) meld dat hierdie term betrekking het op die Skrif, kerklike tradisie, kerkgeskiedenis en al die ander teologiese dissiplines. Die kritiek van Dreyer is egter dat tradisie op sigself nie normatief is nie. Teologiese oorlewering moet in elke nuwe praxis weer opnuut getoets en verwoord word. Teologiese tradisies is gebind aan en gebore in 'n bepaalde historiese konteks. Dit kan daarom op sigself nooit normatief wees nie.

Om Zerfass se denke te verstaan, is dit nodig om kennis te neem dat hy 'n Rooms-Katolieke teoloog is. Dit laat die vermoede ontstaan dat hy die Skrif en teologiese oorlewering op dieselfde vlak sal plaas. Vir hierdie slaggat moet opgepas word, naamlik om Skrif en tradisie gelyk te stel. Dit kan nie, aangesien die enigste norm die Skrif self is.

Dreyer (1991:606) merk op: "'n Verdere opmerking bevestig die vermoede... dat die Skrif vanweë sy ryke verskeidenheid en uiteenlopende Skrifinterpretasies, nie ongekwalifiseerd as bron vir die teorie-praxis- verhouding beskryf en aangedui kan word nie." In sy kritiek op Heyns en Pieterse se "Eerste treë in die Praktiese Teologie" noem Dreyer (1991:607) dat dié outeurs tot die gevolgtrekking gekom het dat "Skrif"

met "teologie" vervang kan word. In die model wat van Zeffass oorgeneem word, funksioneer die Skrif dus op dieselfde vlak as teologiese oorlewing en is dit blootgestel en uitgelewer aan die inspraak van die resultate van die empiriese analise.

Dreyer (1991:607) stel dat in 'n metodologiese model voorsiening gemaak moet word vir die onderskeid tussen teologiese oorlewing en die Skrif. In so 'n model kan die ondersoeker dan onbevange sy teologiese oorlewing aan die wisselwerking met die situasie blootstel. Die positiewe resultaat wat daaruit sal voortvloei, sal inhou dat teologiese tradisies weereens vanuit 'n nuwe situasie krities ontleed, en waar nodig, gekorrigeer word. Op hierdie wyse word die ontwerp van teologiese teorieë gedurig gedwing om die toets van relevansie in 'n nuwe situasie te deurstaan. Nuwe praktykteorieë sal dan in 'n metodologiese model uiteindelik binne die hermeneutiese spanningsveld van die Skrif getoets moet word. Indien die nuwe praktykteorie hierdie toets kan deurstaan, kan dit in die kerk tot 'n nuwe praxis lei.

Louw (1993:75) meld dat dit hier gaan om die wederkerigheidsmotief wat metodies tussen teorie en praktyk wil beweeg met die oog op die verhoogde effektiwiteit van die toepassingsmoontlikhede van die kenbron, naamlik die Skrif. Volgens Louw (1993:75) sien Zeffass die Praktiese Teologie as die teorie van kerklike handeling waarin die konkrete, Christelike en kerklike handeling die objek van die Praktiese Teologie is.

"Dit is duidelik hoe dat die korrelatiewe benadering probeer om die normatief-teologiese en empiriese situasie-analises en kontroles op 'n interaksionele wyse op mekaar te betrek. Metodologies beteken dit egter dat die teologiese teorieë

verfyn moet word deur die gebruikmaking van die induktiewe metode. Daar word dus by die praktiese situasie aangeknoop en gebruik gemaak van empiriese data. Die fenomenologie word op sodanige wyse ingespan om die praktiese teologie meer praxis-gerig te maak. Die fenomenologiese analises van geloofshandeling in diens van die evangelie of analises van menslike handeling binne die konteks van kerklike bedieningspraktyk word nou ingespan om 'n teorie vir die praktiese teologie te formuleer wat mensgerig en situasiegerig sal wees. Die objek van die praktiese teologie word nou kommunikatiewe geloofshandeling" (Louw 1993:76). Bipolariteit lei nou tot komplementariteit.

Die slotsom is duidelik: die navorser moet daarteen waak dat die teologiese karakter van die Praktiese Teologie nie verskraal word nie.

Met die kritiek van Dreyer kan grootliks saamgestem word. Veral die stelling rondom die moontlike verskraling van die teologie hou baie water. Indien daar op 'n gebrekkige teologiese basis gebou word, stort die teorie soos 'n kaarthuis inmekaar. Tradisie of empirie kan inderdaad nooit normatief word nie. 'n Teologiese tradisie kan ook nie vir tyd en ewigheid onveranderd bly voortbestaan nie. Dit moet telkens opnuut weer getoets word, en indien nodig, aangepas word. Die gevolgtrekking kan derhalwe gemaak word dat 'n metodologiese model voorsiening behoort te maak vir die onderskeid tussen teologiese oorlewering enersyds, en die Skrif andersyds. Die laaste gesagsbron is die Skrif self.

2.3. Keuse van 'n model

Eerstens sal gepoog word om bestaande teologiese teorieë na te gaan, ter wille van die posisionering ten opsigte van die navorsingsmetodologie. Wanneer gekies word vir die model van Zerfass, word die model, soos gewysig, gebruik.

Die getuienis uit die Woord van God en die teologiese tradisie word van nader bekyk. Dit is kardinaal dat onthou sal word dat teologiese refleksie binne die betrokke kerklike tradisie dien as 'n basis vir die identifisering van teologiese teorieë. 'n Geldige vraag is: Sê die Skrif iets oor die aangeleentheid wat onder die vergrootglas is? Op grond van die getuienis in die Skrif en die teologiese tradisie sal gepoog word om deduktief-deskriptief bestaande teologiese teorieë te identifiseer, te analiseer en te sistematiseer.

Om die praxis te verken sal 'n literatuurondersoek gedoen word om op grond van bestaande navorsing die fenomeen van miskraam te beskryf. Dit is hierdie ondersoek in die navorsing waarna Van der Ven (1993:97) verwys. Hy maak melding van 'n interdisiplinariteit en 'n intradisiplinariteit tussen die teologie en die sosiale wetenskappe. Interdisiplinariteit beklemtoon die interaksie tussen die twee dissiplines. 'n Dialoog tussen die teologie en die sosiale wetenskappe ontstaan. Sistematiese eksplorering ontstaan, analise volg, en uiteindelik volg 'n kritiese evaluering. Die intradisiplinêre model veronderstel ook dat teologie op sigself empiries sal word. 'n Verbreding in visie is 'n logiese gevolg hiervan. Van der Ven (1993:97) konkludeer dat die teologie dan by uitstek 'n wetenskap is van intradisiplinêre oorsprong van die een

wetenskap by die ander. Vir die doeleindes van hierdie studie sal 'n empiriese ondersoek ook gedoen word met 'n groep predikante om die impak te identifiseer, terwyl die teologiese karakter baie duidelik verdiskonteer sal word.

Die resultate van bestaande empiriese navorsing oor miskraam sal gebruik word. Hoewel dit uit hoofsaaklik Euro-Amerikaanse konteks voortspruit, verteenwoordig dit die Westerse kultuur. Op so 'n manier kan dit dan toegepas word op die situasie in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

Die teorieë wat so geïdentifiseer is vanuit die teologiese tradisie en praxis, sal dan met mekaar in interaksie gestel word om sodoende 'n voorlopige praktykteorie te poneer. Hierdie praktykteorie sal ten slotte binne die hermeneutiese spanningsveld van die Skrif gestel word om sodoende tot 'n finale praktykteorie te kom.

2.4. Pastorale modelle

2.4.1. Pastorale betrokkenheid

Ten aanvang sal die pastorale verantwoordelikheid van die pastor verken word om te probeer bepaal watter verantwoordelikheid hy/sy het in die geval van 'n gesinsisteen wat die trauma van 'n miskraam beleef. Verskillende pastorale modelle is in omloop en kan geïmplementeer word. Pastorale betrokkenheid kan op verskillende wyses bewerkstellig word. Teoloë bied ook verskillende modelle aan wat as metode kan dien.

Dreyer (1998:99) maak die volgende stelling: "Pastorale interaksie veronderstel 'n 'ontmoetingsgebeure'. In hierdie gebeure gaan dit om die 'uitwerking' van die heil op die mens, 'die mens se ervaringswêreld en eksistensiële oriëntasie binne die kompleksiteit van die sosiale konteks' en 'metodes van die pastorale bediening'".

Dit gaan in die pastoraat om die relevansie van die heil vir mense se geloofsgedrag. Die pastor vertolk hier 'n sleutelrol.

Louw (1993) stel dit dat die gebruikmaking van die hermeneutiese benadering in die Praktiese Teologie twee pastorale modelle met mekaar in verband gebring het. Die eerste word die kerugmatiese model genoem, en die tweede die eduktiewe model. Die kerugmatiese het die verkondiging in die sentrum, terwyl die eduktiewe sterk fokus op die empirie.

Louw kies vir 'n teleïtiewe model. Hy verstaan hieronder die voorbereiding van die mens om voor God te tree en in sy teenwoordigheid te leef. Dit noem Louw 'geestelike volwassenheid'. "Die teleïtiewe model wil hierdie oogmerk bevorder binne die voorveronderstelling dat die mens 'n sedelike wese is wat bemagtig word deur die genade van God" (Louw 1993:13). Die rol van die Skrif is daarin geleë dat dit kan lei tot 'heilsterapie' wat die mens beïnvloed, verander, vernuwe, troos en onderskraag. Die mens word dus nooit die subjek in die heilsterapie nie, maar bly altyd die objek. Die Skrif help om die mens nie méér te laat word as wat hy veronderstel is om te wees nie.

Vir Louw (1993:3) is die belangrikste punt waarom dit gaan, dat binne die tradisie van die pastorale bediening die mens in die totaliteit van sy bestaan in die fokuspunt staan. Hy postuleer 'n konsensus wat duidelik aandui dat dit in die pastorale versorging gaan om die totale mens binne 'n heel spesifieke verhouding: sy verhouding tot God en sy gerigtheid op en verantwoordelikheid teenoor hierdie transendente dimensie van sy bestaan. Die pastoraat is vir Louw ineengevleg met hierdie dimensie. "Per slot van rekening wil die term *cura animarum* die versorging van die totale mens beskryf maar dan vanuit 'n bepaalde perspektief, naamlik die geestelike dimensie van ons bestaan. Dit gaan dus om "sielsorg" om die mens in die kern van sy bestaan; dit gaan om 'n versorging van die wese van die mens in die kern van sy bestaan; dit gaan om 'n versorging van die wese van die mens in sy gerigtheid op God en afhanklikheid van God" (Louw 1993:3).

Louw wys ook daarop dat die term "pastoraat" gewoonlik gebruik word in aansluiting by die Bybelse herdermotief, aangesien die herder-kuddemodel deur baie eeue gesien is as die uitdrukking van God se liefdevolle toegeneentheid tot die hulpelose mens. Hier het egter ook 'n ontwikkeling plaasgevind, en het die herderlike dimensie van die pastoraat 'n meer wetenskaplike betekenis verkry. Die term *poimeniek* of herderkunde vind nou inslag.

Dit is dan hierdie benadering, volgens Louw, wat gekies word as uitgangspunt. Die rede hiervoor wentel hoofsaaklik om die veritatiewe komponent wat by hierdie model ingebou is. Hieruit vloei dan die ondersoek voort wat hopelik sal uitwys dat die verantwoordelikheid van die pastor ten opsigte van die pastoraat in hierdie studie een

van daadwerklike betrokkenheid is. Daarvoor is dit noodsaaklik dat die pastor vir homself sal moet uitmaak wat sy rol in hierdie verband is, en sal alle twyfel uit die weg geruim moet word óf daar pastorale ingrype moet plaasvind al dan nie.

Die konvergensiemodel van Louw is hier van waarde. Hy noem dit 'n "pneumatologiese perspektief" (Louw 1993:18). Dit dien as 'n gebalanseerde benadering tussen teologie en ervaring. "Binne 'n konvergensiemodel is daar die dominant van God se eventuele funksiebestemming met die mens en die wêreld (Dreyer 1998:103).

Louw (1993:45) maak daarvan melding dat teleologie 'n wesenlike faktor is in die ontwerp van 'n pastorale teologie. Met teleologie word die doelgerigtheid en hoopdimensie van die geloof bedoel. Teologie het, volgens Louw, wesenlik te make met die teleologie en wel met die prosesmatige ontwikkeling wat fokus op 'n spesifieke doel. Die konvergensiemodel van Louw sê dat die pastorale teologie teologies bepaal word deur die eskatologiese perspektief en pastoraal bepaal word deur die geloofsvolwassenheid of spiritualiteit.

Daar is sekere voorwaardes wat vir Louw geld:

- a) 'n Teologie van die pastoraat mag nie gereduseer word tot bloot die gebeure van verkondiging nie (die sogenaamde kerugmatiese reduksie).

Pastoraat herhaal nie 'n preekgebeure nie, maar is eerder 'n gespreksmatige

konkretisering van die evangelie binne die lewenswerklikheid van 'n gelowige mens.

- b) 'n Teologie van die pastoraat kan ook nie gereduseer word tot net die ervaring en behoeftes van mense nie. Pastoraat is meer as die ontsluiting van menslike potensiaal en selfrealisering langs die weg van 'n empatiese inlewing (die sogenaamde psigologiese reduksie). Pastoraat wat bloot sou bestaan uit gesprekstegnieke en oorgaan tot lewenshulp, verloor sy geloofsontwikkelingskrag.
- c) Die teologiese dilemma kan ook nie oorbrug word deur bloot 'n bipolariteitsbeginsel te gebruik nie. Die korrelasiemotief en die wederkerigheidsbeginsel gee maklik daartoe aanleiding dat God en mens as komplementêr met betrekking tot mekaar beskou sou kon word. Dan word God en mens gesien as gelykmatige gespreksgenote. Die wesenlike gevaar bestaan dat God in terme van 'n mens verklaar kan word, en dat die proses van bemiddeling van die evangelie beperk kan word tot 'n kommunikasiegebeure op empiriese vlak.
- d) Die God-mensspanning met die twee pastorale pole van geloofshulp en lewenshulp moet vanuit die eskatologiese dimensie geïnterpreteer word. Bipolariteit moet daarom in perspektief verstaan word. Die fokuspunt is daarom in die eskatologiese perspektief van die komende Godsryk. Dit is juis omdat die mens vir sy heil steeds van God afhanklik bly, dat hy in relasie tot

God kan wees. Maar nooit op 'n aanvullende wyse nie. Die beloftevervullingstruktuur van 'n eskatologiese model rig die bipolêre spanning teleologies op die komende Ryk van God.

Hierdie model bewerk 'n gesonde model tussen teologie en praktyk. Dit opponeer in werklikheid ook ander uitsprake soos byvoorbeeld dié van Heitink. Heitink (1977:154) maak melding daarvan dat dit in die pastorale teologie gaan om die kommunikasie van die Woord. Vir Heitink is daar net een moontlikheid, naamlik dat pastoraat sal geskied in die lig van die evangelie. Dié lig bewerk die heil. Hy stel dat hulpverlening beteken om die lig van die evangelie sodanig te kommunikeer dat God in groot ontferming, sy omsien en ontferming oor die mens in nood; die soteriologie en die diakonaat in die praktyk laat realiseer. Hulpverlening is gerig op die koms van die Koninkryk. Vir Heitink (1977:162) word pastoraat op grond hiervan getipeer as ontmoetingsgestalte van die evangelie.

Louw wys daarop dat die benadering van Heitink gesien moet word in die lig van die ontwikkeling wat daar in die gereformeerde benadering plaasgevind het. Tot betreklik onlangs is hoofsaaklik twee sake in die tradisie van die pastorale bediening beklemtoon, naamlik (a) pastoraat as uitdrukking van die tug met die fokus op vermaning en bekering, en (b) pastoraat as verandering van die sondige mens op grond van die verkondiging en vergifnis (Louw 1993:7).

Die relevansie hiervan vir die onderwerp hier ter sprake, naamlik miskrame en die gevolge daarvan, behels dat die pastor homself moet posisioneer te midde van hierdie

gebeure in die egpaar wat 'n baba verloor se lewens. Uit die geloof moet betekenis aan die gebeure gegee word, sodat dit inderdaad kan uitmond in geloofshulp as lewenshulp.

2.4.2 Pastoraat van narratiewe betrokkenheid

Müller (1996) het 'n pastoraat van narratiewe betrokkenheid ontwikkel as metode van lewenshulp. Müller haal Heitink aan wat vra: "Wie doen wat?" wat verbind word met "waarom?" en "waaroor?". "Dit gaan nie oor blote handeling nie, maar om die bedoeling en motivering wat sodanige handeling ten grondslag lê. So gesien, lê die narratiewe op die verlengstuk van die hermeneutiese" (Müller 1996:19). Die hermeneutiese benadering is geïnteresserd in die storie van 'n bepaalde situasie, nie slegs in die algemeen nie.

'n Hermeneutiese benadering vereis dat met verhale gewerk word. Verhale lê verbande en plaas die verhaal binne 'n wyer, verstaanbare konteks. Müller (1996) meld dat, ekosistemies gesien, hierdie verstaanbare konteks ook altyd 'n ervaarbare konteks is. 'n Noodsaaklike komponent hier is betrokkenheid by die verhaal.

Verder wys Müller (1996:20) daarop dat in teenstelling met analitiese filosowe en sommige sosiologiese teoretici, wat sterk steun op navorsingsmetodes wat die menslike bestaan in kompartemente verdeel, die narratiewe teoretici hulle antropologie bou op die uitgangspunt van die eenheid van die menslike ervaring. Bepaalde gedrag kan slegs verstaan word deur die hele konteks waarin dit ingebed is, in ag te neem. Die

konteks is die hele narratiewe struktuur waaruit 'n persoon op 'n gegewe moment handel. "Elke nuwe sensasie of stimulus, interpersoonlike transaksie, of dit nou bewustelik of onbewustelik is, word deur ons denkprosesse in 'n storienvorm gegiet en dikwels ook so bewaar" (Müller 1996:21).

Vir die doel van hierdie studie sou bogenoemde daarop neerkom dat die persoon wat 'n miskraam beleef, se lewensverhaal ook relevant is ten einde die invloed van die miskraam op die individu te verstaan. 'n Samespel van faktore kan lei tot 'n begrip van die situasie. Veral vir die gelowige is dit belangrik om uiteindelik agter te kom watter rol God in sy storie speel. Rondom die individu se kernstorie (die basies konsepte van die lewe soos geld, huwelik, loopbaan, ensovoorts) word telkens nuwe verhale gekonstrueer. "'n Verhaal van nood of krisis wat iemand aan 'n pastor vertel, is nooit 'n geïsoleerde storie nie. Dit het lyne na die gebeurtenisse ter sprake, en na 'n hele verskeidenheid van mense, maar beslis ook na die kernverhaal van die betrokke en sy/haar persepsie van die toekoms" (Müller 1996:23). 'n Persoon kan nie leer ken word deur net 'n aantal feite oor byvoorbeeld voorkoms, karaktertrekke, beroep, ensomeer te weet nie. Wanneer alles egter in 'n lewensverhaal inpas, kom die uniekheid van die *persoon* na vore.

Die pastor moet betrokke raak in die leefwêreld van die mens met wie hy in aanraking kom. Hulp in geloof sowel as die praktiese lewe van elke dag is nodig. Die narratiewe model van Müller is myns insiens uiters geskik om die verhaal rondom 'n miskraam, tesame met die ervarings en gevoelens wat daaruit voortvloei, te verstaan.

HOOFSTUK 3

MISKRAAM IN DIE LIG VAN DIE ROUSMART -TEORIE

3.1. Inleiding

'n Studie oor die trauma van ouers wie se kind as gevolg van 'n miskraam gesterf het, impliseer dat die verlies van so 'n besondere aard is, dat die probleme en behoeftes wat ouers ervaar sodanige ondersoek regverdig. Om ouers se rouproses in perspektief te stel, is kennis van die gebeure, die impak daarvan, asook kennis van rou noodsaaklik. Dit blyk egter, en sal weldra so aangetoon word, dat die rouproses by ouers wat 'n kind as gevolg van 'n miskraam verloor het, afwyk van die normale. "Loss of a pregnancy at any stage after the mother's awareness and acceptance of it will precipitate a grief reaction" (Anon 1991:626).

Hierdie hoofstuk wil daarom fokus op rou in die algemeen, en dan infokus op die navorsing oor die belewenis van miskrame oor die algemeen, en die spesifieke behoeftes wat sulke ouers beleef.

3.2. Wat is rousmart?

Rousmart word altyd geassosieer met intense droefheid. De Klerk (1978:19) verwoord die volgende definisie: "Die saamgestelde woord wat gekies word, is dan rousmart: rou as determinant, as die omskrywing van die tipe smart en smart as determinatum, as pynlike verlange, wee, hartseer, leed, verdriet, pynlike aandoening van die gemoed".

"Rou" is 'n alledaagse woord wat gebruik word vir die smart oor die afsterwe van 'n dierbare. Spiegel (1977:17) stel dit dat: "Mourning is... regularly the reaction to the loss of a loved person or to the loss of some abstraction which has taken the place of one, such as fatherland, liberty, an ideal, and so on." Hy stel verder dat wanneer 'n ervaring van verlies voorkom, rou kan ontstaan.

Freud het reeds in 1916 'n werk gepubliseer, getiteld "Trauer und Melancholie" - wat onder meer vertaal kan word as "Rou en swaarmoedigheid". Reeds hier het Freud die fundamentele konsepte rondom roumart geïdentifiseer, wat as't ware ten grondslag lê van al die teorieë oor roumart. Intussen het psigiatrie en psigoanalise ontwikkel, en is roumart tot 'n selfstandige entiteit uitgebou.

Spiegel (1977:17) maak die interessante opmerking dat al die dissiplines op die een of ander wyse 'n bydrae gelewer het tot die ontwikkeling van 'n teorie oor roumart. Die teologie, egter, het aanvanklik bykans geen bydrae gelewer nie. Die grootste bydraers was die Amerikaanse pastorale teoloë. Meer onlangs het die sogenaamde 'teologie van hoop' 'n begin gemaak deur met die ander wetenskappe in gesprek te tree oor die dood in sy sosiaal-utopiese dimensie. Hierdie debat het egter nog weinig bygedra tot die vraag na die individu se hantering van smart. Ook die kwessie van terapie en berading is nog nie voldoende aangespreek nie. Hy stel vervolgens: "If a theology of grief is to avoid becoming narrowly dogmatic, then it cannot ignore the experiences of the individual and the social group with which he is in interaction when the death of a loved one occurs. It must deal with the ways in which the mourner himself views his own personal loss and take seriously his ways of attempting to cope with it (Spiegel 1977:19).

3.3. Fases van rouSMART

Verskeie pogings is al aangewend om die verloop van rou in verskillende fases te verdeel. Dit is moontlik om die proses van rou af te breek in kleiner eenhede, met aanduiding van duidelike patrone wat telkens geïdentifiseer kan word. Hierdie fases hoef nie noodwendig in volgorde voor te kom nie. Verder is daar ook nie 'n spesifieke tydsverloop vir elk van die fases nie. Elke mens is 'n individu. So sal elke individu ook sy verlies op 'n unieke wyse hanteer.

Vervolgens word twee outeurs se verdelings vergelykenderwys aangehaal. Eerstens word kortliks gelet op die reaksies op trauma, volgens De Klerk, en vervolgens word die indeling van Spiegel in meer besonderhede bespreek.

De Klerk (1978:102) analiseer tipiese reaksies gedurende die proses van rouSMART, en maak die volgende indeling:

- i) Skokreaksie - direk na die aanhoor van die tyding tree die skokreaksie in.
- ii) Verligtingsreaksie - hierdie reaksie word dikwels tydens die begrafnis opgemerk. Die treurende kan selfs opgewek gesels. Dit is egter basies 'n psigiese ontspanning na die opgehoopte spanning van die voorafgaande tyd.
- iii) Die weenreaksie - dit kom voor as deel van die drang om die oorledene terug te kry. Dit wortel in die gedragpatroon van die kind en retrosipeer selfs na die instinktiewe skreeureaksies van die dier wat roep na sy maat of moeder.

- iv) Die somatiese reaksie - emosionele reaksies bring fisiese versteurings.
Hieronder word die volgende fisiese simptome verstaan: 'n gevoel van styfheid in die keel, kortasemheid, die behoefte om te sug, 'n leë gevoel in die maag en gebrek aan spierkrag. Op hierdie fisiese simptome word later breedvoeriger ingegaan.
- v) Die verlangreaksie - hierdie is een van die mees prominente en basiese reaksies van die rousmartemosies. Dit manifesteer in 'n intense preokkupasie met die beeld van die oorledene.
- vi) Die depressie-reaksie - Freud het die emosie van treur 'melancholie' genoem. Dit hou sekere kenmerke van neurotiese depressie in, met dié verskil dat daar werklik 'n objekverlies is.
- vii) Die aggressiereaksie - in die meeste gevalle van rousmart, veral in die beginfase, manifesteer aggressie en woede baie sterk.
- viii) Die skuldgevoelreaksie - hierdie is 'n algemene en normale verskynsel by rousmart. Elke skuldgevoel hou egter nie verband met werklike skuld nie.
- ix) Die angsreaksie - daar is vir De Klerk (1978:117) 'n besliste angselement in die rouproses. Hierdie angs is egter 'normaal' en moet onderskei word van patologiese angs.

Spiegel (1977:20) verdeel die rouproses in vier onderafdelings. Op hierdie vier fases word vervolgens meer breedvoerig ingegaan.

i) Die skokfase

Die eerste reaksie op die nuus van die afsterwe van 'n geliefde is meestal een van ongeloof en skok. Dit manifesteer baie sterk, veral wanneer die dood onverwags plaasvind. Tesame met die relatief kort fase van skok, manifesteer regressiewe gedrag. Die doodsberig kan oorweldigend wees. Die reaksie hoef nie noodwendig sigbaar te wees nie. Die fisiese reaksie mag een wees van 'n uitbars in trane. Op hierdie stadium is dit moeilik om met die treurende te kommunikeer. Dit kom voor asof hulle kwalik bewus is van wat om hulle gebeur.

ii) Die beheersde fase

Die beheersde stadium word gekenmerk deur 'n tweeledige reaksie. Eerstens beheer die bedroefde homself teenoor die teenwoordiges - familie, vriende en bure. Die beheer word tweedens verleng tot die funksionariese wat die formaliteite hanteer, sodat 'n begrafnisdiens gereël kan word. Gewoonlik is die sosiale ondersteuning op hierdie stadium baie groot, en word enige moontlike toegewing gemaak sodat die bedroefde tegemoet gekom word. Hy is op hierdie stadium tot 'n groot mate passief, en kan moeilik sy eie besluite neem. Die wêreld om hom raak vir hom onwerklik, veral wanneer hy nie self 'n aktiewe

rol speel in die tref van reëlins nie. 'n Gevoel van intense leegheid manifesteer.

Niks is werklik nie.

Gepaardgaande met hierdie gevoel van onwerklikheid volg 'n fase van depersonalisasie. Dit kan beskryf word as 'n gevoel van afstand van jouself. Die 'self' is afwesig, ontnem van eie eksistensie en selfrealisering. Die bedroefde beleef 'n gevoel van "ineenstorting", "uitmekaarval"; "*going to pieces*". Hy voel en tree op soos 'n robot. Hy reageer meganies. Intussen probeer hy deurentyd optree asof die verlies nooit plaasgevind het nie. Hy verrai homself egter voor ander, omdat hy nie in staat is om sy dagtaak "normaal" uit te voer nie.

Aktiwiteite word in 'n vakuum afgehandel; doelloos. 'n Simptoom is dikwels 'n onverklaarbare geïrriteerdheid en weerloosheid, wat soms gepaard gaan met agterdog jeens familie en vriende.

iii) Die fase van regressie

Tydens die verlies van die verhoudings wat die bedroefde met die oorledene gehad het, vind regressie dikwels plaas. "The mourner refers back to forms of coping less differentiated and more dependent from the environment, that is, more narcissistic. In psychoanalytical terms this process is called regression" (Spiegel 1977:70).

Die regressiewe stadium is die mees kritiese in die rouproses. Die bedroefde beleef ervarings wat uiters pynvol, sowel as angswekkend is. Hy beleef dat hy

tot 'n sekere mate beheer oor homself verloor het; dat hy homself oorgee aan 'n proses waarvan die einde nie voorspelbaar is nie. Emosionele uitbarstings vind ongekontroleerd plaas; huilbuie is algemeen, asook aggressie. Vir buitestaanders is dit ook moeilik omdat die gedrag dikwels geen verband hou met die verlies wat plaasgevind het nie.

Die bedroefde is dikwels apaties en vind dit moeilik om besluite te neem; onttrek uit geselskap. Hy ervaar groot spanning, is geïrriteerd en uitermate weerloos.

'n Belangrike fenomeen van regressie is dat dit 'n oorvereenvoudiging van komplekse sisteme tot gevolg het. In plaas daarvan om, byvoorbeeld, te redeneer vanuit die interskakeling van feite en sake, word een dikwels uitgelig en uitgesonder. Die beproefde fokus dan byvoorbeeld in totaliteit op die afgestorwene, ten spyte daarvan dat die dood baie meer verrykende implikasies het. In plaas daarvan om te redeneer dat 'n hele samehang van omstandighede dalk tot die dood aanleiding kon gee, word 'n spesifieke persoon daarvoor verantwoordelik gemaak, byvoorbeeld die geneesheer, die predikant, 'n familielid, selfs God.

Dikwels word hulp en bystand ook slegs van een persoon verwag, in plaas daarvan om ander moontlikhede ook te ondersoek, en om sodoende van 'n sisteem, eerder as 'n enkeling afhanklik te wees.

Ook die etiese denke word vereenvoudig na 'n wêreld waarin rigiede morele waardes geld. Byvoorbeeld: ouer mense behoort vóór jongeres te sterf. Slegte mense verdien eerder om te sterf as goeies. Waardeoordele word uitgespreek waarin God se oordeel bevraagteken word. Dit kom voor asof 'n gebalanseerde oordeel ten opsigte van die oorledene nie moontlik is nie. Die oorledene word oor die algemeen verheerlik; al sy negatiewe eienskappe word vergeet. Die rede hiervoor kan waarskynlik wees dat die dood eintlik uitwys hoe onbenullig alledaagse struwelinge oor beuselagtighede eintlik is. Skuldgevoelens kan verbloem word deur die oorledene te prys. In hierdie geval is dit belangrik dat hierdie lofbetuigings in die openbaar geskied om daardeur 'n openbare stelling te maak.

Vereenvoudiging van komplekse begrippe kom ook voor wat die religieuse betref. Vrae oor byvoorbeeld die laaste oordeel en die ewige verdoemenis raak skielik dringend aktueel. Dikwels bly kommunikasie met God in die slag. Die persoon kan nie meer bid nie. Hierdie preokkupasie met geloof mislei dikwels die pastor om te dink dat die vraesteller 'n besondere belangstelling in geloof het. Dikwels is dit egter net 'n onsekerheid wat deur die dood voortgebring is, wat later weer in die onderbewuste terugsink.

Skuldgevoelens raak akuut tydens die regressiewe stadium. Selfs in gevalle waar daar oënskynlik geen rede tot skuld bestaan nie, is dit wel aanwesig. Skuldgevoelens na die afsterwe van 'n geliefde na 'n lang en pynlike siekbed, is algemeen, omdat die dood vir die agterblywendes verligting bring. Dit mond

dan uit in 'n verligting aan die een kant, omdat hierdie uitgerekte trauma uiteindelik tot 'n einde gekom het, en 'n diepe skuldgevoel aan die ander kant, omdat "'n mens nie so behoort te voel nie". Die rolspelede agente word ook dikwels beskuldig. Oorlewingskuld is ook algemeen - hoekom hy en nie ék nie?

Agterblywendes voel ook dikwels ontbloot en verneder. Hulle word van elke masker gestroop. Hulle staan weerloos voor die wêreld om hulle aan te staar, hulle te bejammer, oor hulle kommentaar te lewer.

Opsommenderwys sal enigiemand wat in kontak kom met die beproefde persoon rekening moet hou, ten minste in die regressiewe stadium, met personalisasie, preokkupasie met die oorledene, vereenvoudiging van komplekse feite, verheerliking van die oorledene, skuldgevoelens en angs, en ook selfdevaluering. Elkeen hiervan is weer gekoppel aan verhoogde emosionaliteit, wat kan lei tot óf uitermatige affektiewe optrede óf aggressiewe optrede, wat gekenmerk word deur weerloosheid, geïrriteerdheid en wantroue.

v) Die fase van heraanpassing

Spiegel (1977:80) stel dit dat die rouproses nie voorspelbaar is nie, vanweë die verskeidenheid van bande wat die beproefde met die oorledene gehad het.

Verder is die reaksie van die omgewing en natuurlike ondersteuningstelsels verskillend, en kan die hanteringsmeganismes van persoon tot persoon verskil.

"There is neither the *normal* grief process nor the *appropriate* readaptation"
(Spiegel 1977:80).

Tydens die fase van heraanpassing word die regressiewe gedrag stap vir stap uitgeskakel. Die verlies word in sy volle konsekwensies aanvaar, en die beproefde begin homself losmaak van die rol van treurende. Terselfdertyd begin hy self dit wat verlore gegaan het gedurende die rouproses herstel. Die oorledene word eenkant toe geskuif.

Terugvalle vind egter gereeld plaas. Daar kom dae waarin die beproefde positief in beheer is van sy wêreld, wat dan skielik en onverwags gevolg word deur nuwe gevoelens van apatie en wanhoop. Soms voel die beproefde dat hy uiteindelik weer net so onwerklik voel as aan die begin van die rouproses. Spesifieke dae en tye word met die oorledene in verband gebring, soos verjaarsdae, die sterfdag, ensomeer.

Elisabeth Kübler-Ross (1981) onderskei ook vyf stadia in die rouproses. Hierdie stadia word vervolgens kortlik bespreek.

i) Eerste stadium: Ontkenning en isolasie

Kübler-Ross haal die reaksie van 'n kliënt ná die eerste kennismaking met die skoknuus aan: "No. Not me, it cannot be true". Hierdie reaksie is vir Kübler-Ross 'n belangrike aanvanklike reaksie. 'n Voorbeeld word genoem van

'n kliënt wat oortuig was daarvan dat die X-straal foto's deurmekaar geraak het met iemand anders s'n. Ontkenning is 'n tydelike verdedigingsmeganisme, en word spoedig vervang met 'n gedeeltelike aanvaarding. Gedurende die ontkenningsstadium is daar gewoonlik ook 'n neiging tot isolering.

ii) Tweede stadium: Woede

Sodra die eerste stadium van ontkenning nie langer volgehou kan word nie, word dit vervang met woede. "The logical next question becomes: 'Why me?' (Kübler-Ross 1981:44). Vir gesinslede is hierdie stadium baie moeilik om te hanteer. Die rede hiervoor is dat die woede dikwels onregverdig in die verkeerde rigting gekanaliseer word. Dokters word beskou as niks werd, God is onregverdig en familie skynheilig. Die persoon sal fout soek en kry. Die rede hiervoor is die feit dat daar so onverwags en wreed 'n ingrype in sy lewe gekom het waaroor hy geen beheer het nie.

iii) Derde stadium: Onderhandeling

Vir Kübler-Ross (1981:72) kan die onderhandeling gelykgestel word met om 'n guns te vra. In die vorige stadium van woede is waarskynlik eise gestel. Dit het nie gehelp nie. Nou kan hy maar net vra. Die onderhandelinge is egter maar net 'n metode om die onvermydelike uit te stel.

Onderhandeling vind hoofsaaklik plaas met God, en word gewoonlik geheim gehou. Beloftes word gemaak, soos byvoorbeeld om meer gereeld eredienste by te woon, in groter toewyding te leef, die afleer van die een of ander slegte gewoonte of sonde.

iv) Vierde stadium: Depressie

Wanneer die onvermydelike nie langer ontken kan word nie, en die verlies 'n werklikheid word, tree depressie in. Gevoelens van skande en skuld gaan dikwels met die depressie gepaard. Gewoonlik is mense se eerste reaksie om hartseer of depressiewe mense op te beur, om hulle te laat verstaan dat dinge nie so sleg is as wat hulle dink nie. Hulle word aangemoedig om na die positiewe sy van die lewe te kyk. "This is often an expression of our own needs, our own inability to tolerate a long face over any extended period of time (Kübler-Ross 1981:77). Vir Kübler-Ross is hierdie metode egter selde suksesvol, en is eintlik 'n kontradiksie met die werklikheid. Die fase van depressie word dikwels onnodig verleng of vererger as gevolg van 'n onvermoë van ondersteuners om die werklike behoefte te verstaan.

v) Vyfde stadium: Aanvaarding

Indien die beproefde genoeg tyd en ondersteuning gebied word om al die vorige stadiums sinvol deur te werk, sal daar 'n stadium van aanvaarding aanbreek, waar hy nie meer kwaad of depressief is nie. Aanvaarding moet egter

nie verkeerdelik gesien word as 'n "gelukkige" stadium nie. Dit is bloot 'n stadium waar die storm bedaar het, die pyn hanteer kan word, en die stryd verby is. Dit kan selfs gesien word as 'n stadium met 'n verlies aan gevoel.

3.4. Patologieë

Wanneer die rouproses normaal verloop, en al die fases deurloop word, word dit gewoonlik ook suksesvol afgehandel. Die treurende slaag uiteindelik ook daarin om die dood van die geliefde te aanvaar, en aan te gaan met sy lewe.

Dit gebeur egter ook soms dat die rouproses êrens gekniehalter word. Patologiese rou verwys daarom na die onsuksesvolle hantering van die rouproses wat daarop dui dat daar nie volledig binne 'n gegewe tydperk afstand gedoen is van die objek wat die rou veroorsaak het nie. Patologiese rou manifesteer as die volgehoue teenwoordigheid van sekere simptome wat die vorming van nuwe verhoudings en bindings belemmer (Rubin 1981:102).

Lin en Lasker (1996:263) verdeel patologiese rou in twee onderafdelings:

- a) Kroniese rou: Hierdie vorm van rou is die mees algemene vorm van patologiese rou in reaksie tot beproewing.

- b) Verlengde rou: hierdie mense toon geen inisiële roustoptome direk na die verlies nie. Dit manifesteer eers op 'n later stadium. Die risikogroep hier is die persone wat hulle gevoelens onderdruk.

Ook Spiegel (1977:91) maak melding van die patologie rondom onafgehandelde rou.

"A pathological coping with grief is indicated if everything fails to get the bereaved out of his fixation on one of the first three stages of grief." Wanneer die bedroefde 'n onvermoë openbaar tot die aanvang van die rouproses, en permanent in 'n toestand van skok verkeer, of wanneer hy totaal hulpeloos en geïrriteerd voorkom, wanneer hy nie sonder die bystand van ander kan klaarkom nie, kan daar aangeneem word dat die persoon patologie openbaar. Dit manifesteer gewoonlik in die weiering van hulp, voortdurende apatie, isolering en die verbreking van alle kommunikasie, hallusinasies, depersonalisasie, ontkenning, ooraktiwiteit, angstigheid, selfmoordgedagtes, volgehoue slaaploosheid, aggressiewe en destruktiewe drome, algehele agteruitgang van die gesondheid, toename in rook en alkoholgebruik, asook toename in afhanklikheid van chemiese kalmeermiddels.

3.5. Die status van die fetus vanuit verskillende perspektiewe

Die vraag na lewe is uiters aktueel by die bespreking van die onderhawige tema. In wese is dit 'n etiese vraag, wat vir die doel van hierdie studie deeglik oordink moet word. Dit is ook nodig dat daar oorsigtelik uit die hoeke van die sielkunde en die mediese wetenskap gekyk moet word na die siening rondom lewe en dood.

3.5.1 'n Etiese perspektief

Die Baker's Dictionary of Christian Ethics (Henry 1981:390) beskryf lewe as volg:

"The Christian view of the sacredness of human life rests upon the vigorous affirmations of the whole of sacred Scripture. It is rooted in the revelation that man was uniquely created by God, a crowning part of the created order, and that God created man in his own image." Hierdie gedagte word dan verder uitgebrei met die versoeningswerk van God in Jesus Christus, waarin die liefde en sorg van die Lewende God vir sy skepsel uitgedruk word.

Só kosbaar is die lewe vir God, dat dit pertinent in die sesde gebod verbied word dat die lewe wat Hy gegee het, onnodig geneem word. Hierbenewens word ook voorsiening gemaak vir die beskerming van 'n mens se lewe in die asielstede, waarvan ons lees in Numeri 35. In die Nuwe Testament brei Jesus self die gedagte van moord uit deur te verklaar dat iemand wat sy broer haat, al skuldig is aan moord, en sodoende die heiligheid van die lewe aantast.

Henry (1981:391) verwys na die dualiteit van die menslike lewe soos in die Bybel beskryf: "Man is a body-soul unity, and the Scriptures speak of life at both of these levels..."

Brillenburger Wurth (1967:69) meld dat lewe in die algemeen gaan om 'n misterie:

"Niemand was nog ooit in staat om te sê wat lewe is nie... Lewe is 'n skeppingsgawe, 'n skeppingswonder wat daarom deur ons baie hoog waardeer moet word".

Hy konkludeer vervolgens dat hoe hoog ons as Christene die waarde van die lewe ook al skat, is dit (die lewe), nie *per se* vir ons die hoogste waarde nie. Die lewe het alleen waarde vir sover dit die lewensdoel wat God aan sy Skepping gestel het, dien.

Reich (1978:1) maak die stelling dat in beide die mediese wetenskap én die etiek, die lewe van die moeder en fetus apart gesien is. En nog altyd is die moeder as belangriker beskou as die fetus. Wanneer die fetus die lewe van die moeder bedreig, word die lewe van die fetus beëindig.

3.5.2 Sielkundige perspektief

Ontwikkelingspsigoloë het aanvanklik hulle belangstelling op die postnatale periode gevestig. Louw, Gerdes en Meyer (1984:55) meld dat hierdie opvatting hoofsaaklik voortgevloei het uit die wanopvatting wat vanuit die vroegste tye oor die prenatale periode geheers het.

Tydens die antieke periode was daar volgens Louw et al (1984:55) 'n groot mate van spekulاسie oor presies hoe 'n nuwe mens sou ontstaan. Daar is selfs bewyse dat mense tydens die prehistoriese en vroeë historiese tye nie eens geslagsgemeenskap met die latere geboorte van 'n baba geassosieer het nie. Dit is daarom verklaarbaar dat verskeie beskouings met 'n mitiese kleur hulle verskyning gemaak het. Dit is byvoorbeeld wyd aanvaar dat elke individu die lewe begin as 'n miniatuurmensie wat volledig gevorm is en wat na behore funksioneer.

"Die Griekse filosowe en medici soos Aristoteles (384-322 vC) het egter tot die besef gekom dat beide die vader en die moeder via geslagsgemeenskap 'n bydrae tot die nuwe lewe lewer" (Louw et al 1984:55).

Mussen (1984:23) meld dat die lewe van elke individu 'n aanvang neem wanneer die spermsel van die vader die wand van die ovum van die moeder penetreer. Die bevrugting van 'n ovum deur die sperm, induseer die proses wat mitose genoem word.

"Development begins at conception. But what are the forces that, throughout the individual's existence, will influence that process? When do they begin? The answer, again, is at conception" (Mussen 1984:34).

Volgens Mussen (1984:57) bereik die fetus op 28 weke 'n waterskeiding. Op 28 weke kan die fetus oorleef, indien dit prematuur gebore sou word. "By this age, the child's nervous, circulatory, and other bodily systems have become sufficiently mature to stand a chance of functioning adequately in the extrauterine environment..."(Mussen 1984:84). Hier moet gelet word op die *oorlewingsaspek*. *Lewe* het egter reeds by bevrugting begin.

Louw et al (1984:57) stel dit ook dat lewe begin tydens bevrugting: "'n Nuwe lewe begin in 'n breukdeel van 'n sekonde in die fallopiese buis van die vrou wanneer 'n spermsel en die eiersel of ovum, verenig. Meer spesifiek dring die sperm die eiersel of ovum binne; 'n proses wat as bevrugting of konsepsie bekend staan en wat ongeveer 280 dae voor geboorte plaasvind."

Op grond van hierdie gegewens is dit duidelik dat daar in die sielkunde geen twyfel bestaan dat lewe *per se* by bevrugting 'n aanvang neem nie.

3.5.3 Filosofiese perspektief

The concept of life refers to what must undoubtedly be regarded as one of the deepest - if not in fact the deepest - mysteries of the known universe. It refers to the amazing process by which blind matter, using energy, seems to organise itself and to form ordered structures that work in the environment, extracting energy and modifying it in an enormous number of ways. All discussions about the nature of life turn out to be philosophical.

(Van Niekerk 1991:34).

Die kwessie hier is nie of die fetus 'n lewende entiteit is nie, maar wanneer die fetus méns word, of dan, 'n persoon. Is die fetus op 'n spesifieke tydstip van ontwikkeling 'n persoon, in dié sin dat dit in dieselfde mate aanspraak kan maak op lewe, en menseregte as enige ander persoon? Van Niekerk (1991:35) stel dit dat, indien die fetus 'n persoon in hierdie sin is, dit ook die reg het om nie doodgemaak te word nie.

Wat is 'n persoon? Van Niekerk (1991:36) wys daarop dat in filosofie 'n persoon gewoonlik gedefinieer word as in terme daarvan dat dit die rasonale karaktertrekke van 'n mens besit.

Peperzak (1977:30) beskryf die uniekheid van elke individu só:

De mens is een bijzondere identiteit van algemeenheid en individualiteit... Een louter biologische defenitie van de mens gaat precies voorbij aan wat gedefinieerd moet worden: het eigene, waardoor een mens van dieren en ander wezens waarop hij lijkt, verschilt."

Menswees val vir Peperzak (1977:32) in twee dele uiteen, naamlik mens-*wees* en mens-*word*. Die menswording dui enersyds op die kronologiese ontwikkeling wat in elke mens plaasvind, vanaf embrionale stadium tot by bejaardheid. Andersyds word menswees ontologies omskryf. "Het gaat in deze oproep ("word mens!") niet om een toename in jaren, maar om een vooruitgang in menselijke geslaagdheid of 'volmaaktheid'".

Van Niekerk (1991:36) sluit by Peperzak (1977:32) se redenasie aan wanneer hy meld: "The question is not so much what a person is but what he could be. And what he could be is, to a significant (though not conclusive) extent, the result of his own, authentic descisions."

Die woord "persoon" is afgelei van die Latyn *persona*, wat oorspronklik verwys het na die maskers wat akteurs gedra het op die verhoog, in die verskillende rolle wat hulle gespeel het (Van Niekerk 1991:36). Só gesien, vertolk 'n persoon verskillende rolle.

Die relevansie hiervan tot die onderwerp van hierdie afdeling, is belangrik. Dit beskryf die proses van kontinuïteit van die ontwikkeling van die persoon vanaf bevrugting, insluitend die pre- sowel as post-natale lewe. Hoewel die fetus 'n onvoltooide persoon is, dra dit niks anders as die potensiaal om volledig persoon te word nie.

"...personhood is characterised by incompleteness, that personal existence is as much an open question and a matter of unrealised possibilities as it is a constituted condition. However, what must be understood about all this is that talk about less-developed persons is still talk about persons; it does not refer to nonpersons or even to 'potential' persons" (Van Niekerk 1991:38). Om 'n persoon te wees is om te ontwikkel en te groei na 'n bestemming, wat voortdurend nuwe moontlikhede open, en slegs deur die dood beëindig kan word.

3.5.4 Wetlike status van die fetus

Waar 'n doodgebore baba volgens die normale reëling geregistreer moet word, vereis die wet dit nie wanneer geaborteer word nie. Die abortus het geen status nie.

Op 29 Oktober 1996 het die kwessie rondom aborsie in die Parlement gedien. Die aanbeveling, wat ook aanvaar is, lui dat elke vrou 'n konstitusionele reg het om self te besluit oor haar liggaam, en reproduksie. "It puts into effect that the constitutional rights of persons to make decisions concerning reproduction and security in, and control over their bodies. The right to allow women to terminate pregnancy is not only in the Constitution, but it is a clear ANC policy and was in the ANC's 1994 election manifesto" (Parliamentary Bulletin No 8, 29 October 1996).

Die wetgewing, wat op 22 November 1996 in werking getree het, bepaal die volgende:

"Circumstances in which and conditions under which pregnancy may be terminated

(1) A pregnancy may be terminated-

- (a) upon request of a woman during the first 12 weeks of the gestation period of her pregnancy;
- (b) from the 13th up to and including the 20th week of the gestation period if a medical practitioner, after consultation with the pregnant woman, is of the opinion that-
 - (i) the continued pregnancy would pose a risk of injury to the woman's physical or mental health; or
 - (ii) there exists a substantial risk that the fetus would suffer from a severe physical or mental abnormality; or
 - (iii) the pregnancy resulted from rape or incest; or
 - (iv) the continued pregnancy would significantly affect the social or economic circumstances of the woman; or

- (c) after the 20th week of the gestation period if a medical practitioner, after consulting with another medical practitioner or a registered midwife, is of the opinion that the continued pregnancy-
 - (i) would endanger the woman's life;
 - (ii) would result in a severe malformation of the fetus; or
 - (iii) would pose a risk of injury to the fetus.

(Parliamentary Bulletin no 8, 29 October 1996:6).

Wetgewing met betrekking tot pre-natale lewe is nodig sodat daar op gereglementeerde wyse te werk gegaan kan word wanneer terminering van 'n swangerskap oorweeg moet word. By 'n miskraam speel wetgewing egter geen rol nie. Die vermoede bestaan dat in lyn met wetgewing, die algemene mening gehuldig word dat die fetus eers ná 'n sekere ouderdom lewensvatbaar is. Die wetgewing kan moontlik ook 'n rol speel by die algemene persepsie met betrekking tot 'n miskraam: dat dit inderdaad voor 'n sekere stadium van swangerskap nog nie "lewe" as sodanig is nie, en derhalwe ook nie 'n verlies as sodanig nie. Die vraag kan gevra word: speel wetgewing nie dalk onwetend 'n meningsvormende rol nie?

Die konklusie kan gemaak word dat lewe *per se* by bevrugting begin. Die meeste wetenskappe is dit eens dat die dood van 'n abortus ook die dood van lewe beteken. Desnieteenstaande bepaal die wetgewing egter dat die moeder in die geval van terminering van 'n swangerskap, die deurslaggewende seggenskap het.

3.6. Miskraam en die rouproses

Dit is baie belangrik dat daar uitgemaak sal word of die belewing van 'n miskraam sonder meer gelykgestel kan word aan die dood, en of die rouprosesse dieselfde intensiteit toon. Uit die literatuur blyk dit, en sal ook weldra aangetoon word, dat die verlies presies dieselfde intensiteit het, en dat rou ook voorkom. Belangrik egter is dat patologie dikwels manifesteer, omdat rou nie sogenaamd toelaatbaar is nie. Om 'n kind deur 'n miskraam te verloor, is eenvoudig nie so erg in terme van die algemene beskouing nie. Die egpaar wat 'n baba verloor rou nie, omdat hulle "nie behoort" te rou nie.

3.6.1 Die rouproses en simptome van ouers wie se kind pre-nataal gesterf het

Verskeie pogings is al aangewend om ouers se rouproses in fases te bespreek. Daar is reeds kortliks na die fases van De Klerk (1978:102) verwys, terwyl Spiegel (1977:19) se indeling breedvoeriger bespreek is. Daar is ook ander pogings tot verdeling, soos dié van Miles en Perry (1985:74-75), wat die proses vereenvoudig tot drie stadiums, terwyl Wong (1980:386) ses fases onderskei. Kubler-Ross (1970) verdeel rou ook in verskillende fases.

Du Toit (1991:27) meld dat simptome tiperend van elke fase dikwels oorvleuel en in byna enige kombinasie kan voorkom. Vir die doel van hierdie studie word in die fases, met inagneming van al die verskillende verdelings, op die volgende gekonsentreer:

- ♦ onmiddellike reaksie op die miskraam;
- ♦ ontwikkelende bewustheid van die verlies;
- ♦ intensiewe treurreaksies;
- ♦ langdurige reaksies;
- ♦ her-organisering en oplossing van die rouproses.

3.6.2 Die intensiteit en duur van die ouers se rouproses

Du Toit (1991:40) meld dat alhoewel individuele en kulturele verskille erken word, die normale rouproses in die literatuur as afgehandel beskou word binne een tot twee jaar.

Een van die doelstellings van hierdie ondersoek is om vas te stel waar die verlies van 'n ongeborene inpas, en hoe lank dié rouproses duur.

Die bewering word gemaak dat ouers lewenslank rou. Onmiddellik ontstaan die vraag: Waarom word die rouwerk nie afgehandel nie? Bestaan die moontlikheid nie dalk dat hierdie ouers nie 'n rouproses gegun word nie, omdat die dood van 'n ongeborene nie soveel aandag trek nie?

3.6.3 Verskille in die rouprosesse van vaders en moeders

Ouers is meesal op mekaar aangewese vir steun. Hulle is ook potensieel mekaar se beste ondersteuningsbron. Hulle ly immers dieselfde verlies, en behoort soortgelyke emosies te ervaar. Dit blyk egter dat die diversiteit tussen die twee geslagte 'n baie belangrike rol speel in die belewing van 'n verlies, tot so 'n mate dat wedersydse begrip en ondersteuning belemmer kan word.

Lindberg (1973:270) meen: "Grief can't be shared. Everyone carries it alone, his own burden, his own way". Williams en Nikolaisen (1982:60) meen dat dit vanselfsprekend is dat die moeder 'n hechter binding met die baba sal hê as die vader, en gevolglik die verlies meer intens sal ervaar. Littlefield (1984:2743) het bevind dat moeders, en hulle familie van oorsprong, meer treur as vaders. Die verlies aan 'n toekomsverwachting van 'n vader vir enige geslag mag egter nooit onderskat word nie.

Revak-Lutz en Kellner (1994:442). meld: "Perinatal death is a tragedy for both mothers and fathers." Hulle navorsing het beklemtoon dat vaders dikwels 'n aktiewe rol speel, dat hulle gevoelens van verlies beleef. Baie van die vaders het ook aangetoon dat hulle berading sou wou hê. Van hierdie vaders was deurentyd aan die moeder se sy, en waar van toepassing, het hulle selfs die baba vasgehou. Dit word egter ook aangetoon dat die sosiale status 'n indikator is vir betrokkenheid. Vaders van die sogenaamde middelklas en hoër sosiale groeperings, het groter betrokkenheid getoon, en meer ondersteuning gebied. Navorsing toon aan dat meeste van die gevolge op die miskraam, met spesifieke verwysing na die rou, van toepassing is op beide die vader en

die moeder. Dit is egter ook so dat daar by elk van die geslagte sekere merkers voorkom, wat nie noodwendig by die ander voorkom nie. Vervolgens word dit wat onderskeidelik eie is aan die vader en die moeder, uitgelig.

3.6.3.1 Die reaksie van die vader

Die gebeure rondom 'n miskraam raak beide ouers intens. Daar is dikwels groot ooreenkomste en dikwels groot verskille in die hantering daarvan deur die egliede. "The husbands didn't seem concerned with the heartache of their wives, or so it seemed. Few comforting words or actions were offered. They seemed stonefaced, cold. What was really going on, however, was that the man felt the need to be the 'rock' in the emotional sea of the moment" (McClanahan 1983:4).

Wells (1991:211) meld dat baie mans verward raak wanneer hulle intense hartseer by hulle vroue bemerk. Hoewel 'n man dan probeer om begrip te toon, is hy dikwels so onbeholpe, dat sy teenwoordigheid dikwels meer skade as goed doen. Cecil (1994:1417) toon 'n dubbelkantigheid in die reaksie van die vaders aan; aan die een kant is hulle die pa van die kind wat verloor is, met die gevoelens wat daarmee gepaard gaan. Aan die ander kant is hulle die eggenoot van 'n baie hartseer eggenote, en moet hulle die nodige ondersteuning daar bied.

Revak-Lutz en Kellner (1994:442) stel dit egter dat die moeder dikwels die vader se vooraf binding met die baba vooraf bepaal. Hoe meer sy die vader betrek by die swangerskap, hoe groter is die binding. Uiteindelik is die verlies vir die vader soveel groter. In teenstelling met die moeder wat onmiddellik bind, is dit opmerklik dat die vaders 'n hegte band vorm met die fetus, soos wat die swangerskap vorder. Rosenfeld (1994:1683) toon aan dat die vader se reaksie minder intens is as dié van die moeder, en ondersteun ook die bevinding dat dit direk verband hou met die duur van die swangerskap. Rosenfeld (1994:1684) meld ook dat die miskraam kan veroorsaak dat die vader homself distansieer, wat groot druk op die huwelik kan plaas.

Maar wat beleef hierdie vaders werklik wanneer die vrou spontaan aborteer? Hunfeld (1996:407) se studies toon dat daar by die moeder meer intense gevoelens van skuld, depressie en hartseer is as by die vader. Anders as die moeder, het hulle bevind dat in die geval van kindersterftes en doodgeborenes, die vaders wel dieselfde emosionele reaksie as die moeder getoon het. Hulle pleit egter vir verdere navorsing, omdat hierdie veld, volgens hulle, braak lê.

Die navorsing van Defrain (1991:222) toon aan dat vaders oor die algemeen baie moeilik uiting gee aan hulle gevoelens. "...fathers are likely to be less emotional, less able to talk, less able to cry". Defrain (1991:222) beweer verder dat die samelewing die vader in die stereotipiese rol van versorger en bron van krag geplaas het. Hulle moet in die behoeftes van hulle vroue voorsien. Hulle is ook die broodwinners. Selfs al sou 'n vader die behoefte hê om van die

samelewing te onttrek en te rou, word dit hom nie gegun nie. Hy moet voorsien in die materiële behoeftes van sy gesin. Hy móét gaan werk. Die verskillende rolle wat hy moet vertolk, maak dit vir hom baie moeilik om werklik sy eie hartseer te artikuleer. Cecil (1994:1417) toon aan dat dit vir die vrouens 'n openbaring was om te besef dat hul eggenoot ook die pyn van verlies ervaar. Hierdie feit, op sigself, was al 'n troos en ondersteuning. Cecil (1994:1417) meld verder dat die vrou dikwels verkeerdelik dink dat die verlies die man nie raak nie, omdat hy baie besorg oor haar is. Sy besorgdheid oor die moeder laat haar dink dat hy nie die pyn van die verlies beleef nie.

Du Toit (1991:49) merk die volgende op:

- Vaders het 'n sterker neiging om die realiteit van die verlies te ontken en die pyn en rouwerk te vermy.
- Vaders se rolverwagtings sluit geforseerde beheer van emosies in, asook 'n pre-okkupasie met emosionele steungewing aan die moeder.
- Vaders neig tot intellektualisering van rou en skuld, teenoor die tranerigheid van vroue. Vaders se energie word na buite gerig.
- Vir moeders is die verbalisering van gevoelens belangrik. Vaders verwerk die verlies deur besig te bly, insluitend met studies, en aanvullende gemeenskapsaktiwiteite, wat verband hou met 'n begeerte om die realiteit te ontvlug.
- Moeders beleef in die eerste maande ná die verlies 'n vrees vir 'n volgende swangerskap, wat by vaders afwesig is. Dikwels bestaan daar by vaders 'n

dringende behoefte om so gou as moontlik 'n volgende kind te verwek. Dit kan maklik 'n bron van konflik tussen die ouers word.

- Professionele ondersteuning word dikwels deur die vaders vermy.

3.6.3.2 Die reaksie van die moeder

Lee, Slade & Lygo (1996:51) merk op dat dit vir vroue baie belangrik is om 'n verduideliking te kry vir waarom die miskraam plaasgevind het. Sy navorsing het aangetoon dat 46 persent van die vroue meld dat hulle geen verduideliking van die kant van die geneesheer of die hospitaal gekry het nie. In die kontrolegroep het 78 persent van die responente in die terapeutiese gesprekke probeer vind vir waarom miskrame plaasvind.

Brown (1993:473) maak melding van 'n vrouekliënt wat na haar vierde miskraam genoem het dat sy in totaliteit 'n mislukking was, "...by not being able to 'do what women are supposed to be able to do' - make a baby". Hy maak verder die stelling dat die verlies van 'n swangerskap vir baie ook die verlies van 'n droom was, aangesien daar reeds voor geboorte baie aspirasies vir die verwagte baba is, drome gedroom word, en ideale gekoester word. Baie ouers is eenvoudig nie in staat om hierdie droom prys te gee nie.

Madden (1994:85) verduidelik dat gevoelens ook verander na verloop van tyd.

Reaksies in haar studies direk na die miskraam het die volgende ingesluit:

hartseer, frustrasie, teleurstelling, woede en selfverwyt. In 'n opvolggesprek na

vier maande het die aanvanklike gevoelens plek gemaak vir 'n gevoel van hopeloosheid en gebrokenheid.

Dit is egter ook so dat daar, hoewel in die minderheid, vroue is wat ietwat verlig is oor die miskraam. Madden (1994:85) haal so 'n vrou aan wat aan haar navorsingsprojek deelgeneem het: "I don't know if you want to talk to me, because I'm not particularly upset about the miscarriage." Dit sou dus 'n denkfout wees om die aanname te maak dat *alle* vroue altyd eenders reageer op 'n miskraam.

Reinharz (1988:32) argumenteer egter dat die reaksie op miskraam universeel negatief is: "I have uncovered no instance of women experiencing miscarriage peacefully and comprehendingly...".

Wall-Haas (in Madden 1994:88) konkludeer dat algemene reaksies insluit depressie, ongeloof, 'n gevoel van nader wees aan die man, preokkupasie met die baba, en skuldgevoelens, asof hulleself vir die miskraam verantwoordelik sou wees. 'n Algemene stressor is dat die fetus gesien is as potensiële kind. Daar word ook in hierdie studie van Madden verskeie kere daarna verwys dat die algemene reaksie op die miskraam depressie is. 'n Beduidende persentasie vroue se depressie gaan oor in patologiese rou. Dit is egter vasgestel dat die akute depressie meer voorkom by beplande swangerskappe wat in 'n miskraam geëindig het.

Peppers en Knapp (1980:158) wys uit dat die gevoelens na 'n miskraam net so intens is as waneer 'n baba sterf. Die daaropvolgende swangerskap is oor die algemeen ook baie meer stresvol en angstigheid onder dié vroue is hoog.

Klaus en Kennel (1982) het bevind dat die binding van die moeder met die ongeborene dieselfde is as met enige ander kind. Trouens, oor die algemeen word die fetus reeds vanaf 8 weke swangerskap deur die moeder as "mens" beskou. Wanneer hierdie "mens" te sterwe kom, selfs voor geboorte, word daar gerou. Indien dit nie openlik geskied nie, dan in die geheim. En hier word die risiko vir patologie aansienlik groter.

Rosenblatt en Burns (1986:251) rapporteer 'n teleurstelling by baie vroue oor die ondersteuning van hulle mans in die dae na die miskraam. 'n Aantal respondente meld egter dat die miskraam hulle op die lange duur nader aan mekaar gebring het, selfs al was daar aanvanklik konflik. Dit is egter ook belangrik om van die aard van die verlies by hierdie vroue kennis te neem.

For some the loss felt was not loss of a baby, but rather loss of a dream or of hope of spouse support. What is grieved may be the child, but it may also be subsequent childlessness, the absence of a desired additional child, an unpleasant medical or marital experience associated with the loss, a loss of innocence, the end of feelings of invulnerability, a loss of faith that life is fair, or something else".

(Rosenblatt en Burns 1986:251)

3.7. Nie-manipuleerbare faktore wat ouers se ervaring van die verlies beïnvloed

3.7.1 Inleiding

Geen aspek van 'n ouer se lewe word onaangeraak gelaat deur die verlies van 'n kind nie. Reinhartz (1988:32) beweer dat die reaksies op die miskraam oorweldigend negatief is: "I have uncovered no instance of women experiencing miscarriage peacefully and comprehensively." Sommige faktore wat 'n rol speel is manipuleerbaar, terwyl ander totaal onveranderbaar is. Hierdie onveranderlikes word vervolgens onder die vergrootglas geplaas, asook die invloed wat dit het op die hele proses van hantering.

Brown (1993) meld dat die sleutel tot sukses in die hantering van hierdie soort verlies is om 'n begrip te probeer vorm van wat die verlies vir die moeder beteken het. "Some clients perceived the death of the baby as loss of a possession in accordance with society's tendency to see children as possessions... For other clients, it meant a loss of self-esteem and the image they had of themselves in the parent role" (Brown 1993:472).

Slade (1994:9) onderskei vyf kategorieë waarvolgens sielkundige uitvalle voorspel kan word. Hierdie kategorieë is die volgende:

- a) Demografiese eienskappe soos ouderdom, huwelikstatus, en sosiale stand.

- b) Algemene lewensgeskiedenis wat faktore soos psigiatriese insidensie en rou insluit.
- c) Aspekte van voortplantingsvermoë, soos infertiliteit, vorige miskrame en terapeutiese aborsies.
- d) Veranderlikes wat verband hou met die swangerskap, byvoorbeeld stadium van swangerskap en of dit 'n beplande swangerskap was.
- e) Die proses van die miskraam self: pyn en bloedverlies, die stres van hospitalisasie en die aard van die sorg wat verskaf is.

Elkeen van hierdie aannames van Slade word vervolgens tesame met ander bevindings bespreek.

3.7.1.1 Die oorsaak van die miskraam

Die oorsaak van die miskraam kan dikwels nie sonder enige twyfel vasgestel word nie. Die moeder is hier totaal afhanklik van die inligting van die geneesheer. Skuldgevoelens speel hier 'n baie groot rol by die moeder. Volgens Hunt (1984:270) worstel die vrou dikwels daarmee dat die miskraam plaasgevind het omdat sy iets gedoen het wat dit geïnduseer het. Het sy dalk te veel of inspannende werk of oefening gedoen? Dalk verkeerd geëet? Het dit dalk plaasgevind as gevolg van geslagsgemeenskap? Was die oorsaak dalk emosionele stres? Hunt (1984:270) stel dit dat die dikwels haastige verklaring van die geneesheer nie voldoende is om die emosionele impak van skuldgevoelens te bolwerk nie. Sy soek na 'n rede. Wanneer sy dit nie vind nie,

blameer sy haarself. Ook Seller et al (1993:342) het hierdie destruktiewe self-blaam uitgewys. "Guilt is often more focused in cases where the fetus is lost because of a genetic disorder, for parents will feel that it is their fault that their child is abnormal because they have passed on the gene".

Defrain (1991:217) toon aan dat daar 'n groot aantal oorsake vir die miskraam kan wees: abnormaliteit van die fetus, 'n hormoonwanbalans, defekte van die uterus, infeksie, ensomeer. Die probleem is egter dat min vroue ooit werklik vasstel wat werklik die oorsaak van die miskraam was. Defrain (1991:217) gebruik die voorbeeld van 'n baba wat sterf: sou 'n baba byvoorbeeld as gevolg van longontsteking sterf, aanvaar die ouers die oorsaak onmiddellik. Hulle het 'n antwoord gekry op hulle vraag. Maar in die geval van miskrame is dit nie altyd moontlik om vas te stel wat die oorsaak was nie. Hospitaalvoorskrifte vereis dikwels ook nie 'n rede nie, en daarom word daar ook nie baie ver na 'n rede gesoek nie.

3.7.1.2 Ambivalensie

Slade (1994:13) maak daarvan melding dat wanneer die swangerskap onbeplan was, daar aanvanklik 'n ambivalensie van gevoelens mag voorkom. In die meeste gevalle loop hierdie oënskynlike ongeërgdheid tog oor in die emosionele, en uiteindelik in depressie. Tog is dit ook so dat in uitsonderlike gevalle die ambivalente gevoelens oor die miskraam uitloop op 'n gevoel van

verligting, omdat die swangerskap werklik ongewens was. Dit is egter die uitsondering.

Brown (1993) meld dat, hoewel die verlies vir die meerderheid mense verpletterend is, daar tog ook diegene is wat verlig is daarna, veral wanneer die swangerskap op 'n ongeleë stadium voorgekom het. Dit wil egter voorkom asof hierdie kategorie meer verteenwoordigend is van ongewenste tiener-swangerskappe. Rosenfeld (1994:1682) meld dat in 'n studie wat gedoen is op 'n ewekansige wyse, waarin 13 tienerdogters ingesluit is, hulle sonder uitsondering verlig was oor die miskraam.

Hunt (1984:270) maak daarvan melding dat indien die moeder aanvanklik ontevrede was met die swangerskap, en selfs 'n aborsie oorweeg het, sy dikwels ambivalente of selfs diepe skuldgevoelens kan ervaar na die verlies van die baba.

3.7.1.3 Stadium van swangerskap

Uit die literatuur is dit duidelik dat die stadium van swangerskap nie 'n beduidende invloed op die reaksie van die betrokkenes het nie. Brown (1993:476) meld 'n geval waar 'n klient op 19 weke geaborteer het, en gemeld het dat sy nog nie "swanger gevoel" het nie. Die teleurstelling was egter groot. Dit was vir haar moeilik om aan die baba as 'n werklike persoon te dink. Die fetus is egter fisies begrawe, wat dit vir haar makliker gemaak het.

Brown (1993:476) meld verder dat sielkundige faktore ook nie geignoreer mag word nie. Die vrou mag miskien uitgeput wees as gevolg van 'n lang kraamproses, of in pyn as gevolg van 'n keisersnit. Verdowing kon moontlik die realiteit van die ondervinding weggeneem het. Baie vroue beleef die krisis van moedersmelk wat vorm vir 'n baba wat nie bestaan nie.

McClanahan (1983:4) maak daarvan melding dat, hoewel die duur van die swangerskap nie altyd dieselfde is nie, daar nie veel verskil is in die gevoelens wat die betrokkenes beleef nie.

Henley en Kohner(1991:6) meld ook dat die vrou aan haar swangerskap dink as 'n persoon, 'n mens. "If their pregnancy fails, it means for them, the loss of that baby and of all that that baby meant to them. This is true whether the loss occurs early or late in pregnancy."

Madden (1994:91) het egter bevind dat, na verloop van 16 maande na die geboorte van die volgende kind, moeders wat die vorige baba in 'n laat stadium van swangerskap verloor het, steeds baie hoër rou-ervaring getoon het as moeders wat hul babas in 'n vroeë stadium van swangerskap verloor het, of as enige vader op enige gegewe tydstip. Sy meld verder dat binding met die ongebore baba byna onmiddelik plaasvind nadat die swangerskap vasgestel is. Dit is volgens haar nie waar dat die moeder tydens die swangerskap "nader" kom, of 'n hegte band lê met die ongeborene nie. Die band wat aanvanklik

gevorm word, is baie heg. "Psychoanalysts have said that intra-uterine movements initiate the mother-infant bond, but these responses suggest that the bond can begin much earlier for the mother, sometimes from the moment she suspects she is pregnant" (Madden 1994:99).

3.7.1.4 Vorige ervaring van verlies

Dikwels is hierdie verlies die jong egpaar se eerste ervaring van ernstige verlies. Du Toit (1991:68) meld dat enige vorige ervaring van krisis of verlies waarskynlik min voorbereiding kan bied vir die dood van 'n kind, aangesien dit selde daarteen opweeg. Ondersteuning word dikwels deur ouers as ontoereikend ervaar relatief tot die verlies, en dra by tot die gevoel dat hulle nie begryp word nie, wat weer daartoe kan lei dat die ouers hulleself sosiaal isoleer. Die ouers ken dikwels niemand wat 'n soortgelyke ervaring gehad het nie.

By gebrek aan vorige ervaring, bring die miskraam 'n verrassingsselement mee wat geweldige verwarring kan veroorsaak. Sommige outeurs, soos onder andere Brubaker (1985:36), is van mening dat vorige ervaring van die trauma wel 'n versagtende effek op die intensiteit van die verlies kan hê. Die mening word gebaseer op bevindings dat ouers wat meer gevorderd is in jare, en gevolglik meer ervaring van verlies het, 'n laer insidensie van psigiatriese simptome tydens die rouproses toon. Die rede hiervoor is blykbaar dat hierdie ouers, as gevolg van vorige leerervaringe, sekere verwerkingstrategieë

aangeleer het vir die hantering van verlies. Dit lei tot meer volledige uitdrukking van gevoelens as wat die geval is by jonger ouers wat nog nie aan sodanige gebeure blootgestel was nie.

Slade (1994:10) maak die volgende stelling met betrekking tot verlies:

There is certainly an assumption that the duration of gestation has a profound impact on the emotional response to a miscarriage with later miscarriages leading to more negative responses. It is of interest that one would not necessarily postulate the same relationship for other relationships. For example, in the case of the death of a spouse the duration of the relationship would be likely to be considered a poor predictor of the emotional consequences in comparison with the quality and meaning of that relationship to the individual.

Vir sommige is die verlies van 'n swangerskap 'n simboliese verlies. Brown (1993) meld dat 'n klient dit gesien het as die onvermoë om 'n normale kind te hê. Ook Kowalski (1987:27) sien 'n miskraam as 'n simboliese verlies: "It is the 'loss of creation'... a new life created by the parents as an extension of themselves and their relationship at that time".

3.7.1.5 Ander kinders

Die afleiding word dikwels gemaak dat wanneer 'n miskraam voorkom by vroue wat reeds kinders in die wêreld gebring het, hulle die miskraam emosioneel beter hanteer. Slade (1994:9) het egter vasgestel dat so 'n afleiding foutief is: "There is certainly little to support the idea that whether a woman already has any children influences depressive symptoms."

Madden (1994:90) het egter bevind dat enkelvroue sonder ander kinders die verlies moeiliker hanteer.

Rosenfeld (1994:1682) het 'n onverwagte reaksie ontdek, naamlik dat vroue met ander kinders tuis geneig is om 'n baie hoër vlak van morbiditeit te hê. Die rede hiervoor is waarskynlik dat die vrou 'n onrealistiese vrees koester dat sy haar oorblywende kinders ook kan verloor. Verlies en dood is nou 'n realiteit. Die grens tussen lewe en dood is nou oorgesteek.

Rosenfeld (1994:1682) raak ook 'n baie belangrike saak aan, naamlik dat die ander kinders in die gesin direk deur die miskraam geraak word. Dit gebeur egter selde dat hulle deel uitmaak van gesprekke, en selfs berading. Kinders mag dalk ook skuldgevoelens ervaar, menende dat hulle jaloesie of afgunstigheid dalk aanleiding gegee het tot die dood van die ongeborene. Defrain (1991:222) verwys na die oorlewende kinders as die "...lost souls of the family crisis...". Ouers het dikwels self nie antwoorde oor waarom die

miskraam plaasgevind het nie, en kan derhalwe ook geen verduideliking bied aan die ander kinders in die gesin nie. Heel dikwels het hulle eenvoudig nie die geesteskrag om enigiets te verduidelik nie. Defrain (1991:222) wys egter op die ondersteuningsbron wat die ander kinders in die gesin vir die ouers kan wees.

Cecil (1994:1415) stel die saak van die verlies as ook 'n verlies vir die res van die gesin en uitgebreide gesin. "The baby who is lost through a miscarriage would not only have been the child of its father, as well as of its mother, but also the sibling of any existing children..." Ook hierdie mense het dikwels aandag nodig.

Rosenfeld (1994:1683) wys verder daarop dat wat ander kinders betref, moeders dikwels geneig is om meer en selfs oorbeskermend op te tree.

Op 'n positiewe noot het Cecil (1994:1418) bevind dat die ander kinders in die gesin vir die ouers 'n groot bron van hulp en troos kan wees. Dit is veral so wanneer dié kinders nog klein is, aangesien die ouers dan hulself ten volle kan ontferm oor die kinders.

3.7.1.6 Psigiese gesondheid

Emosionele ontwigting bring ook 'n bedreiging vir die betrokkenes se geestesgesondheid mee. Du Toit (1991:70) sê: "Die ouers se psigiese gesondheid gedurende die rouproses word tot 'n groot mate bepaal deur die

pre-morbiede vlak daarvan, omdat dit verband hou met die vermoë wat ontwikkel is om lewenskrisisse te hanteer." Die belangrikste hulpmiddel, naamlik die geestesgesondheid, kom juis in hierdie tyd onder skoot.

Slade (1994:5) stel twee vrae in hierdie verband: Hoe reageer vroue sielkundig op die miskraam? Watter faktore beïnvloed hierdie reaksie?

3.7.1.6.1 Geestesgesondheid van die ouers

In die *International Journal of Gynaecology & Obstetrists* (1997:80) word melding gemaak dat gemoedsversteurings, en veral depressie, onder die mees algemene psigiatriese siektes onder vroue is. Volgens hierdie bron is die verwagting dat vroue iewers in hulle leeftyd depressie sal ontwikkel 20%, terwyl die verwagting by mans 10% is. Die aantal depressiewe toestande verhoog tydens adolessensie, meer by meisies as by seuns. Hierdie statistieke styg egter skerp in beide geslagte wanneer trauma of hartseer beleef word.

Slade (1994) se studie toon aan dat tussen een vyfde en die helfte van vroue wat 'n miskraam beleef het, kort na die gebeure depressiesimptome toon.

Hy het bevind dat 43% van die vroue in sy studie direk na die miskraam 'n depressiewe reaksie getoon het, en in die daaropvolgende drie maande het die helfte hiervan 'n major depressiewe episode beleef.

Ook Madden (1994:89) het bevind dat depressie algemeen voorkom na 'n miskraam. Madden is egter versigtig, en maan dat daar nooit veralgemeen moet word oor die reaksie op miskrame nie. Sy oordeel dat daar stereotipes bestaan, wat dan lei tot verkeerde afleidings. Alle vroue ervaar nie die miskraam as so traumaties as wat dikwels voorgegee word nie.

3.7.1.6.2 Persoonlikheidsverandering

Du Toit (1991:70) maak die volgende aanname: "Subtiele veranderinge in die persoonlikheid van ouers in die rouproses wat dikwels permanent van aard is, word gepresipiteer deur die ervaring van 'n identiteitsverandering."

Knapp (1987:1966) beskryf hierdie toestand as "shadow grief". Hierdie veranderinge manifesteer nie oortoe nie. Dit kom voor asof die rou afgehandel is, maar daar is emosionele afstomping teenwoordig. Ouers is gevolglik nie in staat om met oorgawe op stimuli te reageer nie. Die toestand bly konstant, maar kom onder sekere omstandighede tot uiting, byvoorbeeld in die vorm van tranes, en altyd met 'n gevoel van treurigheid en angstigheid. Hierdie persoonlikheidsveranderinge beïnvloed dus nie die normale funksionering nie, maar dit het wel implikasies vir intieme gesinsverhoudings en sosiale verkeer.

3.7.1.6.3 Geskiedenis van onvrugbaarheid

Die afleiding word dikwels gemaak dat diegene wat 'n geskiedenis van onvrugbaarheid het, en dan tóg swanger raak, 'n groter risiko tot emosionele onstabiliteit het. Navorsers soos Garel et al (1993) en Friedman (1985) kon egter geen bewyse vir hierdie aanname vind nie.

Ook Madden (1994:90) stel dat die infertiliteit nie 'n wesenlike impak op vroue het nie. Wat wel 'n groot impak het, is vorige miskrame.

3.7.1.7 Fisiese gesondheid

Du Toit (1991:71) meld dat fisiese pyn dikwels tydens akute rou deur ouers ervaar word, veral oor die hart, arms en maag. Die manifestasie daarvan is so realisties dat dit dikwels as 'n gesondheidsprobleem beskou kan word.

Somatiese klagtes tydens die rouproses is algemeen. Bewyse is selfs gevind dat intense rou 'n persoon se immuunsisteem verswak.

Slade (1994:11) rapporteer ook fisiese probleme: "The fact that miscarriage may involve considerable pain, loss of blood, rapid hospitalization and then an operation is often neglected in the literature." Selfs sonder die emosionele verlies is al hierdie fisiese simptome hoogs stresvol. Slade (1994:11) meld ook dat traumatiese gebeurtenisse aanleiding gee tot die ervaring van

onwillekeurige terugflitse en nagmerries. "This work from post traumatic stress disorder provides a theoretical rationale for believing that the nature of the process of miscarriage may be important" (Slade 1994:11).

Rosenfeld (1994:1683) het vasgestel dat by vrouens wat berading ontvang het en beduidend minder besoeke aan die geneesheer gebring het, minder fisiese simptome van enige aard gemanifesteer het. Intussen het diegene wat geen vorm van berading of ontlasting gehad het nie, meer siektes opgedoen, wat oënskynlik niks met die miskraam te make gehad het nie, en in toenemende mate substansie soos tabak en alkohol, asook kalmeermiddels misbruik het.

3.7.1.8 Die huweliksverhouding as basis van die gesinsisteem

Uit die voorafgaande besprekings is dit duidelik dat die implikasies van die verlies van 'n ongebore kind ingrypend kan inwerk op alle verhoudings, insluitend die huweliksverhouding. 'n Aanslag word gemaak op die stabiliteit van die huwelik. Die huwelik is immers die primêre steunstelsel. Die algemene indruk bestaan dat "ouers op mekaar se skouers huil".

McClanahan (1983:4) meld dat wanneer die vrou egter in staat is om haar gevoelens te verbaliseer en haar man daarin kon deel, ontstaan daar 'n geweldige kongruensie van gevoelens. So kom sy agter dat sy oor 'n geweldige steunstelsel beskik wat sy nie gedink het ooit bestaan nie.

Lindberg (1973) se opmerking word egter weer in herinnering geroep: "Grief can't be shared. Everyone carries it alone, his own burden, his own way." Die vraag ontstaan onwillekeurig of die huwelik inderdaad bestand is teen hierdie aanslag wat die miskraam meebring.

Madden (1994:92) vermeld algemene klagtes van die vroue na die miskraam "Major conclusions are that reactions change over time, that wives are often disappointed with husbands' supportiveness, and lack of professional support systems... A number said loss brought them closer to spouses in the long run, including some who reported conflict initially."

Rosenfeld (1994:1682) kom tot die volgende gevolgtrekking: "A key factor in how a woman copes with a spontaneous abortion seems to be the quality of her marital relationship".

3.7.1.8.1 Effek van die verlies op die huwelik

Du Toit (1991:75) merk op dat die invloed van die rouproses dikwels dui op 'n hoë insidensie van huweliksproblematiek en selfs disintegrasie van die huwelik. Kander (1990:65) voer aan dat: "Marriage unites, grief places the emphasis on individuality." Ook Seller et al (1993:342) beweer dat die situasie kan ontstaan waar huweliksverwydering plaasvind wat selfs in sommige gevalle op 'n egskeiding uitloop.

Dit is egter ook ter wille van die perspektief belangrik om ag te slaan op die kwaliteit van die huweliksverhouding voor die miskraam. Sullivan (1987:574) wys daarop dat geslaagde huwelike beter ondersteuning bied, aangesien aangetoon is dat egpare wat langer getroud is, minder negatiewe gevolge ervaar. Verder het Sullivan (1987:574) bevind dat egpare wat meer eendersdenkend is ten opsigte van verskillende eienskappe, beter aanpas by mekaar tydens die rouproses, asook dat hul huweliksaanpassing weer met verloop van tyd verbeter.

Hiermee word die feit dat selfs 'n stabiele en gelukkige huwelik op die rotse kan beland as gevolg van 'n traumatiese gebeurtenis egter nie ontken nie.

3.7.1.8.2 Faktore wat die huweliksverhouding kompliseer

In gevalle waar die verlies skeiding tussen die egmaats bring, kan dit dikwels na sekere tendense herlei word.

In die literatuur word melding gemaak van begrippe soos "doodsheid" en "apatie" wat by een van of beide die ouers mag voorkom. Uiteraard sal alle verhoudings, ook die huweliksverhouding, hierdeur beïnvloed word.

Navorsers wys ook seksuele koudheid uit as belangrike aspek wat sekerlik enige huweliksverhouding sal raak. Wong (1980:387) beskou juis die vermoë om weer intiem te verkeer na 'n so 'n gebeurtenis, as 'n mylpaal.

Madden (1994:90) het bevind dat vroue dikwels hulle mans blameer vir die miskraam. Dikwels is hierdie blamering totaal ongegrond. Hierdie blamering word waarskynlik gebore uit passiewe aggressie.

3.7.1.9 Was die swangerskap beplan?

Garel et al (1993) het in hulle ondersoek minder onmiddellike depressiesimptome bevind by beide die ouers wanneer die swangerskap vir beide ongewens was. Hierdie ervaring is egter teen drie maande na die insident heelwat anders. Teen hierdie tyd het die werklikheid van die verlies die plek ingeneem van die aanvanklike gevoelens.

Slade (1994:13) wys op die kwessie van skuldgevoelens. Indien die swangerskap onbeplan was, en 'n miskraam sou plaasvind, kan daar 'n geneigdheid tot selfblamering wees: "...a woman with an unwanted pregnancy has an additional potential focus of self-blame which may enhance feelings of guilt."

Ook Madden (1994:89) het bevind dat negatiewe reaksies meer voorgekom het wanneer die swangerskap beplan was.

3.7.1.10 Die invloed van ouers en familielede

Die rol van ouers, familie en vriende is baie belangrik. Garel et al (1993) het bevind dat hoe beter die steunstelsels van die pasiënt, hoe sterker die egokrag.

Brown (1993:477) meld dat daar 'n neiging by familielede en vriende is om die ouers te vermy, onder die voorwendsel dat hulle privaatheid nodig het.

Brown maak verder die stelling dat hulle wel privaat wil wees, maar nie vervreem wil wees van diegene wat hulle op hierdie stadium so bitter nodig het nie: "...people in crisis will forever remember actions, comments, or nonverbal behaviours... One client recalled the pain she felt when a member of the health care team told her to think of this loss as 'just an abortion, not a real death'" (Brown 1993:477). Brown maak ook melding van kliënte wat geïsoleer gevoel het omdat hul vriende hulle vermy het.

McClanahan (1983:4) maak die stelling dat ouers wat 'n ongebore kind verloor, eintlik 'n dubbele verlies beleef.

Some wish that such a tragedy would simply 'go away'. Others haven't known or lived through such a loss, so they back away from the families, who know such a loss intimately. Consequently, those who suffer the loss of an unborn child experience the double loss of feeling cut or abandoned by their friends.

(McClanahan 1983:4)

Rosenfeld (1994:1681) verwys na onnadenkende, onsensitiewe opmerkings, en die verwydering wat dit bring tussen familie en vriende. Dikwels vind daar 'n vervreemding plaas tussen die ouers en hulle familie en vriende, wat dikwels die gevolg is van 'n onverklaarbare geïrriteerdheid en vermyding van mense wat vroeër 'n betekenisvolle rol gespeel het. Dit is die gevolg van 'n behoefte om te praat, 'n behoefte aan ondersteuning, wat nooit realiseer nie. Sy konkludeer: "The woman's family affects how she deals with grief. Women who feel that their families or husbands are not supportive are at increased risk of a morbid grief reaction" (1994:1682).

3.7.1.11 Onwillekeurige response

Slade (1994:14) wys op die onwillekeurige herbelewingsepisodes wat dikwels plaasvind. Drome, gedagtes, nagmerries, ensovoorts mag inbreek maak op die daaglikse funksionering van die vrou. Hierdie onwillekeurige manifestasies neem toe terwyl die vrou doelbewus probeer om haarself van die gebeure te distansieer, en mense en situasies te vermy wat dit in herinnering roep. Hoe meer sy dit probeer "vergeet", hoe meer duik die gedagtes en herinnerings in haar leefwêreld op, om haar sodoende te bedreig. Hierdie soort onwillekeurige manifestasies behoort op sigself 'n behoefte aan berading uit te spel.

3.7.1.12 Ouderdom van die moeder:

Die aanname word dikwels gemaak dat die ouderdom van die verwagte moeder 'n faktor behoort te wees by die antisipasie van psigiese uitvalle. Slade (1994:9) het egter bevind dat daar geen bewys gevind kan word dat die ouderdom van die vrou enige direkte verband het met emosionele insidensie op enige stadium nie.

3.7.2 Gevolgtrekking

Uit die bogenoemde inligting is dit duidelik dat die miskraam op bykans elke fase van die betrokkenes se lewe inspeel. Die konklusie wat hieruit gemaak kan word, is dat die pastor juis hiervan kennis moet neem, homself moet bemagtig en tot die situasie sal moet toetree. Die afleiding word gemaak dat daar dikwels byvoorbeeld huweliksprobleme ontstaan, en indien daar nie op diepgaande wyse na die oorsprong daarvan gesoek word nie, sal die koppeling van 'n skynbaar irrelevante situasie met die verlies van 'n baba vroeër in die huwelik nooit gemaak word nie.

Hierdie sake, wat genoem is, moet as merkers dien wat die berader kan help om die intensiteit van die probleem en velde van hulpverlening te identifiseer.

3.8. Begrafnisrituele

Dit is belangrik dat aan die saak van begrafnisrituele en -gebruike aandag geskenk sal word. Dit is juis hier, in die rituele wat 'n kultuur vir homself daarstel, dat die rouproses in 'n groot mate aan die gang kom. Dit is ook só dat dit sosiaal aanvaarbaar is om in die openbaar te rou by 'n begrafnis. Die begrafnis skep as't ware 'n forum waarop die bedroefdes hulle emosies kan uitleef. Juis hier lê die knoop met ouers wat 'n baba as gevolg van 'n miskraam verloor. Die hospitaal raak ontslae van die oorskot, en die lewe gaan skynbaar normaal voort. Soveel so dat die ouers van 'n baie belangrike voorreg ontnem word, naamlik om hulle gevoelens in die openbaar te wys. Deur die verswyging van die hele aangeleentheid, ook as gevolg van die ontbreking van 'n ritueel, word 'n belangrike skakel uitgelaat. In baie gevalle kom die rouproses nooit aan die gang nie. 'n Oorsig word vervolgens gebied van die waarde van begrafnisrituele, om daardeur aan te toon watter onreg daar eintlik gedoen word wanneer mense nie die geleentheid gebied word om die oorskot op hulle gebruikelike wyse te begrawe nie.

Bitter selde word die oorskot van 'n miskraam aan die ouers beskikbaar gestel. Hospitaalpersoneel raak eenvoudig daarvan ontslae. Dit ontnem die ouers die voorreg om te kan kies wat hulle daarmee wil doen. Soos weldra sal blyk, mag die waarde van 'n begrafnis egter nooit onderskat word nie. Mense het 'n behoefte aan die een of ander vorm van ritueel, om die oorgang van een fase na 'n ander te bewerkstellig. "Ritual has been widely recognised as an acknowledgement of tradition, marking a change in status for an individual, a family, or a community (Bosley en Cook 1993:69). Hierdie ritueel dien as 'n kruk om met die praktiese en emosionele werklikhede van die trauma rekening te probeer hou. Irion (1991:160) meld:

"Ritual is symbolic. Ritual is an effort to relate to an experience and to find meaning in it. Because such meanings may be difficult to articulate they are often acted out ritually".

3.8.1 Waarde van begrafnisrituele

Irion (1991:160) maak die volgende stelling: "Ritual is a specific behaviour or activity which gives symbolic expression to certain feelings and thoughts of the actor(s), individually or in a group." Hy verduidelik dat daar twee kante in die ritueel ingebed is: die sigbare, owerste deel wat simboliseer wat nie op die oppervlak sigbaar is nie, en die mitiese. Rituele bring die persoon in kontak met die mitiese. Ritueel is 'n poging om in kontak te kom met die gebeure en betekenis daaraan te heg. Omdat hierdie betekenis moeilik is om te artikuleer, word dit in 'n ritueel "uitgespeel". "Because ritual is a patterned response to a situation, it offers a model for imitation. It is an invitation to respond to a situation guided by the way others have responded in the past" (Irion 1991:161). Hy konkludeer dat begrafnisrituele 'n wyse is waarop simboliese betekenis uitgespeel kan word, wanneer dit moeilik is om dit in woorde uit te druk.

Imber-Black, Roberts en Whiting (1988:8) definieer 'n ritueel as volg:

Rituals are coevolved symbolic acts that include not only the ceremonial aspects of the actual presentation of the ritual, but the process of preparing for it as well. It may or may not include words, but does have both open and closed parts which are "held" together by a guiding metaphor. Repetition can be a part of rituals through either

the content, the form, or the occasion. There should be enough space in the therapeutic rituals for the incorporation of multiple meanings by various family members and clinicians, as well as a variety of levels of participation.

Kubler-Ross (1974:101) is van oordeel dat die naasbestaandes met die begrafnisrituele uitdrukking moet gee aan hulle persoonlike emosionele behoeftes. Dit behoort op só 'n wyse beplan te word dat die wense van die naasbestaandes bevredig kan word. Hulle doen dit "vir die oorledene", en daarom is daar baie sentiment rondom die wense, en die wyse waarop dit uitgevoer moet word.

Imber-Black et al (1988:50) onderskei vyf tema's in die ritueel: "(1) membership; (2) healing; (3) identity; (4) belief expression and (5) negotiation." Die rouSMART hoort tuis by "healing". "In every human life, there are times when personal and relationship healing is needed. Rituals to effect healing can be found in every culture's funeral rites, which simultaneously mark the loss of a member, facilitate the expression of grief, and point to a direction for ongoing life" (Imber Black et al 1988:54).

Irion (1991:159) stel dit soos volg: "Funeral ritual belongs to the very heritage of the human community." Hy lig verder uit dat waar begrafnisrituele vroeër hoofsaaklik in teologiese konteks geplaas is, het navorsing dit oor die afgelope paar dekades uitgelig as deel van die sielkundige en sosiologiese verstaan van die dood en verlies.

Dit is belangrik om op hierdie punt te wys na die Kerk se streng voorskrifte rondom begrafnisse en die rituele wat daarmee gepaard gaan. Dikwels word versoeke van familie afgewys deur die Kerk, omdat dit nie inpas in die Kerk se raamwerk, tradisie of voorskrifte nie. Volgens Irion (1991:161) het 'n puriteinse houding en 'n strewe na eenvoud 'n negatiewe kleur aan rituele verleen, omdat dit beskou is as leë pretensie. Intussen is die wêreld om ons in elk geval een groot stuk ritueel. Voorbeelde hiervan is koninklike huwelike en begrafnisse, die opening van die parlement, ensomeer. Selfs wanneer 'n vliegtuig opstyg van die grond af, gaan 'n ritueel dit vooraf!

Bosley en Cook (1993:75) maak melding van 'n respondent wie se oorlede moeder van Ierse afkoms was, wat 'n versoek tot die predikant gerig het dat 'n tradisionele Ierse lied tydens die begrafnisdiens gesing moes word. Die versoek is afgewys, omdat sekulêre musiek nie inpas in die kerklike tradisie nie. Dit het tot groot frustrasie gelei, en selfs jare nà die insident beleef sy die kerk negatief as gevolg van die rigiditeit ten opsigte van die liturgie. Bosley en Cook (1993:75) maak ook melding van angste en skuldgevoelens by agterblywendes omdat hulle dalk nie genoegsaam aan die wense van die oorledene uitvoer gegee het nie.

Sosiale druk maak begrafnisse baie duur. Kübler-Ross (1974:87) glo egter dat 'n eenvoudige ritueel vir die familie nodig is ter wille van die samesyn, die deel van herinneringe, en om openlik in die openbaar die realiteit van die dood te konfronteer. "... a time to say your last goodbyes, to begin to work through your grief, to make death real by actively participating in the preparation of the final service, to begin living again and growing through your experience".

Die waarde van 'n begrafnisritueel is waarskynlik geleë in die feit dat dit op 'n aanvaarbare wyse ruimte bied om openlik te treur.

Die navorsing van Swanson en Bennet (1982) het bevind dat hoe nader die beproefde aan die oorledene was, hoe groter waarde het die begrafnisritueel vir hom gehad.

Silvermann, Phyllis en Worden (1992:319) sluit by hierdie gedagte aan, wanneer hulle opmerk: "A mourner's reactions to grief, be they children or adults, cannot be understood in a simple linear model. How people accommodate to a death is affected by the meaning the funeral had to them, their relationship to the deceased, their ability to deal with feelings, and the reactions of significant others in the mourner's network." Bolton en Camp (1987) het bevind dat die mees betekenisvolle rituele dié was waaraan die beproefdes self kon deelneem. Die afleiding is verder gemaak dat die begrafnis 'n draaipunt is waartydens die verlies in die oë gestaar word, en waartydens die helingsproses 'n aanvang neem.

Kander (1990:182) pleit vir 'n openbare eerder as 'n privaat begrafnis. "Avoidance isolates; grief is the best experienced and shared."

Silverman et al (1992:319) is baie uitgesproke oor die ongemak van die Westerlinge met die dood. Die gevolg daarvan is volgens hom dat die begrafnis geminimaliseer en gedevalueer word. "A mourner's reactions to grief, be they children or adults, cannot be understood in a simple linear model. It is essential to understand the social context in which the mourner lives and acts" (Silverman et al 1992:320). Hulle skryf

latere emosionele probleme van agtergeblewenes toe aan die afwesigheid by die begrafnis.

Bosley en Cook (1993:69) wys op die terapeutiese waarde van 'n begrafnisritueel.

"Ritual has been widely recognized as an acknowledgement of transition, marking a change in status for an individual, a family, or a community. After a death, family members begin a transition process as they cope with their loss." Die bevinding is ook gemaak dat hoe nader die oorlewende familielid aan die oorledene was, hoe waardevoller is die begrafnisritueel vir hom/haar in die hantering van die verlies.

Brown (1993:474) stel dat dit opmerklik is dat mense van die platteland wat spontaan aborteer, of wie se baba sterf, die oorskot met hulle wil saamneem huis toe, om daar te gaan begrawe.

Bogenoemde inligting onderstreep weer die feit van die geweldige leemte wat geskep word vir die miskraamslagoffer vir wie daar nie 'n begrafnis is waarin hy sy/haar leed kan uitspeel nie. "An unacknowledged loss can be very difficult for a family. In many instances there are no formal rituals that can be utilized to validate the feelings of grieving family or friends. For example, when a miscarriage has occurred, there are no recognized ways of saying good-bye to the child that was never born" (Bosley en Cook 1993:80). Die navorsing van Jackman (1993:93) toon aan dat die moeder van die ongebore baba in die meeste gevalle nie die fetus gesien het nie, en ook nie geweet het wat daarvan geword het nie. *Talle van hierdie moeders wonder steeds wat die hospitaalpersoneel met die fetus "gedoen" het.* Die navorsing beveel dan uiteindelik

aan dat die ouers, hoe traumaties dit ook al vir hulle mag wees, wel in die proses geken moet word. Die besluit of die oorblyfsels van hierdie swangerskap begrawe moet word of nie, behoort as opsie aan die ouers gestel te word. Al die moeders in Jackman (1993:93) se navorsing, ongeag die stadium van swangerskap ten tye van die miskraam, het aangetoon dat hulle deel van die besluitnemingsproses sou wou wees. Die behoefte aan die een of ander vorm van rituele handeling word hierdeur onderstreep.

Silverman et al (1992:319) stel dit dat die Westerse wêreld 'n ongemak het met die dood en die begrafnis. Hy noem dit 'n soort "nuwe pornografie", aangesien dit iets is waaroor nie gepraat is nie, en veral word gevoelens nie in die openbaar gewys nie. "Rituals such as the funeral are minimized and devalued" (Silverman et al 1992:319).

Die navorsing van Irion (1991) toon egter hoe 'n begrip van die begrafnisritueel die proses meer effektief maak, en dat dit 'n onontbeerlike hulpmiddel is in die hantering van die dood en beproewing. Hy meld dat waar die begrafnis in die verlede eksklusief om teologiese en liturgiese handeling gesentreer het, dit vandag duidelik geword het hoe die ritueel ook psigologies en sosiologies bydra tot die integrering van die werklikheid van die dood in die agtergeblewene se lewe. "We see funeral rituals as means of acting out symbolic behaviour that carries meanings difficult to communicate only in words. It is a way of freeing people to act out feelings or meanings that might not be expressible otherwise" (Irion 1991:161).

Dit is dus baie duidelik dat hierdie ontbrekende skakel, die begrafnisritueel, negatiewe gevolge vir die ouerpaar kan hê. In die voorstel tot sinvolle hantering van die ouerpaar en hulle emosies, sal duidelike aanbevelings in hierdie verband gemaak word.

Vervolgens word kortliks kennis geneem van die gebruike in die Bybelse tyd, en die betekenis daarvan vir die gemeenskap van gelowiges, en die agterblywende familie.

3.8.2 Die teologiese betekenis van die begrafnisritueel

De Vaux (1978:56) se werk handel oor die betekenis van die begrafnisritueel in Oud-Israel. Hy stel dat, vir Oud-Israel, 'n fatsoenlike begrafnis onontbeerlik was. Die naaste familie het die liggaam van die afgestorwene versorg en voorberei vir die begrafnis. So 'n liggaam is ten volle geklee in die graf geplaas.

Daar bestaan nie aanduidings van die tydsverloop tussen die afsterwe en die werklike begrafnis nie. De Vaux (1978:57) stel dat die 70-dae routydpark by Jakob se liggaam uitsonderlik lank was. Deuteronomium 21:22 en 23 beveel dat die liggame van persone wat tereggestel word, voor die nag verwyder moes word. Liggame is ook nie verbrand (veras) nie, met die uitsondering van dié van kriminele oortreders.

Die normale Israelitiese graf was 'n "kamer" wat uit sagte rots gegrawe is, of alternatiewelik 'n natuurlike opening onder 'n rots. Die soort graf sou afhang of die familie welgesteld was of nie.

Sodra die nuus van die sterfte ontvang is, het die familieleden hulle klere geskeur as teken van rou. 'n Kledingstuk van growwe materiaal is dan aangetrek, en die roubeklaers het hulle skoene uitgetrek en hoofbedekkings verwyder. Grond of as is oor die hoof gestrooi, en die persoon het selfs fisies in die as gaan sit. Roubeklaers het ook hulle hare en baarde afgeskeer, en hulleself fisies stukkend gesny. Laastens is daar ook nie gedurende hierdie tyd enige voedsel voorberei nie. Bure het gewoonlik voedsel voorsien, aangesien die huis waar die sterfte plaasgevind het, onrein was, en geen voedsel in sulke omstandighede voorberei is nie.

Tydens die begrafnis is die naam van die oorledene kort-kort uitgeroep, asook die sogenaamde "wee" - uitroepe. Die betekenis van al hierdie rituele is volgens De Vaux (1978:61) 'n vorm van uitdrukking van emosie en hartseer oor die verlies van 'n geliefde.

3.8.3 Die vroeë Christene

"Funeral ritual belongs to the very heritage of the human community" (Rutherford 1980:3). Rutherford impliseer hiermee dat daar sekerlik nie 'n nasie onder die son is vir wie die dood nie 'n ernstige aangeleentheid is nie, en wat nie rondom die begrafnis sekere gebruike en rituele handhaaf wat eie aan hulle eie kultuur is nie.

Rutherford (1980:15) merk verder die verskil op tussen die rouprosesse van Christene en heidene, in die vroeë kerk. "In Christian funeral orations one is struck by the way in which faith in life and resurrection renders *mourning* unchristian, whereas it respects

the genuine *grief* of the bereaved. In fact this faith becomes the greatest source of consolation for that grief. Mourning the deceased in pagan culture flowed from despair." Vir die Christen was daar nog altyd hoop, selfs oor die graf heen.

Om na die dooies om te sien was nog altyd 'n intergrale deel van die Christendom. Hierdie praktyke en rituele rondom die hantering van die dooie totdat hy te ruste gelê word, het ontwikkel uit kerklike tradisies.

Aan die einde van die Middeleeue is addisionele formaliteite rondom die begrafnis van kinders ontwikkel. Die oorsprong hiervan lê volgens Rutherford (1980:84) in die ondubbelsinnige geloof in die liefde van God, selfs ook vir kinders, en by name *gedoopte* kinders. Wat veral opvallend van hierdie begrafnisdienste was, was die klem wat geplaas is op die kind se totale onskuld voor God. Dit het dan veral ook gegeld vir babas wat sterf, en vir kleuters wat nog nie as toerekeningsvatbaar beskou is nie.

3.8.4 Die ontwikkeling van begrafnisrituele in historiese perspektief

Van die vroegste tye af is daar na die oorskot van oorledenes omgesien. Rutherford (1980:37) meld dat daar in die vroeë Christelike Kerk sekere formules was waarvolgens met die dooies gehandel moes word. In die tyd van Pous Gregorius die Grote is dié reëls op skrif gestel. Hierdie voorskrifte het as normatief in die Roomse Kerk gegeld.

Die geografiese plek waar die begrafnis gehou is, het bepaal hoedanig die vorm daarvan sou wees. In stede, byvoorbeeld, is begrafnisse uit groot katedrale gehou, terwyl 'n verskeidenheid geestelikes daaraan deelgeneem het. Op die platteland was die geleentheid noodwendig eenvoudiger.

Uit die voorafgaande besprekings is dit duidelik dat ritueel nog altyd 'n belangrike deel van die dood van 'n geliefde uitgemaak het. Veral in die kerklike tradisie is daar baie gebruike wat betekenis gee aan die begrafnis, wat uiteindelik meewerk tot die verwerking van die dood van 'n geliefde. Vir die gelowige is daar ook die teologiese betekenis van die begrafnis, waar 'n simboliese opstaan saam met Jesus 'n belangrike rol speel.

3.9 Die rol van godsdiens

3.9.1 Die invloed van die verlies op die ouers se godsdienstige belewenis

Du Toit (1991:111) maak die stelling: "Dit blyk dat godsdiens een van die belangrikste faktore is wat 'n invloed uitoefen op die verwerking van die verlies."

Dit hang natuurlik ook af in watter mate die ouers hulle geloof beleef het voor die verlies. Hierdie soort verlies dra in hom ook 'n tweekantige potensiaal: godsdienstige beleving word enersyds deur die verlies beïnvloed, maar andersyds is godsdiens ook 'n metode tot verwerking en 'n bron van ondersteuning. Geloof kan groei deur krisis.

Die navorsing van Brown (1989:460) is baie insiggewend. Hy is van mening dat blanke, Protestantse gesinne eintlik swak voorbereid is op die hantering van tragedies. Hy skryf dit toe aan 'n gebrek aan rituele, 'n sterk sin vir outonomie, en die ontmoediging van verbale gevoelsuitdrukking. Daarteenoor word Jode as goed voorbereid beskou om lyding te verwerk, omdat hulle sterker fokus op die vloei van die lewensiklus. Jode word beskou as 'n ekspressiewe etniese groep met 'n tradisie van medelye en gedeelde lyding, wat deel van hulle etniese erfenis geword het. Katolieke verwag baie ondersteuning van hulle priester, terwyl Protestante veral meelewing en belangstelling van hulle predikant en medegelowiges, die gemeente, verwag.

Slabber (1987:63) beskryf die toetsing van haar eie godsdienstige lewensfilosofie as 'n proses waarin sy alles waarin sy geglo het, moes heroorweeg in die lig van die dood van haar eie kind. Dit blyk dat haar geloof en godsdienstige oortuigings vir haar waardevolle ondersteuning gebied het.

Bosley en Cook (1993:74) maak die opmerking dat hoewel baie mense nie meer aktief ingeskakel is by 'n denominasie nie, hulle tydens die dood en begrafnis hulself groepeer binne die kerk of groepering waarin hulle grootgeword het. Dit bied vir die Kerk 'n gulde geleentheid om afgedwaalde lidmate weer ingeskakel te kry, om uiteindelik hulle verlies sinvol te verwerk.

3.9.2 Godsdienst as verwerkingstrategie

Du Toit (1991:114) merk op dat ... "die effektiwiteit van godsdienst as 'n beskikbare bron van informele ondersteuning tydens die rouproses, deur verskeie faktore bepaal word." Die geslaagdheid van godsdienst as 'n verwerkingstrategie, hang meesal af van die mate waarin dit antwoorde aan ouers verskaf op verskeie aspekte wat deur die verlies aangespreek word.

Die volgende is vir Du Toit (1991:114) belangrik:

- a. Die opregtheid en oortuiging van die geloof.
- b. Gesonde en ongesonde geloof.
- c. Betrokkenheid by godsdienstige aktiwiteite en rituele.

Sanders (1980:319) beskou insidensie van kerkbesoeke as indikasie van godsdienstige betrokkenheid. Sy het bevind dat meer gereelde kerkgangers meer optimisties is, en ook meer sosiaal aanvaarbaar optree. Hulle is egter ook meer geneig om gevoelens en simptome van rou te onderdruk. Wanneer hierdie gereelde kerkgangers boonop goeie interaksie met familie lede ervaar, toon hulle, in vergelyking met ongereelde kerkgangers wat min kontak met familie het, beduidend minder somatiese en psigiese simptome, depressie, woede en gevoelens van isolasie. Verder is hulle beduidend meer optimisties en tree hulle meer sosiaal aanvaarbaar op. Die feit dat die verskille nie so

duidelik is wanneer kerkbywoning alleen vergelyk word nie, toon weer die belangrikheid van familie en sosiale netwerke tydens krisisperiodes.

Du Toit (1991:118) meld dat godsdienstige ouers minder geneig is om skuldgevoelens te ervaar omdat hulle beter daarin slaag om 'n dieper doel daarin te sien as ongelowige ouers. Ouers wil graag 'n verlies binne 'n betekenisvolle konteks plaas.

Brown (1993:475) koppel die godsdienstige aspek aan die sosio-kulturele situasie van die betrokkenes: "A hospital chaplain once commented that during a crisis people often turn to a long-forgotten faith, just as they do at Christmas or Easter." Dit is belangrik om vas te stel of hulle God blameer vir wat gebeur. Sien hulle die gebeure as die Wil van God, of die noodlot?

3.10 Die effek van terapeutiese ingrype

Navorsing dui aan dat daar eerstens 'n noodsaak is om te verstaan dat 'n miskraam traumaties beleef word, en dat terapeutiese ingrype noodsaaklik is en positiewe waarde het. "Anecdotal evidence suggests that follow-up focusing on emotional experiences may have beneficial effects" (Lee, Slade en Lygo 1996:47). Lee et al (1996) se navorsing toets die hipotese dat die sielkundige ontladingsproses positiewe gevolge mag hê vir emosionele heraanpassing. Die resultaat van die navorsing het getoon dat die vroue wat na 'n miskraam behandeling ontvang het, na 'n maand beduidend minder angste en depressie getoon het. 'n Opvolg-evaluasie na vier

maande het getoon dat hierdie vroue hulle lewens weer konstruktief hervat het, terwyl die kontrolegroepe sonder uitsondering depressief was en angs beleef het.

3.10.1 Fasilitering

In die 19e en vroeë 20ste eeu, is babas tuis gebore. Thomas (1993:6) dui aan dat die sterftesyfer onder babas in hierdie tydperk ook baie hoog was, so hoog as 30%. Wanneer die baba doodgebore is, of vroeg gesterf het, is die liggaam deur die familieledes self versorg. Foto's is geneem. Dit was 'n familieaangeleentheid. Die liggaampie is vasgehou, en daar is getreur. So 'n babaliggaam is in 'n oop kis geplaas, sodat familie, vriende en bure hulle eer kon betoon.

Intussen het gebruike drasties verander. Babas word hoofsaaklik in hospitale gebore. Sou 'n miskraam plaasvind, of 'n baba sterf, word die ouers "beskerm" deur die hospitaalpersoneel. "...the psychological sequelae of stillbirth or neonatal death were largely overlooked in publications on clinical practice" (Thomas 1993:295).

Hierdie "makliker maak" van die prosesse, waarin die oorledene in 'n kliniese omgewing gehanteer word, het skynbaar op die lange duur negatiewe gevolge. Die feit dat ouers en familie 100 jaar gelede self die lyk uitgelê het, versorg het, in 'n oop kis geplaas het, en dit daar was ter besigtiging het 'n positiewe terapeutiese impak gehad. Dit was hartseer, dit het die naasbestaendes in 'n

emosionele proses geplaas, hulle is gekonfronteer met die slegste van slegte ervarings. Maar dit was noodsaaklik, omdat dit helend was. Ons maak dit vandag makliker, maar terselfdertyd ook moeiliker, omdat die gesondwordproses nie aan die gang kom nie.

As in berekening gebring word dat die rouproses, ook oor die ongeborene wat sterf, noodsaaklik is vir suksesvolle heraanpassing, is dit duidelik dat hier 'n groot leemte bestaan. Hierdie ontkenning van die situasie spruit dikwels voort uit 'n verleentheid met die dood.

3.10.2 Gesinsdinamiek

Sommige egpare word baie sterk deur hulle ouers beïnvloed, en wanneer 'n krisis soos 'n miskraam opduik, blyk dit dat hulle baie sterk terugval op die dinamiek binne die gesin van oorsprong. Brown (1993:475) maak melding van 'n egpaar wat byvoorbeeld alle besluite uitgestel het totdat hulle ouers wat met vakansie was, teruggekeer het.

3.10.3 Erkenning van die verlies

Uit die literatuur is dit duidelik dat daar 'n behoefte by ouers bestaan dat die miskraam as verlies erken moet word. Thomas (1993:295) stel: "It is now time to take stock and listen to the silent grief of mothers who do not dare to rock

the boat by a seemingly requesting that society should view the pre-viable fetus as her own special baby."

Rosenfeld (1994:1681) se siening sluit hierby aan, naamlik: "Society has no way of recognizing the loss of an unborn child." Dit is waarskynlik die enkele grootste rede waarom ondersteuning nie gesoek word nie. Dit is ook die rede waarom die hartseer dikwels nie geverbaliseer word nie: niemand dink dit is ernstig nie; niemand weet werklik watter reaksie die miskraam teweegbring nie. Rosenfeld (1994) maak die stelling dat die familie en vriende dikwels die onderwerp vermy omdat hulle dink dat die blote verwysing daarna die ouers sal aanstoot gee. Intussen smag die ouers na iemand wat net geringe aandag wil skenk. Heel dikwels word die hartseer egter na binne gerig, omdat naasbestaandes onbewustelik die treurendes die geleentheid ontnem waaraan daar so 'n geweldige behoefte bestaan.

3.10.4 Informele strategieë

Brown (1993:477) stel voor dat informele strategieë om die verlies te verwerk, moet insluit dat daar opvoeding met betrekking tot rou moet plaasvind: "Clients need to know that they are not losing their minds and that they will not always feel as much pain as they do now." Hulle behoort kennis te neem van die belangrikheid van oop kommunikasie, en dat die gebrek daaraan baie destruktief kan inwerk op verhoudings.

3.10.5 Informatiewe waarde

Tydens die krisis wat ontstaan rondom die verlies van 'n baba, het ouers ondersteuning baie nodig. Dit is ook noodsaaklik dat ouers ingelig sal word oor moontlike keuses wat hulle kan uitoefen: "...staff help parents by using counselling skills when giving information and by offering them choices" (Thomas 1993:295). Hierdie keuses sluit in of die swangerskap moet voortgaan, en of dit liever beëindig moet word wanneer abnormaliteit by die fetus ontdek word.

Lee et al (1996:54) meld dat vroue tydens berading ook soek na mediese antwoorde. Dit is derhalwe nodig dat die berader ook 'n mate van mediese kennis moet hê om die vrae te kan beantwoord. Dit is uiteraard onmoontlik dat hierdie persoon ten volle op die hoogte moet wees van alle aspekte, maar 'n basiese kennis is nodig. Dit is interessant dat 'n groot aantal ouers by berading ingeskakel het met die doel om inligting te verkry, eerder as om terapeutiese ondersteun te word. Na afloop van die terapie, het hulle egter gemeld dat die terapie onontbeerlik was.

Brown (1993:477) meld dat dit vir mense baie moeilik is om besluite te neem wanneer 'n krisis hulle tref. Daar word baie gesteun op die insette van ander. Dit is derhalwe noodsaaklik dat inligting korrek en verantwoordelik deurgegee word.

3.10.6 Die verwerking van die verlies

In die VSA en die Verenigde Koninkryk is daar tans 'n toenemende bewuswording van die verlies wat 'n miskraam teweegbring. "The House of Commons Health Committee (1992), reporting on maternity services, recognised the need for sensitivity in the care and support given to bereaved families and recommended the Stillbirth and Neonatal Death Society (SANDS) guidelines as a basis for training. 'All units', the report states, 'should ensure that such training is given to staff in a properly designed way'" (Thomas 1993:295). Thomas meld verder dat in die Verenigde Koninkryk daar 'n groeiende bewustheid is daaroor, nie net dat treurende ouers berading benodig nie, maar ook dat diegene wat met hulle werk, behoorlike beradingsvaardighede moet aanleer.

Thomas (1993:295) dui verder aan dat formele berading op hierdie stadium direk na die miskraam nie noodsaaklik is nie, maar in die daaropvolgende maande 'n dringende behoefte word.

"Facilitative strategies assist clients to incorporate the loss into their lives and help them deal with the policies, procedures, and legal requirements There are many ways to help make the baby and the loss real. Memories are created by encouraging parents to see, touch, hold, and say goodbye to the baby" (Brown 1993:477). Brown oordeel vervolgens ook dat dit baie belangrik is om die baba 'n naam te gee, omdat dit 'n groot mate van realiteit meebring.

Deur middel van die skryf van 'n briewe of 'n dagboek, of selfs gedigte aan die kind, word die verlies werklik gemaak.

3.10.7 Hospitalisasie en die houding van mediese personeel

Die houding en gesindheid van die hospitaalpersoneel is van kardinale belang vir die hantering van die verlies. Hulle is die eerste persone met wie die ouers na die trauma kontak het. "For years, staff have suppressed the feelings evoked by a baby's death at whatever gestational age, yet these feelings have an important role. The way staff care for parents' emotions in hospital and at home can have long-term benefits in reducing psychiatric illness" (Thomas 1993:296).

Slade (1994:11) maak ook daarvan melding dat die aard van die mediese personeel se optrede die emosionele aanpassing beïnvloed. Garel et al (1992) maak 'n belangrike opmerking in hierdie verband: "...that low satisfaction with medical care was a significant predictor of the experience of a depressive episode within the first three months..."

Leask (1991:22), 'n verpleegster wat self 'n miskraam gehad het, merk op dat ten spyte van hul opleiding en vaardighede, mediese personeel steeds bang is vir ander mense se emosionele pyn, veral wanneer daar weinig is wat hulle daaraan kan verander. "By recognizing that perinatal death may comprise many losses, health professionals can acknowledge that this child's life had value and

can assist the client and family to grieve and begin the healing process"
(Brown 1993:478).

Reeves en Bullen (1994:387) maak ook 'n belangrike stelling met betrekking tot die mediese sorg: "It is crucial that the attitude of ED (Emergency Department) personnel not make the patient feel that she is being treated as just another 'case' or 'procedure' when in fact she feels that the loss of her child or part of herself is occurring." Hulle stel voor dat hierdie pasiënte benader word in die lig van die geweldige verlies wat hulle beleef.

3.10.8 Berading

Uit al die bronne blyk dit duidelik dat die een of ander vorm van fasilitering noodsaaklik is. Bokram (1992:66) se navorsing het bevind dat: "...what we needed was a place where victims could talk to other victims, realize they are not crazy, and go over the incident again and again, if need be, until they reached a level of acceptance and developed a rationale enabling them to resume normal, day to day functioning."

Thomas (1993:296) pleit vir intensiewe bemoeienis met die ouers: "Counselling cannot be a 5-minute chat; it is a formal contract with parents who have asked for help. Parents are offered a time when they can be listened to." Die kritieke tye wanneer berading noodsaaklik is, is volgens Thomas op ses weke, drie, ses, en 12 maande na die voorval. Wanneer berading behoorlik gedoen word,

het dit waarde vir beide die ouers en die berader, omdat dit die ouers help om die ervaring van isolasie en verwarring wat hulle beleef, beter te verstaan.

Slade (1994:9) het bevind dat vroue wat 'n vorige ervaring van konsultasie met betrekking tot psigologiese probleme gehad het, minder depressief is op een maand na die miskraam. Die rede hiervoor is waarskynlik die positiewe impak wat die vorige beradingsessies reeds op die persoon gehad het.

Brown (1993:476) stel die volgende strategieë voor tydens berading: herstel, eerbiedig en bevorder die waardigheid van die vrou, haar baba en haar familie. Verder moet ondersteuning ook gebied word, met die doel om te versterk en aan te moedig. Informatiewe inligting moet verskaf word, omdat hierdie vrou noodwendig baie vrae het. Fasilitering is nodig om die verlies te verwerklik en uiteindelik te verwerk. Dit sluit ook die versekering in dat die rou aanvaarbaar is.

Rosenfeld (1994:1683) stel voor dat wanneer die geneesheer en mediese personeel, asook die naasbestaandes, na die miskraam verwys, daar van die "kind" of "baba" gepraat sal word. Op hierdie wyse word menswaardigheid aan die situasie verleen, en die klimaat vir verdere konsultasie positief beïnvloed. Verder is Rosenfeld (1994:1683) daarvan oortuig dat die één, mees konstruktiewe aksie, indien enigsins moontlik (afhangend van die stadium van swangerskap), is om die "kind" aan te raak.

3.10.9 Die rol van die predikant

By 'n later afdeling wat in diepte sal handel oor die rol van die pastor, en waar aanbevelings ook gemaak sal word, word die rol van die predikant in meer diepte bespreek. Enkele opmerkings in dié verband word voorlopig gemaak.

Die predikant was nog altyd op die een of ander wyse betrokke by die nood en leed van mense. Daar word na hom opgesien as die geestelike vader van die gemeenskap. Hy moet daarom oor sekere vaardighede beskik om sy rol ten volle uit te leef. Dit gevaar bestaan sekerlik ook dat daar 'n rolverwarring by die pastor kan ontstaan, of dat hy/sy homself/haarself as 'n quasi-sielkundige kan begin beskou. Dit is nie die bedoeling nie. Feit bly egter dat hulle in die eerste plek die pastors is wat uit die Woord moet kan help sin maak uit die gebeure van hulle gemeentede. Hulle beskik oor die teologiese agtergrond, maar dikwels nie oor die terapeutiese vaardigheid om hierdie situasies aan te spreek nie. Deur middel van die aanleer van 'n paar eenvoudige tegnieke, behoort hulle egter bemagtig te word om dié verleentheid te oorbrug.

"In one way or another, the Christian pastor throughout the centuries has been involved with persons in time of crisis and distress. He has always in this sense been a counselor." (Switzer 1970:29). Switzer meld verder dat daar in die twintigste eeu as gevolg van nuwe begrip, en nuwe metodologieë wat aan die psigiatrie en sielkunde ontleen is, tot 'n nuwe vlak van effektiwiteit in pastorale betrokkenheid gevorder is.

Whitlock (1970:38) spreek die mening uit dat elke pastor, ten minste in 'n ondersteunende hoedanigheid by die lidmaat in krisis betrokke moet raak.

Hunt (1984:265) het jare gelede reeds 'n artikel met die titel "Pastoral Care and Miscarriage: A Ministry long neglected" geskryf. Die doel van die artikel was die bewusmaking van die pastor van die krisis rondom miskrame. Hy stel dit dat die pastor nie betrokke raak nie, omdat hy nie ingelig is nie. Die rol van pastorale ingrype is volgens hom egter imperatief. "Miscarriage is a crisis in a woman's life little understood by most clergy" (Hunt 1984:265). Omdat baie miskrame vroeg in die swangerskap plaasvind, is baie pastors nie bewus van die swangerskap nie. Maar selfs wanneer hulle dit later uitvind, is daar min wat op 'n betekenisvolle wyse daarop reageer, en Hunt (1984:265) kom tot die gevolgtrekking dat: "...they often feel awkward, not wanting to intrude in a scene they don't understand. At worst, they fail to realize the importance of what has happened...".

Tucker (1989:11) meld die feit dat miskrame in kerklike terme dikwels oor die hoof gesien word. Sy wys daarop dat aangesien statistiek aantoon dat ongeveer 25% van alle swangerskappe op 'n miskraam uitloop het, die pastor kan aanneem dat wanneer hy Sondagoggend vanaf die kansel op sy gemeente neerkyk, ten minste 'n vyfde van hulle die trauma van 'n miskraam beleef het. In hierdie navorsing het moeders vermeld dat hulle opmerkings soos die volgende beleef en aangehoor het: "Dit was God se wil", "Die baba sou nie normaal

gewees het nie, daarom is dit beter so", "Dit is die natuur se manier", "Jy sal weer swanger raak", en selfs "Wees bly dat jy nie geheg geraak het aan die baba nie". Hierdie soort opmerkings minimaliseer die probleem, en ontketen dikwels 'n woede in die moeder.

Hunt (1984) stel 'n aantal stappe voor wat die pastor kan help in die hantering van die trauma van gemeentelede na 'n miskraam:

- a) Die pastor moet beskikbaar wees.
- b) Hy moet begrip hê. Logiese beredenerings in die eerste stadiums na die miskraam is ongewens. 'n Kind is dood. Die ouers rou.
- c) Dit is noodsaaklik dat die pastor sal eksploreer wat die betekenis van die gebeure vir die vrou is. Beskou sy dit as 'n vorm van straf?
- d) Hy moet onbevooroordeelde luister. Té dikwels word die pastor beleef as 'n persoon wat gedurig oordeel uitspreek oor wat reg is en wat sondig is. Die ouers moet selfs kan verbaliseer wanneer hulle aggressie teenoor God het.
- e) Hy moet 'n katalisator van voortgaande ondersteuning wees. Hy hoef nie noodwendig self die terapeutiese behandeling waar te neem nie. Verwysing kan deur hom gedoen word na ander professionele persone, maar wat belangrik is, is dat dat hy 'n onmisbare skakel vorm in die proses.

Ten slotte is pastorale sorg 'n voortgaande sorg, en nie net krisisingrype nie. Mettertyd ontstaan talle geloofsvrae. Is alles wat met 'n mens gebeur, werklik die wil van God? As God 'n miskraam kan veroorsaak, kon Hy nie dan ook 'n gesonde, normale baba "veroorzaak" het nie?

"The grief is not magically gone. The minister has no cure to offer. And yet there is a faith to be shared, a love to be known, a comfort to be felt" (Hunt 1984:276).

3.11 Samevatting

Uit die gegewens in die literatuur, kom die nood rondom 'n miskraamsituasie duidelik na vore. Verskeie faktore beïnvloed mense se persepsies rondom 'n miskraam. In die volgende hoofstuk word teologiese teorieë verken. Dit is nodig om ook 'n Bybelse perspektief op pre-natale lewe te verkry.

HOOFSTUK 4

VERKENNING VAN TEOLOGIESE TEORIEë

'n Teologiese perspektief op lewe is noodsaaklik, aangesien die betekenis van lewe noodsaaklik is vir die verstaan van die prosesse rondom die dood. Anders gestel: wanneer ons agterkom wat die Bybel oor die lewe sê, sal ons ook noodwendig agterkom wat die Bybel oor die dood sê. So vind ons dan 'n sleutel tot die verstaan van die trauma wat mense beleef rondom die dood.

Die dood was en is nog altyd 'n prominente tema in die kerklike bediening. Sterwensbegeleiding het ontwikkel tot 'n gespesialiseerde aksie, asook pastorale bewoëndheid ten opsigte van die geliefdes wat agterbly.

Aangesien hierdie studie gewy word aan die impak wat 'n miskraam het op die lewe van gelowiges, word groter fokus daarop geplaas. Daar sal weldra aangetoon word dat die dood van 'n fetus inderdaad ook gelykgestel kan word aan die dood van 'n geliefde. Aanhalinge uit die Bybel word gedoen uit die Nuwe Afrikaanse vertaling: 1987.

4.1 Bybelse perspektief

Om te verstaan watter verlies beleef word wanneer 'n miskraam plaasvind, moet eers 'n begripsvorming plaasvind van die waarde van 'n kind vanuit 'n teologiese perspektief.

Die verlies van die fetus is nie die verlies van 'n potensiële kind nie, maar inderdaad die verlies van 'n werklike kind, hoewel hy/sy nog nie die lewenslig aanskou het nie.

Daar is talle voorbeelde uit die Skrif wat ter illustrasie van die waardering van menslike lewe aangehaal kan word. So ook die waardering van die lewe van 'n kind. Zuck (1996:45) wys daarop dat dit belangrik is om te weet dat ouers in die Bybelse tyd kinders *wou* hê. "The attitude toward children prevailed throughout Israel's history. Children are given by God; they come from Him."

God gee ook twee maal opdrag dat die aarde met mense gevul moet word. Die eerste vind ons in die opdrag aan Adam en Eva, in Genesis 1: 28: "*Toe het God hulle geseën en vir hulle gesê: 'Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit.'*" Die tweede opdrag word na die sondvloed aan Noag gegee in Genesis 9:1 "*God het vir Noag en sy seuns geseën en vir hulle gesê: 'Wees vrugbaar, word baie en bewoon die aarde'.*"

Groenewald (1980:31) merk op dat die oorsprong van die dood heel aan die begin van die Ou Testament geopenbaar word. God het sy skepping goed gemaak en die kwaad - ook die dood as gevolg van die kwaad - het deur die mens se toedoen in die wêreld gekom. Die mens is geskape om te leef en nie te sterf nie, maar noudat die dood sy verskyning gemaak het, kon God alleen die mens se lewe verleng. Dit is sover as wat Hy sou gaan. Die mens moet sterf en die enigste skyn van onsterflikheid wat die mens kon vind, was in die geboorte van sy kinders.

Reeds voor die Christelike era het die geloof in die onsterflikheid van die siel en die opstanding van die dooies - soos onder andere saamgevat in die leerstellings van die Fariseërs - algemeen voorgekom. Dit was egter die geloof in die almag van God wat nuwe hoop en vertroosting in die aangesig van die dood gebring het. Jesaja 25:8 verklaar: "Hy sal die dood vir ewig vernietig, en die Here HERE sal die tranen van die aangesigte afvee.."

4.1.1 Kinders in die Ou Testament

"In ancient Israel, to have many children was a coveted honour, and the wedding guests often expressed the wish that the couple would be blessed with a large family (De Vaux 1978:41). Enkele voorbeelde hiervan word vervolgens kortliks bespreek. Wanneer Rebekka in Genesis 24:60 byvoorbeeld die ouerhuis verlaat word sy begroet met : *"Ons suster, mag jou nageslag tienduisende word, mag hulle die stede van hulle vyande verower!"* Wanneer Boas met Rut in die huwelik tree, word die wens in Rut 4:11 en 12 as volg uitgespreek: *"Mag die Here die vrou wat nou in jou huis inkom, soos Ragel en Lea maak wat saam gebou het aan die volk Israel... Mag die nageslag wat die Here jou uit hierdie jong vrou sal gee, wees soos dié van Peres wat deur Tamar vir Juda in die wêreld gebring is."*

Abraham, en daarna Isak, ontvang die belofte dat hulle nageslag so talryk sal wees soos die sterre aan die hemel (Genesis 15:5; 22:17). Spreuke 17:6 beskryf die waarde van die kind as volg: *"Kleinkinders is vir oumense 'n trots; vaders is vir hulle seuns 'n sieraad"*. Psalm 128:4 meld: *"...jou seuns is rondom jou tafel soos jong"*

olyfboomplantjies...", terwyl Psalm 127:3 as volg lees: "*Seuns is geskenke van die Here, kinders word deur Hom gegee.*" Hier word die kind letterlik gesien as die vrug van die baarmoeder.

Hierteenoor is kinderloosheid beskou as 'n beproewing, 'n kastyding van God. Dit is selfs gesien as 'n skande, soos in die geval van Sara, Ragel en Lea (Genesis 16:2, 30:3, 9). Hulle probeer elk die skande oorbrug deur hulle slavinne vir die doel van kinderbaring aan hul mans beskikbaar te stel. "Parents in Bible times *wanted* children. In fact, not to bear offspring was a disgrace. Children brought blessing and joy to a family because parents knew youngsters were God's special gifts to them" (Zuck 1996:45). Isak bid tot God in Genesis 25:21, en pleit: "*Isak het tot die Here gebed oor sy vrou, want sy was kinderloos.*" Zuck (1996:50) stel dit só sterk: "...the wife without offspring was spiritually ruined, socially disgraced, and psychologically defeated". In die lig hiervan maak die lofsang van Hanna na Samuel se geboorte sin.

Dit is ook duidelik uit die beskikbare Skrifgegewens dat die Israeliete hoofsaaklik seuns verkies het bo dogters. Die redes hiervoor, volgens De Vaux (1977:41), was hoofsaaklik om 'n nageslag te verseker, die familienaam in eer te hou en die familiebesittings te kon behou. Kinders sou ook versorging in die oudag waarborg. Dogters daarenteen, sou in elk geval die gesin verlaat sodra hulle in die huwelik tree. Wanneer Psalm 127 na die seuns verwys as "pyle" in die hand van die krygsman, verwys dit sekerlik ook na die fisiese vermoëns van die seuns: hulle kan veg as soldate in tye van oorlog, en ook in hofsake, of by die stadspoorte waar die wyse manne gesit en beraadslaag het.

Zuck (1996:46) maak die volgende opmerking: "The word 'heritage' (Psalm 127:3) suggests that children belong to Him, and that He shares these precious possessions with parents. Since He assigns children to parents, there is no such thing as an accidental birth or a surprise pregnancy from God's viewpoint."

Die kind is dus direk beskou as gawe uit die hand van die Gewer. Alle egpare het die intense behoefte gehad om kinders in die wêreld te bring. Sodoende is die nageslag verseker, die familienaam voortgedra, en het die familie-erfenis in besit gebly. In tye van oorlog kon die seuns beskerming bied. Bowenal is die geboorte van 'n kind gesien as die seën van die Vader.

4.1.2 Waardering vir die pre-natale lewe volgens Psalm 139

In Psalm 139 vind ons die verwondering van die Psalmdigter wanneer hy nadink oor God wat hom gemaak het.

13. U het my gevorm, my aanmekaar geweef in die skoot van my moeder. 14. Ek wil U loof, want U het my op 'n wonderbaarlike wyse geskep. Wat U gedoen het, vervul my met verwondering. Dit weet ek seker: 15. geen been van my was vir U verborge toe ek gevorm is waar niemand dit kon sien nie, toe ek aanmekaargeweef is diep in die moederskoot. 16. U het my al gesien toe ek nog ongebore was, al my lewensdae was in u boek opgeskrywe nog voordat ek gebore is.

Die Psalmdigter verwoord hier 'n persoonlike ervaring wat hy het van die realiteit en teenwoordigheid van God in sy lewe. "Even today (these) words are still felt to be a classical testimony to what the theologians intend to convey by such concepts as the omnipresence, omniscience, and omnificence of God" (Zuck 1996:46). Die Psalmdigter maak nie bloot stellings *aangaande* God nie, maar is in 'n "Ek - U" - verhouding betrokke *by* God. Vanuit sy persoonlike ervaring van God ontwikkel die Psalmis sy gedagtes rondom God.

Wanneer die Psalmis wonder: "Waarheen sou ek gaan om U Gees te ontvlug?" is dit nie 'n wegvlug uit vrees gebore, omdat hy miskien 'n sondaar is nie, maar eerder die ingebore reaksie van 'n man wat sidder voor die grootheid van God. Orals, in die hoogste hemel sowel as in die diepste dieptes van die onderwêreld, die verste punt in die Ooste, waar die son opkom, sowel as die verste Weste waar die son ondergaan, sal God sy skepsel kan opspoor. Weiser (1982:804) verduidelik dat hierdie beeld slegs verstaan kan word teen die agtergrond van die religieuse denkwêreld van die tyd, naamlik dat die hemel en die onderwêreld beskou is as die woonplek van verskillende gode. Maar selfs te midde van ander gode, is dit ondenkbaar dat daar 'n plek kan wees waar God se teenwoordigheid nie is nie. En selfs al sou hy die donkerte vra om hom te omvou, sodat hy in dié se magiese mantel kan wegkruip, besef hy dat daar geen donkerte is waarin God se oog nie kan kyk nie. Daarom draai die Psalmis na God op 'n persoonlike wyse. "For the Old Testament idea of creation makes quite clear both that man's whole existence belongs not to himself but totally to God and has no meaning without him, not only as knowing about it but as controlling and moulding it and

effecting the whole thing. God's nature becomes understandable only to those who focus their attention upon his activity as directed towards man." (Weiser 1982:805)

Vir die Psalmis is sy bestaan 'n misterie waarvan net God sêlf die antwoord ken. Die digter gebruik hier die antieke mitologiese idee dat die aarde die moeder van alle lewe is, in 'n poëtiese sin, om die goddelike misterie rondom sy eie bestaan te beskryf. Dit is egter nie slegs die begin van sy lewe wat blootgestel word aan die helder lig van God se kennis nie, maar die som van sy lewensdae is ook deur God in die "Boek van die lewe" opgeteken. God is dus sy begin en einde.

Die moderne wetenskap het dit vandag moontlik gemaak om merkwaardige feite rondom die ontwikkeling van 'n baba in die baarmoeder waar te neem. Byvoorbeeld, binne vier en twintig uur na bevrugting vind die eerste selverdeling plaas. Drie weke na die bevrugting het die eerste senuselle reeds gevorm, en 'n week later klop die hart reeds. Terwyl dit alles gebeur, is die moeder onbewus van die prosesse wat in haar baarmoeder plaasvind. Die feit dat ons vandag oor die data beskik, verander niks aan die misterie daarom nie. Die mense in die Bybelse tyd het ook geweet dat daar sekere dinge plaasvind, maar soos ons, ook nie geweet hoe dit gebeur nie.

Nog 'n voorbeeld van 'n metafoor vir pre-natale lewe vind ons in die boek Job. Job gee in hoofstuk 10:10 en 11 sy verstaan van prenatale lewe duidelik weer wanneer hy vra

"Het U my nie soos botter berei, soos kaas gevorm nie? U het vir my vel en vleis gegee. U het my bene en senings aanmekaargeweef."

Ander metafore wat bekend is, kom voor in Job 10:8 en 9: *"U hande het my gevorm, my gemaak. Dink daaraan dat U my soos klei gevorm het."* Psalm 103:14: *"Hy weet waarvan ons gemaak is, Hy hou dit in gedagte dat ons stof is."* Prediker 11:5 : *"Net so min as wat jy kan verstaan hoe gees en liggaam by mekaar uitkom in die skoot van 'n swanger vrou, net so min kan jy die werk van God verstaan".* In Jeremia 1:5 word ook na die ontstaan van die mens verwys as 'n 'vorming' op die een of ander wyse: *"Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken."*

Zuck (1996:55) merk op dat die mens én die dier uit die stof van die aarde gemaak is, maar dat daar, op geheimsinnige wyse, by die ontwikkeling van die mens se liggaam ook 'n siel daarmee saam ontwikkel. Hierdie eienskap onderskei dan die mens van die dier. Volgens Genesis 2:7 het God die lewensasem in die mens se neus geblaas sodat hy 'n lewende wese geword het. Die profeet Sagaria maak ook daarvan melding in hoofstuk 12:1 dat God die 'gees' (siel) van die mens gevorm het.

Opsommenderwys kan gestel word dat ons hier, in Psalm 139, sowel as in die boek Job, en ander verwysings wat gemaak is, reeds kennis maak met die uitverkiesende genade van God. God self weef die mens aanmekaar in die moederskoot, op 'n misterieuse wyse. Wanneer 'n mens die dag sterf, selfs voordat hy die eerste lewenslig aanskou het, is dit nie toeval nie. En kan sy uiteindelijke bestemming ook niks anders wees as dié van enige ander skepsel wat uit genade uitverkies is nie. Vir die onderwerp onder bespreking, het hierdie besef baie ingrypende implikasies. Selfs al sterf my kind pre-nataal, het hy reeds 'n ewige bestemming by God. Verder in hierdie hoofstuk word meer ingefokus op die uitverkiesing van God, waar hierdie aspek begrond sal word.

4.1.3 Die dood van Dawid en Batseba se seun

Die verhaal van Dawid se owerspel met Batseba is alombekend. Volgens 2 Samuel 11 het Dawid, by wyse van uitsondering, daardie lente nie opgetrek om saam met sy manskappe oorlog te gaan voer nie. Tydens 'n wandeling op die dak van die paleis, sien hy vir Batseba, 'n getroude vrou, besig met haar reinigingsbad. Hy laat haar haal, pleeg owerspel, en nadat dit aan die lig gekom het dat sy swanger was, laat Dawid haar man Urija aan die gevegsfront sterf. Dawid word deur die profeet Natan as skuldige uitgewys. As straf van God, sterf die kind wat Dawid by Batseba verwek het. Bezuidenhout (1997:531) wys interessantheidshalwe daarop dat die Bybel geen melding maak van Batseba se emosie rondom die dood van haar man en die daaropvolgende gebeure nie. Daar word wel genoem dat sy oor haar man gerou het, maar dit is nie duidelik of sy werklik emosie getoon het, en of sy slegs die gebruike rondom die dood gerespekteer het nie. Wanneer die kind egter sterf, openbaar sy emosie deur sterk gevoelens te wys, en word deur haar man, Dawid, getroos. Hier word dit aan die hand van 'n Bybelse voorbeeld duidelik watter effek die dood van 'n kind op die ouers het. Hier is dit weliswaar nie 'n miskraam wat plaasgevind het nie, maar wel 'n kind wat reeds gebore was. In die volgende hoofstuk word daar egter duidelik aangetoon dat die smart wat beleef word, ewe intens is.

Dit is opmerklik dat Dawid tydens die kind se siekte onophoudelik deur gebed vir hom ingetree het. Hy het hom verootmoedig deur aanhoudend te vas, hom van alle aktiwiteite rondom hom te onttrek, en op die grond te lê. Hy het nie eens aan tafel

verskyn om te eet nie. Uiteindelik het die kind tóg gesterf, en Dawid en Batseba het saam oor hom getreur.

Laastens het Dawid weer, nadat die rou tyd verby was, gemeenskap met Batseba gehad, en daar is weer vir hulle 'n seun gebore wat deur die profeet Natan "Jedidja" genoem is, wat beteken: "...die Here het hom lief".

Die implikasie vir die miskraamslagoffer kan dieselfde wees: uiteindelik kan die rouwerk suksesvol afgehandel word, en kan die egpaar weer met hulle normale lewe voortgaan.

4.1.4 Ander Ou-Testamentiese gegewens

Zuck (1996:13) wys daarop dat daar normaalweg aan die Bybel gedink word as 'n boek wat handel oor volwassenes. Hy wys egter verder daarop dat die Bybel letterlik duisende verwysings na kinders bevat. Die verwysings handel oor die verwekking van kinders, geboorte, die gesinslewe en die nageslag. Hy konkludeer dat die frekwensie waarmee baie gesinskweptes aan die orde kom, die belangrikheid van die kind in God se oë suggereer.

Dawid bely in Psalm 22:10 dat God altyd by hom was: *"U het my die eerste lewenslig laat sien, my veilig laat rus aan die bors van my moeder. Van my geboorte af is ek onder U sorg, van die begin van my lewe af is U my God."*

Op dieselfde wyse bely hy ook aan die einde van sy lewe in Psalm 71 : " ...op
*U, Here, het ek van jongs af vertrou. U is my hulp van my geboorte af, reeds
voor ek in die wêreld gekom het, het U my beskerm.*"

In 2 Samuel 18:18 word melding gemaak daarvan dat Absalom 'n beeld van
homself laat maak het, omdat hy nie 'n seun gehad het om die trots van sy naam
te dra nie. Jeremia meld (Jeremia 11:19) dat indien hy nie 'n nageslag sou hê
nie, sy naam nie langer onthou sou word nie.

Van Aarde (1991:688) wys egter op die mindere plek wat die kind in die oë van die
samelewing gehad het. Kinders is dikwels "uit die huis gesit" om oorlewingsredes. Dit
het egter ook voorgekom nadat 'n kind gebore is uit 'n ongewenste swangerskap.
Fisiese- en serebraalgesremde kinders is ook dikwels weggegooi. In Psalm 106:37
word Israel opgeroep om nie mee te doen aan die heidense praktyk om kinders te offer
nie. Dit blyk hieruit dat hierdie praktyk algemeen was. "Hierdie verworpelinge word
gewoonlik aan allerlei sosiale ellendes uitgelewer" (Van Aarde 1991:690).

Hierdie gegewens word gemeld om uit te wys watter waarde die mens, ongeag sy
ouderdom, in God se oë het. Watter waarde die kind ook al volgens die kultuur van
die tyd en omstandighede gehad het; die posisie van die mens voor God verander nooit
nie.

4.1.5 Kinders in die Nuwe Testament

'n Moontlike vertrekpunt tot die verstaan van die betekenis van 'n kind vir sy ouers sou kon wees Jesus se omgang met kinders. By geleentheid wou die dissipels, om verstaanbare redes, die kinders van Jesus weghou, aangesien Hy baie vermoeid was. Dit is ook belangrik om te weet dat kinders in dié tyd eintlik gemarginaliseerdes was. Kinders is nie geag nie. Maar Jesus se reaksie is opmerklik afwysend teenoor die dissipels. Vervolgens het Hy nie net die kinders nader geroep en hulle na die handoplegging geseën nie, maar het Hy verder van hulle gebruik gemaak in metaforiese terme. : "Die 'swakkere geslag' funksioneer in die Bybel baie keer as 'n geskikte metafoor om God se bemoeienis met die mens mee uit te druk. In die antieke en klassieke tyd is randpersone soos vrouens en kinders daarom dikwels in die godsdiens as draers van goddelike boodskappe gesien...Die krag en mag en redding van God word eenvoudig duideliker analogies uitgedruk in terme van die swakkeres in die samelewing" (Van Aarde 1991:691). Jesus se intense belangstelling in kinders sou verder geïllustreer kon word deur die genesing van drie kinders, en die opwekking van twee kinders uit die dood.

4.1.5.1 Die genesing van kinders deur Jesus

In Johannes 4:43 tot 53 word beskryf hoedat Jesus die regeringsamptenaar se seun genees. Die regeringsamptenaar was waarskynlik in Herodes Antipas se diens. Hy het meer as 25 kilometer geloop om by Jesus te kom om Hom te vra om sy sterwende kind gesond te maak. Hierdie wonderteken is nie net 'n guns

aan die amptenaar nie, maar 'n sigbare teken wat al die mense kon sien. Dit illustreer dat, hoewel die kind nie in die oë van die samelewing enige waarde gehad het nie, het Jesus juis deur Sy bemoeienis daarop gewys dat hierdie selfde kinders ook deel van die verbond was.

In Matteus 15:21 tot 28 (en ook Markus 9:33 tot 53) word weer beskryf hoe Jesus Hom ontferm oor die dogter van die Siro-Fenisiëse vrou. Die dogter was besete van 'n bose gees. Die dissipels het Jesus gevra om ontslae te raak van die vrou omdat haar gesoebat hulle gepla het. Hulle het geen meegevoel met haar gehad nie, en was nie sensitief vir haar behoeftes nie. Op grond van haar geloof het Jesus egter die kind genees.

Markus 9:14 tot 29 beskryf weer hoe Jesus die seun genees het wat van 'n bose gees besete was. Die seun het aanvalle gekry, wat die vorm van epilepsie aangeneem het. Die insident word ook beskryf in Matteus 17:14 tot 21 en Lukas 9:37 tot 42.

Die relevansie van hierdie inligting is daarin geleë dat die ontferming van God ook oor die randfigure van die samelewing groot is. Hierby sou ook ingesluit kon word die ongeborenes: hulle vir wie die wêreld nog nie ken nie, maar wat reeds deur God geken word.

4.1.5.2 Kinders word deur Jesus uit die dood opgewek

4.1.5.2.1 Die seun van die weduwee van Nain

Die gebeure rondom die opwekking van die seun van die weduwee van Nain word beskryf in Lukas 7:11 tot 17.

By die ingang van die dorp Nain kom Jesus en Sy volgelinge 'n begrafnisstoet teë. Dit word spoedig aan Jesus bekend dat dit 'n besondere droewige sterfgeval was. 'n Jongman, die broodwinner van sy weduweemoeder, is dood. Volgens die Joodse gebruik word hy op die sterfdag na die graf gedra.

Groenewald (1973:90) merk op dat dit die eerste keer is dat Lukas met die naam "die Here" na Jesus verwys. Hier waar Hy Hom openbaar as die oorwinnaar oor die dood, pas 'n benaming wat in die Ou Testament vir God gebruik word. Jesus tree met Goddelike gesag op, en ook met Goddelike ontferming. Hy kry die weduwee wat, by al haar droefheid, met die onverstaanbaarheid van die dood van haar seun worstel, innig jammer en besluit om haar te help. Met 'n bevel rig Hy die dooie op, en gee hom aan sy moeder terug.

4.1.5.2.2 Die dogtertjie van Jaïrus

In Matteus 9:18 tot 22, Markus 5:21 tot 2 en Lukas 8:40 tot 56 word die gebeure rondom die dogter van 'n Joodse raadslid beskryf.

In al drie die sinoptiese Evangelies word die gebeure van Jaïrus se dogter ineengevleg met die wondervertelling van die genesing van die bloedvloeiende vrou. Groenewald (1973:107) dui aan dat daarin 'n bewys gesien moet word dat die samestelling nie die werk van 'n redaktor is nie, maar dat die gebeurtenisse hulle werklik histories so afgespeel het.

Jaïrus was 'n bekende man in die stad, Hy was 'n owerste van die sinagoge. Hoewel hy weens sy status in die gemeenskap nie nodig gehad het om voor iemand neer te buig nie, val hy nou smekend aan die voete van Jesus neer. Daardeur laat hy blyk hoe groot sy nood is, en ook hoe groot sy vertroue op Jesus is. Sy dogtertjie van twaalf jaar lê op sterwe.

Daar was ook 'n ander vrou wat in haar nood by Jesus wou uitkom, maar haar siekte, waaraan sy al twaalf jaar gely het, was van so 'n aard dat dit nie in 'n geselskap genoem word nie, en trouens ook van haar 'n onreine gemaak het wat haar nie tussen ander mense behoort te begewe nie. Hierdie vrou waag dit om van agter te kom en aan die soom van Jesus se klere te raak. Haar geloofsdaad het 'n onmiddellike uitwerking, en sy voel dit aan haar liggaam dat die kwaal genees is. Jesus weet ook dat iemand voordeel getrek het uit die

krag tot genesing wat van Hom uitstroom. Daarom vra Hy wie Hom aangeraak het. Die vrou besef dat sy nie verborge kan bly nie. Daar is enersyds by haar die groot vrees, omdat sy aangespreek sou kon word as 'n oortreder van die voorskrif van die wet, maar Jesus stel haar gerus. Hieruit blyk weer die genadige ontferming met iemand wat deur die samelewing nie gereken is nie, maar wat in God se oë kosbaar was. Daar is wel geen direkte verband met 'n miskraam nie, maar tog 'n aanduiding van die wyse waarop God deur Jesus Christus met 'n mens in nood omgaan.

Die vertraging op pad moes vir die beangsde Jairus 'n beproewing gewees het. En nou kom die boodskapper wat berig dat die dogtertjie gesterf het. Dit is dus te laat. Jesus hoef nie meer te kom nie. Maar Jesus kom tóg. Hy het die gesprek gehoor en spoor Jairus aan om maar net te glo, en dat die dogtertjie gered sal word.

Jesus het na die huis van Jāirus gegaan, en neem net die besondere vertrouelinge onder die twaalf met Hom saam, naamlik Petrus, Jakobus en Johannes. By die huis is die roubeklaers reeds bedrywig. Jesus jaag hulle na buite en sê dat hulle moet ophou huil omdat die dogtertjie nie dood is nie, maar slaap. Vir Hom is die dood net 'n slaap waaruit iemand weer wakker geroep kan word. Maar hierdie waarheid is vir die rouklaers by Jāirus se huis onverstaanbaar, en hulle lag Jesus uit. Hulle is immers oortuig dat die dogtertjie wel dood is. Hierdie besonderheid in die verhaal het die bykomstige betekenis

dat dit die werklikheid van die dood bevestig. Hierdie dogtertjie was dus nie net in 'n toestand van skyndood nie.

Wanneer Jesus in die sterfkamer is saam met die drie dissipels en die vader en die moeder gryp Hy die hand van die kind en beveel haar om op te staan. Dat sy werklik liggaamlik in die lewe teruggebring is, word bevestig deurdat sy iets kry om te eet.

Uit al hierdie gebeure is dit juis die vreemdheid van Jesus se optrede wat opvallend is. Hy bemoei Hom met die randfigure in die samelewing, en verbreek daardeur baie tradisies en gebruike.

Groenewald (1980:31) maak die stelling: "Die Nuwe Testament bekragtig die oorwinning wat in die Ou Testament aangekondig is, en die kern van dié bevestiging is daarin geleë dat die dood die laaste vyand is wat oorwin moet word, en dat dié oorwinning reeds behaal is." Paulus roep in 1 Korinthiërs 15 oorwinnend uit: "Die dood is vernietig, die oorwinning is behaal. Dood, waar is jou oorwinning? Dood, waar is jou angel?" Die verganklike word met onverganklikheid vervang. Meteens hou die dood geen verskrikking meer in nie.

4.1.6 Miskrame in die Bybel

Verwysings na miskrame in die Bybel is baie skaars. Waar daar wel na miskrame of "misgeboortes" verwys word, is dit byna terloops. In Eksodus 21:22 waar die

bepalings van die Israelitiese wette uitgespel word, word bloot gestel dat *"Wanneer mans met mekaar baklei en hulle 'n swanger vrou omstamp, sodat sy 'n miskraam het maar nie blywend beseer is nie, moet hy wat haar gestamp het, onderhewig aan die goedkeuring van die regbank, die boete betaal wat die eggenoot van die vrou hom oplê"*. Hierdie is slegs 'n wetsbepaling waarby geen emosie betrokke is nie. Die 'skadevergoeding' kom die eggenoot toe, omdat die kultuursituasie dit as skande beskou het as 'n man nie 'n nageslag het nie. Die vrou se gevoel word geensins verreken nie.

In Eksodus 23:26 belowe die Here om sy volk te help, en volgens vers 26 *"Daar sal geen miskraam en onvrugbaarheid in jou land wees nie. Ek sal jou met 'n lang lewe seën"*. Hier gaan dit om die siening dat 'n talryke nageslag die seën van God simboliseer.

Die wisselterm "misgeboorte" word ook aangetref. So deel die inwoners van Jerigo in 2 Konings 2:19 mee dat die stad mooi geleë is, maar dat die water giftig is en misgeboortes veroorsaak. Brongers (1982:26) stel dat dit in die konteks val dat, afgesien van die miskrame wat die giftige water veroorsaak, dit ook die plantgewasse uitroei. Hier gaan dit eweneens oor die voortbestaan van die volk.

Waar Job 3:16 'n verbitterde Job aan die woord stel, vervloek hy sy geboortedag en wens dat hy eerder 'n misgeboorte was. Hierdie opmerking lig die sluier effens oor die wyse waarop daar met die oorskot van 'n ongebore fetus te werk gegaan is. Dit wil voorkom asof dit, in Job se woorde "...sonder meer begrawe is..." - Job 3:16.

Die rede vir die stilswye oor miskrame is waarskynlik geleë in die feit dat die vrou en die kind in die Bybelse konteks randfigure was met geen sosiale status nie. Die vrou se traumas was eenvoudig nie relevant nie. Dreyer (1998:147) meld: "Alle persone, en dit geld veral vir vroue en kinders, was op sosiale, godsdienstige, ekonomiese en psigologiese vlak ingebed in die patriargale familie... (D)ie vrou verskaf in die reproduksieproses alleen die plek waar die saad moet groei, en voeding en versorging van die man se kinders na geboorte". Die beeld van die vrou is hoofsaaklik negatief geskilder. Haar gevoelens en emosies was van geen belang nie. Sy sou eerder verag word na 'n miskraam, as om simpatie te ontvang.

4.2 Die erfsonde en uitverkiesing: 'n teologiese perspektief

In 'n gesprek oor die impak wat spontane aborsie op die ouers van die ongebore baba het, is dit ook noodsaaklik dat gekyk sal word na die geloofsaspek. Een van die vrae wat dikwels gevra word, is juis: wat is die ewige bestemming van hierdie ongeborene? Sou daar met vrymoedigheid beweer kan word dat hy/sy gered is?

Zuck (1996:21) opper 'n aantal vrae met betrekking tot die sondigheid al dan nie van 'n kind. "Are infants born with a sin nature? What is the so-called 'age of accountability?' ...Are children of Christian parents in a covenant relationship to God?"

In 'n soeke na antwoorde op hierdie vrae, is dit nodig om die veld van die Dogmatiek hieromtrent te eksplorieer. Die sondeleer word uitvoerig deur verskeie dogmatici onder die loep geneem. Die gevaar bestaan egter ook dat daar in 'n doolhof van vrugtelose spekulاسie verdwaal kan word. Vir die doel van hierdie studie, is dit imperatief om die kwessie van erfsonde onder die vergrootglas te bekijk, aangesien dit in wese gaan om die ewige bestemming van 'n fetus wat nog nooit die lewenslig aanskou het nie.

Van Niftrik (1944:238) maak daarvan melding dat die sonde so diep in ons ingebore is, dat selfs ons edelste gevoelens en dade op die keper beskou eintlik ook 'n uiting is van ons eie diepgewortelde selfsug. Hy definieer sonde as volg: "Zonde is ons ongeloof, onze opstand tegen God, de oneindige afstand tusschen God en ons (Van Niftrik 1944:239). Die sonde moet *geglo* word, net soos ons geregtigheid in Christus *geglo* moet word. Sonde is verder vir hom ons lewenshouding: ons staan met ons rug na God toe. Sonde is dat ons is wat ons is: sonder God en sonder hoop in die wêreld. Sonde is dat ons ons vertrouwe op mense wil stel. Wat sonde werklik is, weet ons eers wanneer ons die Heilige ontmoet. Maar ons weet eers wat sonde is nadat dit ons *vergewe* is (Van Niftrik 1944:239). Van Zyl (1993:34) verwoord ook iets hiervan wanneer hy vra hoe die mens lyk in die speël van die Seun van God se gehoorsaamheid: "Dit gaan hier om die mens wat in sonde geval het, tot wie God Homself in Jesus Christus neergebuig het, naas hom gaan staan het en Hom solidêr en gelyk aan hom gemaak het".

Interessant ook is die sonde van Adam en Eva wat veroorsaak het dat die normale geboorteproses met baie pyn gepaard gaan. Genesis 3:16 rapporteer: "Ek sal jou baie swaar laat kry met jou swangerskappe: met pyn sal jy kinders in die wêreld bring."

"In die dogmatiek word die erfsonde (*peccatum naturale* of *originale*), vanuit twee perspektiewe belig: erfskuld (*peccatum imputatum*) en erfsmet (*peccatum inhaerens*). Die *erfskuld* dui op die feit dat Adam se skuld vir sy oortreding ook ons skuld geword het, deurdat God ons dit toegereken het" (Heyns 1978:190). Dit beteken dan dat, omdat Adam se skuld ook ons skuld is, ons ook daarvoor gestraf word. Dié straf word deur Heyns (1978:190) beskryf as *erfsmet*.

Die implikasies hiervan vir die mens is ingrypend. Só verkry die mens 'n verdorwe natuur. Dit mond uit in haat vir God en die naaste pleks van liefde vir God en mekaar. Ook die ongeborene is reeds besitter van hierdie erfsonde, en word "*in sonde ontvang en gebore*".

Van Niftrik (1944:239) meld egter dat, nadat ons dit alles oor sonde gesê het, ons ook weet dat vergifnis van sonde genade is. As God ons die sonde sou toereken, sou ons vir ewig verlore wees. "Maar dit is Gods genade, dat Hij tot ons komt, de kloof tussen Hem en ons overbruggt, met ons solidair wordt in de schuld, onze sonde draagt, en het offer brengt, dat de zonde verzoent en wegneemt" (Van Niftrik 1944:239).

As ons dan in sonde ontvang en gebore is, en ons word alleen op grond van genade verlos, dan is ons ook reeds vóór geboorte verlos. Dit sluit aan by die uitverkiesing van God. Reeds voor ons geboorte het God ons uitverkies. Die uitverkiesing staan ook direk in verband met die genade van God. Ons verdien dit immers nie.

Van Niftrik (1944:68) wys daarop dat die uitverkiesing nêrens in die Bybel afsonderlik as aparte tema ter sprake kom nie. "De vermelding der uitverkiesing wil in den Bijbel het *genade* karakter, het *wonder* karakter, het ondoorgrondelijke van anderen uitspraken ondersteunen. Bijv.: dat de Kerk het volk Gods is, dat is zij door verkiezing (1 Petr. 2:9); dat zij zaligheid, heiligheid en geloof deelachtig is, heeft zij te danken aan verkiezing (2 Thess. 2:13); haar roeping, rechtvaardigheid, verheerlijking is vrucht van verkiezing (Rom 8:30); kennis van de verborgenheid van het Koninkrijk Gods is vrucht van verkiezing (Marc. 4:11); als wij kinderen Gods zijn, zijn wij het door verkiezing (Ef 1:5)". Dit gaan vir Van Niftrik (1944:69) hoofsaaklik om die genade van God. Genade is altyd onverdiende genade. In die lig hiervan, kan gewaag word om ook die ongeborene by hierdie genade in te sluit. Ook hy is in sonde ontvang, nog nie gebore nie, maar wel in genade aangeneem. Van Niftrik (1944:69) wys daarop dat in die Evangelies God selfs die tollenaars en sondaars liefhet. In Lukas 16:19 is dit opmerklik dat dit juis die sosiaal uitgeworpenes is wat uitverkies is. Lasarus gaan na die hemel *omdat* hy arm is, en die ryk man gaan na die hel *omdat* hy ryk is. Selfs diegene wat sedelik immoreel leef, word in die evangelies uitgesonder as diegene wat genade by God gevind het. Ook in die gelykenis van die verlore seun, is dit juis die sedelik veragterde seun wat guns ontvang, en eweneens in die gelykenis van die

arbeiders in die wingerd in Matteus 20, dié wat volgens menslike standaarde dit glad nie verdien nie.

Van Niftrik (1944:71) argumenteer dan verder dat God se verkiesing nie 'n saak van willekeur is nie. Die leer van die uitverkiesing kan nie losgemaak word van die Christologiese verband waarin dit in die Bybel staan nie. Jesus is die *Uitverkorene*. By sy doop in die Jordaan, en ook by die verheerliking op die berg, sê God dat hierdie sy Seun is in wie Hy 'n welbehag het. Jesus is egter ook die *verworpen*. Die verwerping kom voor in Getsemané en op Golgotha. So word ons dan van die hel van Godverlatenheid verlos. Christus het ons verwerping gedra, sodat ons nooit deur Hom verlaat sou word nie. Daarom is God se uitverkiesing nie 'n saak van willekeur nie, maar dit is aan Christus gebonde. Om te weet dat jy uitverkies is, is om God se Seun te ken. Dit is dan die genade vir ons (en ons kinders): God sien ons in Christus in genade aan. Weber (1983:412) sluit hierby aan wanneer hy sê: "The reality which quickens both the Christian message and therefore theology is that God as the "Transcendent," that is, as He Himself, is in free self-determination the "Immanent," the One who turns to the lost creature. This is not something which we could have imagined. It is a reality in Jesus Christ. In Him, God's freedom in his grace and God's grace in his freedom are decided".

4.2.1 Teologiese tradisie: Die vroeë kerkvaders

Die vroeë kerkvaders het hulle nie baie duidelik uitgespreek oor die oorsprong van die sonde nie. Berkhof (1981:219) wys daarop dat die gedagte van die

sonde en die transgressie daarvan, na aanleiding van die sonde van Adam in die paradys, wel in die geskrifte van Irenaeus voorkom. Dit het spoedig die kerk se siening van die oorsprong van die sonde geword, in besonder in opposisie tot die Gnostisisme. Dit het egter daartoe aanleiding gegee dat sonde van sy willekeurige en etiese karakter beroof is. Origenes bou hierop sy teorie van pre-eksistensie. Die siel sou, volgens hierdie teorie, in 'n vorige staat gesondig het, en daarna in die liggaam van die mens die wêreld binnekom. Berkhof (1981:219) meld dat die Griekse kerkvaders van die derde en vierde eeu geneig was om af te sien van die verband tussen die sonde van Adam en dié van sy nageslag, terwyl die Latynse kerkvaders geleer het dat die huidige sondetoestand teruggryp na die sonde van Adam in die paradys. Die leerstellings van die Oosterse kerk het uiteindelik uitgemondd in die Pelagianisme, wat in wese ontken dat daar 'n verband is tussen die sonde van Adam en die sonde tans. "Met die skepping", sê Pelagius, "het God aan die mens 'n vrye wil gegee om te kies vir of teen die goeie. Hierdie vryheid wat ten diepste bestaan uit die psigologiese vermoë om 'n keuse te maak, behoort tot die wese van die mens. As hy dit sou verloor, sou hy ophou om mens te wees" (Durand 1978:49). Pelagius konkludeer dat die mag van die sonde só sterk is, dat die mens *quasi naturaliter* sondig.

Teenoor Pelagius het Augustinus gestaan, en die Westerse kerk wat beklemtoon dat die feit dat die mens beide skuldig én bevlek is as gevolg van die sonde van Adam (Berkhof 1981:220). Augustinus was onverbiddelik in sy standpunt dat "...enige identifikasie van genade en die menslike natuur (kan)

niks anders wees as 'n fundamentele dwaling wat die uitsig op die radikaliteit van die mens se verslawing aan die sonde en daarmee ook die radikaliteit van Christus se heilswerk verduister nie" (Durand 1978:50). Vanuit sy siening op die mens se verlorenheid soos dit deur Christus se lewe en sterwe ontmasker is, is Augustinus se leer van die erfsonde in wese 'n poging om die konkrete kernpunt van waaruit die sonde opkom, te artikuleer. Augustinus druk homself só uit: "Elke mens was eens die eerste mens". Die ganse mensdom is gevolglik 'n *massa peccati*. Niemand is hierby uitgesluit nie, selfs nie die pasgebore kinders nie. Ook hulle was in Adam en het met hom gesondig (Durand 1978:51). Hierby sou dan sekerlik ingesluit kon word die fetus wat nog nie die lewenslig aanskou het nie.

In die Middeleeue is daar beweeg in die rigting van 'n semi-Pelagianisme. Hoewel Pelagius met die Sinode van Karthago in 418 die aftog teen Augustinus se standpunt moes blaas, het die semi-Pelagianise in die kerk bly voortleef (Walker 1980:170).

Augustinus beskryf die wese van die sonde as selfliefde - *amor sui* (Durand 1978:52). In die Middeleeuse skolastiek tree daar egter 'n verandering hierby in vir soverre die erfsonde meer en meer in uitsluitlik negatiewe terme beskryf word.

Walker (1980:244) beskryf hoe Thomas Aquinas die erfsonde sien as 'n verlies van die mens se oorspronklike geregtigheid. Die oorspronklike

geregtigheid waaroor die mens voor die sondeval beskik het, het bestaan in die korrekte hiërargiese ordening, die natuurlike harmonie van alles wat die menslike natuur uitmaak. Die liggaam was ondergeskik aan die siel en al die laere sielsvermoëns is op hulle beurt volkome beheers deur die rede. Die sonde van Adam beteken vir Aquinas die verlies van die bonatuurlike genadegawe en daarmee die verlies van die oorspronklike geregtigheid. Durand (1978:53) stel dit só: "Inhoudelik kom dit daarop neer dat die laere sielsvermoëns en die liggaam teen die rede rebelleer en die rede sy beheersing daarvan moet prysgee." Hierdie semi-Pelagianisme het in die Rooms-Katolieke teologie geseëvier.

Teenoor die semi-Pelagianisme van die Middeleeue keer die Reformatore in wese terug na die standpunt van Augustinus. Durand (1978:55) beskryf egter die verskil in denke, vir sover die gedagte van die *concupiscentia* nou uitgelig word uit die enge seksuele sfeer waarin Augustinus dit geplaas het, en die stryd teen die idee van die vrye wil tot in sy uiterste konsekwensies gevoer word. Die resultaat is die belydenis van die totale verdorwenheid van die menslike natuur, terwyl radikaal wegbeweeg word van die skoliatiese omskrywing van die erfsonde in privaatiewe sin as defek of 'n gebrek.

Artikel 15 van die Nederlandse Geloofsbelydenis (Diensboek 1995:121) stel:

Ons glo dat die erfsonde deur die ongehoorsaamheid van Adam oor die hele menslike geslag uitgebrei het. Dit is 'n



verdorwenheid van die hele natuur en 'n oorgeërfde gebrek waarmee selfs die klein kindertjies in die moederskoot besmet is. Dit is hierdie wortel wat in die mens allerhande sondes laat uitspruit. Dit is daarom so afskuwelik en gruwelik voor God dat dit rede genoeg is om die menslike geslag te verdoem. Dit word selfs nie deur die doop geheel en al tot niet gemaak of volkome uitgeroei nie, aangesien die sonde aanhoudend uit hierdie verdorwenheid opborrel soos water uit 'n giftige fontein.

Dit word die kinders van God ewerwel nie tot verdoemenis toegereken nie, maar deur sy genade en barmhartigheid vergewe.

God vergewe nie sodat die gelowige in die sonde gerus sou slaap nie, maar wel sodat die besef van hierdie verdorwenheid hulle dikwels sou laat sug in die verlange om van hierdie liggaam van die dood verlos te word. Ons verwerp hiermee die dwaling van die Pelagiane wat sê dat hierdie sonde uit niks anders as navolging ontstaan nie.

Vir die doel van hierdie studie moet konkluderend gelet word op die woordspeling in die Nederlandse Geloofsbelydenis, waar genoem word dat selfs die klein kindertjies in die moederskoot besmet is deur die sonde. Selfs hulle is voor die geboorte reeds as gevolg van die sonde van Adam verdoem,

maar net so ook, op grond van die versoeningswerk van Christus, in genade vrygespreek.

4.3. Doop en verbond

Vir die gelowige is die één sekerheid juis die verbond. Toe die apostel Paulus met die Filippense in gesprek was oor waarom hulle nie op hulle Joodse afkoms moes roem nie, het hy juis die feit genoem dat hy as rasegte Jood ook op die agste dag besny is. Die verbondsgedagte gaan baie vêr terug in die Ou Testament. Die teken daarvan was die besnydenis wat op die agste dag plaasgevind het. Hierdie praktyk gaan terug tot by Abraham in die Ou Testament. In Genesis 15 word die sluiting van die verbond met Abraham beskryf. In Genesis 15: 18 lees ons: *"Op daardie dag het die Here 'n verbond gesluit met Abram en vir hom gesê: 'Aan jou nageslag gee Ek hierdie land, van Egiptespruit af tot by die Eufraat, die groot rivier..."*

Die opdrag om te besny, word aangetref in Genesis 17:10 tot 13: *"Dit is my verbond wat moet geld vir jou en jou nageslag: elke lid van die manlike geslag onder julle moet besny word aan die voorhuid. Dit is die verbondsteken tussen My en julle: elke seun onder julle van ag dae oud moet besny word...So sal my verbondsteken aan julle liggame wees as 'n blywende verbond."*

"Circumcision, then, was unique to the nation Israel; it served as an indicator of the special spiritual relationship between the nation and God" (Zuck 1996:67). Abraham het in gehoorsaamheid aan God, volgens Genesis 17:23, elke manlike lid van sy

huishouding daardie selfde dag besny, ook die slawe. Ook hy, op nege en negentigjarige leeftyd, het homself laat besny. Daarna, beginnende by Isak, is alle Israelitiese seuntjie op die agste dag besny.

Heyns (1982:200) meld: "Die verbond is inklusief, dit wil sê, ongeveer alle aspekte van Gods handelinge met die mens, kom in mindere of meerdere mate, op die een of ander wyse, binne die gesigseinder wanneer oor die verbond gehandel word". Die verbond wat God met die mens gesluit het, gee matelose dimensies aan die diepte van God se wysheid, die omvang van Sy liefde en die onmeetbaarheid van Sy liefde en trou. Die mens is volgens Heyns vanaf sy eerste lewensomblik af bestem vir en opgeneem in 'n verbondsverhouding met God. Selfs wanneer die mens hierdie verhouding verbreek, herstel God dit weer, deur Jesus Christus. "In Jesus Christus *het* die mens die volle weg afgelê, en die gawe wat oorspronklik verbind is met die gehoorsaamheid, *reeds* in ontvangs geneem" (Heyns 1982:211).

Van Niftrik (1944:209) wys daarop dat die verbond juis tot stand kom as gevolg van die liefde van God vir die wêreld. Hy wys ook daarop dat die verbond van die Bybel altyd 'n *genade*verbond is. Geen mens kan van sy kant iets doen om die saligheid te verkry nie. Die verbond is ook iets anders as 'n kontrak. God is immers die skenker van alles, en die beloftemaker van alles. Wanneer ons hierdie redenasie aanhoor, is dit duidelik dat, omdat geen een iets op grond van verdienste kan ontvang nie, die ongeborenes ook nie hiervan uitgesluit kan wees nie. 'n Doodgeborene, as die vrug van verbondskinders, kan tog niks anders as self 'n verbondskind wees nie.

4.3.1 Die doop as teken van die verbond

Zuck (1996:217) vra: "Are children born with a sin nature? If so, what is their eternal destiny if they die as infants?" Wat gebeur inderdaad met 'n kind wat "...in sonde ontvang en gebore word...", en sterf? Watter rol speel die doop? Maak doop salig? En in die geval van ongedooptes? Wat gebeur met 'n ongeborene (en derhalwe ongedoopte) wat sterf?

Dreyer (1994:526) redeneer dat die doop funksioneer as uiterlike teken van die genadeverbond. Die kind word op grond van die genadeverbond van die kerk 'ingebore', omdat hy deel is van 'n gelowige huisgesin, wat deel is van die gemeente as volk van God. As teken dat die kind deur die genadeverbond in die liggaam van Christus ingelyf word, word hy gedoop.

Pelser (1986:1) meld dat die woord *baptizein* 'n algemeen gebruikte term was vir Joodse reinigingsgebruike. Die Ou Testament het baie voorskrifte en gegewens bevat oor die rituele reiniging. Pelser (1986:1) stel vervolgens ook die kwessie van die verband tussen die doop van Johannes en die Christelike doop. Was eersgenoemde 'n voorbereiding vir laasgenoemde en het laasgenoemde iets van eersgenoemde oorgeneem of glad nie? Was die doop van Johannes 'n boetedoop of was dit 'n doop wat sonde afwas? Pelser (1986) konkludeer dat na aanleiding daarvan dat albei hierdie elemente in die Sinoptiese tradisie voorkom, gesien in die lig van die gerigsprediking van Johannes, sy doop in hoofsaak 'n boetedoop was. Johannes self het egter geen verband tussen sy doop en die latere doop gelê nie. Johannes se doop en prediking was

slegs 'n voorbereiding vir die koms van Christus. Johannes se doop sou daarom ook uitgedien wees met die koms van die Christelike doop, en as't ware daarmee vervang word. Derhalwe is Johannes en sy werk deur Christus en sy werk begrens. Dreyer (1994:527) merk op dat die verbond 'n kernaspek van die verhouding tussen God en mens bly. Die verbond realiseer wel op verskillende maniere, maar is steeds 'n legitieme begroning van die doop en van lidmaatskap. "Dit bly steeds relevant en legitiem om te sê dat die doop iets van die verbond tussen God en mens realiseer (Dreyer 1994:527). Vervolgens word die dooppraktyk in Handeling bespreek, waarna aangedui sal word watter relevansie dit het vir die tema.

4.3.1.1 Die dooppraktyk volgens Handeling

Die boek Handeling bevat 'n hele aantal beskrywings van doopbedieninge. So word byvoorbeeld in Handeling 2:37 gemeld dat diegene wat getref is deur die verkondiging van die apostels, hulle moes bekeer en laat doop. So sou hulle sondes vergewe word. Nog 'n voorbeeld is die bekende gebeure waar Paulus en Silas in die tronk lofliedere gesing het. Nà die tronkbewaarder se bekering is hy en sy gesin gedoop. Wat verder van belang is in Handeling, is dat die doopbediening gepaard gegaan het met die ontvangs van die Heilige Gees. Volgens Handeling 8:17; 9:17 en 19:6 het die ontvang van die Gees geskied na handoplegging. Die ontvangs van die Gees is verder onlosmaaklik deel van die Pinkstergebeure wat ook in Handeling beskryf word. Iemand wat deel van die kerk wou word, moes die Gees as gawe ontvang.

Van Niftrik (1944:170) wys egter op die afstand tussen God en mens. Die Seun, Jesus Christus het Immanuel geword, God by ons. Maar ook tussen Hom en ons bestaan daar 'n kloof. Maar die Heilige Gees oorwin alle afstand wat daar mag bestaan. Hy verwys ook na verskillende Skrifgedeeltes: Genesis 1:2; 7:15; Psalm 139:7 en Psalm 150:6. Hiermee lig hy uit dat..."De Heilige Geest is het, die bij de schepping op de wateren broedde...De Geest is in alle vleesch...Hij is op geen enkele plaats, waarheen de mensch zou kunnen vluchten, afwezig...De Geest is de 'adem' in gansch de creatuur..." (Van Niftrik 1944:170). Hieraan kan ook toegevoeg word: die Gees is ook in die moederskoot, in die vrug daarvan.

4.3.1.2 Waarom doop?

Die vraag na waarom die doop enigsins nodig is, is uiters relevant vir die doel van hierdie studie. Zuck (1996:218) vra tereg: "If a child is baptized as an infant, is conversion later as an adolescent or adult necessary, or is the individual already in God's family? What scriptural basis do some churches give in support of this practice of infant baptism? Why do other churches refuse to baptize infants? On what Scripture do they base their view? Does their view mean children do not need salvation?"

Rutherford (1980:8) verwys na die gebruik in die vroeë Kerk, en spesifiek na die dood van die martelare, as volg: "Their funerary decorations thus preserved for us the symbolic motifs by means of which those early Christians gave

expression to their faith in face of death, a faith that speaks not of death but of life. This is not a denial of physical death but a proclamation of the belief that the life entered at baptism... is in no way affected by the fact of physical death".

In die konteks van die tyd, wil dit voorkom asof die doop as inisiasierite 'n oorgang tot die ewige lewe simboliseer. Selfs wanneer die persoon in die aangesig van die dood gemartel word, is die doop 'n troos.

Daar word nêrens in die Nuwe Testament uitdruklik gesê waarop die doop gegrond is nie, tog word dit deurgaans duidelik geïmpliseer. Die weergawe wat Handeling van die doop gee, laat telkens blyk dat die doop bedien is wanneer die dopeling gelowig gereageer het op die prediking aangaande die Christusgebeure. Die dood en opstanding van Jesus Christus is die uiteindelijke grond vir die doop (Pelser 1986: 30). Dreyer (1994:527) stel dat die waarde van die doop egter nie onderskat of ondermyn mag word nie. Die kind word op grond van die genadeverbond gedoop, en word so in die verbondsvolk, die kerk, ingelyf en is dus lidmaat van die kerk. Dit is so dat die verbond 'n Ou Testamentiese perspektief is, maar ook die Nuwe Testament verbind die doop aan die eenword met die liggaam van Christus. Volgens Romeine 6:1-11 word die dopeling een met Christus in sy dood en opstanding. Hierdie gedagte word verder uitgebrei deur die noue verbondenheid tussen doop en die Heilige Gees. Vir Paulus was dit vanselfsprekend dat gelowiges mense is wat die Gees as gawe ontvang het. Paulus lê op 'n paar plekke in sy briewe een of ander verband tussen die doop en die Heilige Gees. Dit is egter nie seker uit te maak wat hierdie verband behels nie. Beteken dit dat die Heilige Gees tydens die

doop as gawe ontvang word en van daardie oomblik af die lewe van die dopeling beheers, of was die Gees reeds in die persoon aan die werk, en dien die doop as't ware slegs as inlywer in die liggaam van Christus? Pelser (1986:36) meld dat die oorwegende indruk wat gekry word uit die Belydenisskrifte en ook by die dogmatici, is dat die doop instrument van die Gees is, wat beteken dat die werk van die Gees in en met die dopeling aan die doop voorafgaan. Dit kom dan daarop neer dat die doop in 'n sekere sin bevestiging of teken is van die werk van die Gees.

Dit blyk dat die doop van vroeg gesien is as opname-rite in die kerk, soos ons dit veral aflei uit Paulus se uitspraak in 1 Korinthiërs 12:13.

Op grond van Kolossense 2:11 en 12 word die kinderdoop onder andere in die nuwe verbond geregverdig as die parallel vir die besnydenis in die ou verbond.

4.3.1.3 Heilsnoodwendigheid van die doop

Nêrens in die Nuwe Testament is daar 'n direkte uitspraak wat daarop dui dat 'n mens gedoop moet wees sodat jy gered kan word nie. Dat die doop 'n vanselfsprekendheid was vir alle gelowiges, staan vas. Dit was vir die vroeë kerk ondenkbaar dat 'n gelowige nie gedoop sou wees nie. Ook wanneer in gedagte gehou word dat die doop as inlywingsrite in die geloofsgemeenskap

beskou is, lyk dit vanselfsprekend dat 'n deelgenoot van die geloofsgemeenskap noodsaaklik gedoop moet wees.

Pelser (1986:55) stel egter ook dat die heilsnoodwendigheid wat die Nuwe Testament aan die doop toeken, nie tot die absurde gevoer mag word nie. So 'n beskouing verabsoluteer en isoleer die doop, asof dit vervreemd staan van die ander heilsmiddele wat God tot die verlossing van die mens beskik het. Die sogenaamde "nooddoop" kom in die Roomse Kerk voor, en dien as voorbeeld van die verabsolutering van die doop. Dit is nie die doop of enige ander heilsmiddel wat ons red nie, maar die genade van Jesus Christus. Maar net so min as wat die doop verabsoluteer en geïgnoreer mag word, net so min mag die doop gering geskat word. Die doop mag nie gedegradeer word tot blote simbool sonder heilsbetekenis nie. Die heilswerking is nie in die doop self geleë nie, maar in die werk van God wat deur die doop met die dopeling werksaam is.

Dreyer (1994:526) noem dat die doop funksioneer as 'n uiterlike teken van die genadeverbond. "Die kind word op grond van die genadeverbond in die kerk 'ingebore', omdat hy deel is van 'n gelowige huisgesin, wat deel is van die gemeente as volk van God. As teken dat die kind deur die genadeverbond in die liggaam van Christus ingelyf word, word hy gedoop. Doop, kategetiese, geloofsbelydenis en die uiteindelijke gebruik van die Nagmaal berus alles op die genadeverbond" (Dreyer 1994:526).

Dreyer (1994:526) konkludeer dan dat die waarde van die doop nie onderskat of ondermyn mag word nie. Die kind word op grond van die genadeverbond gedoop, word so in die verbondsvolk, die kerk, ingelyf en is dus lidmaat van die kerk. Die verbond is primêr 'n Ou Testamentiese perspektief, maar ook die Nuwe Testament verbind die doop aan die eenword met die liggaam van Christus. Dreyer (1994) toon dan verder ook aan dat vanuit die gegewens uit die Ou en Nuwe Testament 'n mens met Calvin moet saamstem dat die kind reeds by sy doop lidmaat van die kerk is. Die kind wat op grond van die uitverkiesing en genadeverbond gedoop is, is deel van die liggaam van Christus. Dreyer toon verder aan dat solank babas nog nie gedoop is nie, is hulle reeds op grond van hul ouers se geloof lidmate van die kerk.

Konkluderend moet uit hierdie gegewens afgelei word dat die doop van groot betekenis is. Dit is die sigbare toetrede tot die verbondsgemeenskap. Maar terselfdertyd is doop nie nodig vir saligheid nie. Selfs 'n ongedoopte word op grond van die genade van God en op grond van Sy groot ontferming, gered. Wanneer dit toegepas word op die tema van hierdie studie, sou die "lidmaatskap" van die ongeborene wat deur 'n gelowige ouerpaar verwek is, soos 'n paal bo water staan.

HOOFSTUK 5 EMPIRIESE ONDERSOEK

5.1. Inleiding

Prakties-teologiese teorievorming vereis 'n wisselwerking tussen teorie en praxis. Dit is trouens die taak van die Praktiese Teologie om op wetenskaplike wyse nuwe teorieë vir die praktyk te ontwikkel. Bestaande teorieë moet ook getoets en aangepas word waar nodig.

Van der Ven (1988:155-173) stel daarom dat die empirie vir die Praktiese Teologie van groot waarde kan wees.

5.2 Metode van ondersoek

'n Empiriese ondersoek is gedoen om die houding van predikante van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika te bepaal ten opsigte van pastorale begeleiding in 'n miskraamsituasie. Hierdie ondersoek kan die omvang van onkunde, asook die vlak van toerusting en vaardighede by predikante en die relevansie van die studie belig. Kennis wat só bekom word, kan meehelp in die daarstelling van 'n praktykteorie, en die raamwerk bied vir die daarstel van 'n toerustingskursus. Die doel van die ondersoek fokus op predikante in voltydse of deelsorg-bediening - diegene wie se taak dit is om op daaglikse basis met lidmate se wel en weë bemoeienis te maak.

Die seleksie is gemaak deur besonderhede van predikante uit die Almanak van die Nederduitsch Hervormde Kerk (1999) te neem. Verteenwoordiging van elke Ring van die Kerk is bewerkstellig.

As gevolg van die geografiese uitgestrektheid van die populasie wat in die ondersoek betrek word, het dit geblyk dat die posvraelys-metode die mees koste-effektiewe metode vir hierdie ondersoek sou wees (Mouton & Marais 1989:51).

Ten tye van hierdie ondersoek het die totale populasie van die predikante van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika uit 474 persone bestaan. Hierdie populasie sluit die volgende in:

- ♦ Voltydse predikante in gemeentes
- ♦ Predikante in deelsorg
- ♦ Predikante in besondere diens
- ♦ Dosente in die Teologie
- ♦ Beroepafwagtende predikante
- ♦ Predikante met voltydse studieverlof
- ♦ Predikante in die buiteland
- ♦ Emeritus predikante/dosente
- ♦ Predikante met siekte-emeritaat
- ♦ Predikante met ampsvoorreg sonder standplaas.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat nie *alle* predikante van die Kerk vanselfsprekend by hierdie studie betrek sou kon word nie. Daar is gefokus op diegene in aktiewe bediening.

Die vraag het daarom ontstaan: Hoeveel predikante moes betrek word? Hoe moes hulle geselekteer word?

Verskillende moontlikhede het bestaan. Vraelyste sou voor die voet aan alle predikante gestuur kon word. Andersyds sou 'n seleksie gemaak kon word op grond van sekere kriteria en kategorisering.

Daar is besluit om so min as moontlik uitsonderings te maak. Dit is egter voor die hand liggend dat byvoorbeeld beroepafwagende predikante, sonder enige beroepservaring, moeilik sou kon respondeer. Eweneens sou voltydse nagraadse studente, wat min of geen kontak met die bediening het, of gehad het, nie op sinvolle wyse aan die projek kon deelneem nie. Dieselfde geld ook vir voltydse dosente wat vir jare reeds nie meer in die bediening betrokke is of was nie.

Met dit in gedagte, is besluit om, sonder om te veel uitsonderings te maak, terwyl bogenoemde wel in ag geneem word, die res van die predikantepopulasie by die ondersoek te betrek.

Daar is besluit om op predikante in die voltydse bediening te fokus. 'n Probleem is voorsien in die sin dat ervaring al geleer het dat predikante swak reageer op versoeke

om vraelyste te voltooi. Om hierdie probleem te ondervang, is besluit om 'n begeleidende skrywe van die studieleier, waarin die doel van die studie kortliks verwoord word, aan die vraelyste te heg. In hierdie skrywe is nadruk gelê op die noodsaak van samewerking van die respondente. (Sien Bylae B)

Aanvanklik is 200 vraelyste uitgestuur na die respondente. Van Zyl (1995:202) meld dat 'n responskoers van tussen 30% en 50% algemeen voorkom by ondersoeke van hierdie aard.

Vooraf is besluit dat, indien die reaksie nie na wense is nie, verdere vraelyste uitgestuur sou word. Aangesien die predikantekorps in die Kerk relatief klein is, sou vertroulikheid en anonimiteit gewaarborg moes word.

Die reaksie was egter bo-gemiddeld. 'n Totaal van 104 van die 200 vraelyste is terugontvang, wat 'n persentasie van 52% verteenwoordig. Hierdie getal sluit 'n loodsstudie van 10 individue in. Volgens Van Zyl (1995:202) is hierdie respons genoegsaam om geldig te wees.

5.3 Vraelyste

5.3.1 Eerste- orde analise

Die volledige vraelys, tesame met die begeleidende skrywe van die studieleier, word opgeneem in Bylae B.

Die vraelyste val in twee dele uiteen: 'n Biografiese gedeelte, en 'n gedeelte om die predikant se houding ten opsigte van 'n miskraam te bepaal. Die biografiese gedeelte is nodig omdat belangrike inligting daardeur verkry, word wat die hipotese kan steun of weerlê. Dit is verder belangrik om 'n profiel te hê van die persoon wat respondeer. Veranderlikes soos ouderdom, aantal jare in aktiewe bediening, ensomeer, kan houdings beïnvloed.

Die vrae word vervolgens elkeen kortliks bespreek. In die daaropvolgende onderafdeling word die reaksie van die respondente deur middel van statistiese gegewens verduidelik.

5.3.2 Statistiese resultate

Die resultate sal vervolgens op die volgende wyse hanteer word:

- a) 'n Verduideliking van die vraag
- b) 'n Weergawe van die tabel
- c) Voorlopige opmerkings en afleidings

Opmerking: Vrae 1 en 2 is nie werklik vrae nie, maar dui slegs die respondentnommer en die kaartnommer, wat gebruik word vir die kodering van die vraelyste, aan. Dieselfde geld vir vrae 29 en 30, wat veranderlikes 45 en 46 verteenwoordig.

Vraag 3: Ouderdom van respondent

Die vraelys wil eerstens vasstel wat die ouderdom van die respondent is. Die inligting word in werklike syfers weergegee. Die doel is om vas te stel of daar enige insigte ten opsigte van 'n miskraam gekoppel kan word aan die ouderdom van die predikant.

In tabelvorm kan dit as volg voorgestel word:

Tabel 1: Ouderdomsverspreiding van respondente

Ouderdom	Frekwensie(f)	Persentasie (%)
20-30	10	9,7
31-40	40	38,8
41-50	31	30,0
51-60	20	19,4
61 en ouer	1	0,9
Totaal	102	98,8

Al die respondente, met die uitsondering van een, het die vraag beantwoord. Die jongste respondent is 27 jaar oud, en die oudste 61 jaar.

Vraag 4: Geslag van respondent

Geslag is belangrik, aangesien mans en vroue waarskynlik nie dieselfde voel oor 'n aangeleentheid soos 'n miskraam nie.

Tabel 2: Geslag van respondente

Geslag	Frekensie (f)	Persentasie (%)
Manlik	97	94,2
Vroulik	6	5,8
Totaal	103	100

Die oorgrote meerderheid predikante van die kerk is manlik, wat reflekteer in die verhouding van die geslagte onder die respondente (Tabel 2). Dit sou interessant wees om die verskil tussen manlike en vroulike respondente se houding ten opsigte van 'n miskraam te bepaal. Die hoofsaaklik manlike reaksie op die vraelyste maak sodanige afleiding egter moeilik.

Vraag 5: Hoogste kwalifikasie in teologie

Die vraag word gestel om 'n algemene beeld te verkry van die vlak van akademiese opleiding van die respondente. Die response word in Tabel 3 saamgevat.

Tabel 3: Hoogste kwalifikasie in teologie

Kwalifikasie	Frekwensie (f)	Persentasie (%)
BD	71	68,9
BD (Hons)	6	5,8
MTh/MDiv	14	13,6
DD	12	11,7
Totaal	103	100

Enige addisionele kwalifikasie bo en behalwe die minimum kwalifikasie (BD-graad) kan in enige van die vele vertakings van die teologie wees.

'n Afleiding ter ondersteuning van die hipotese sou gemaak kon word indien diegene wat oor verdere kwalifikasies beskik, se houding jeens 'n miskraam verskil van dié van diegene wat slegs oor die basiese opleiding beskik.

Vraag 6: Aanvullende kwalifikasies wat verband hou met hulpverlening

Die doel van hierdie vraag was om vas te stel of 'n aanvullende, hulpverlenende kwalifikasie enige invloed uitoefen op die predikant se houding jeens 'n miskraam. Die response word in Tabel 4 weergegee.

Tabel 4: Verbandhoudende aanvullende kwalifikasies van respondente

Aanvullende kwalifikasie	Frekwensie (f)	Persentasie (%)
Pastorale terapie	4	50
Sielkunde	3	37,5
Onderwysdiploma	1	12,5
Totaal	8	100

Slegs 8 uit die totale aantal respondente het oor 'n verdere hulpverlenende kwalifikasie beskik. Dit maak 'n geldige afleiding onmoontlik.

Vraag 7: Huidige beroep

Die vraelyste is hoofsaaklik versprei onder predikante wat primêr met gemeentelede werk. Ter wille van kwalifisering is dit nodig om te noem dat deelsorgpredikante in die Kerk hoofsaaklik primêr met gemeentebearbeiding gemoeid is, maar weens die finansiële omstandighede in sekere gemeentes nie volgens die voorgestelde traktementskale (salarisskale) vergoed word nie. Diesulkes is dus ook, soos die voltydse predikante, primêr met gemeentelede gemoeid. Die tipe betrekkings wat die respondente beklee het, word in Tabel 5 weergegee.

Tabel 5: Tipe betrekking beklee deur leraars

Tipe betrekking	Frekwensie (F)	Persentasie (%)
Voltyds	91	88,3
Deelsorg	12	11,7
Totaal	103	100

Die oorgrote meerderheid (88.3%) respondente beklee 'n voltydse pos. Die res is deelsorg-predikante. Dit is belangrik om hier te beklemtoon dat deelsorg nie beteken deelyds nie

Vraag 8: Aantal jare in huidige standplaas

Kategorisering is belangrik omdat die tydperk wat 'n predikant homself/haarself in 'n bepaalde gemeente bevind, 'n definitiewe invloed op die kwaliteit van hulle verhouding met gemeentelide het.

Tabel 6: Aantal jare wat respondent in huidige standplaas is

Jare	Frekwensie (f)	Persentasie (%)
1-10 jaar	64	62,1
11-20 jaar	37	35,9
21-30 jaar	2	1,9
Totaal	103	99,9

Uit die kategorisering, soos uiteengesit in Tabel 6, is dit opmerklik dat die oorgrote meerderheid respondente (62,1%) hul eerste dekade in die huidige standplaas beleef, terwyl 'n verdere 37% hul tweede dekade in die gemeente beleef. Lidmate het waarskynlik groter vrymoedigheid om 'n bekende predikant om hulp te nader, as iemand wat vir hulle 'n vreemdeling is.

Vraag 9: Totale aantal jare in die bediening

Dit is waarskynlik dat 'n predikant, wat langer in die bediening is, meer ervaring van verskillende terreine wat sy lidmate se wel en weë raak, sal opdoen. Dit kan uiteindelik

ook sy/haar siening beïnvloed. In Tabel 7 word die jare wat die respondente in die bediening is, weergegee.

Tabel 7: Totale aantal jare wat die respondent in die bediening is

Jare	Frekwensie (f)	Persentasie (%)
1-10	32	31,4
11-20	41	39,8
21-30	22	21,3
31-40	7	6,7
Totaal	102	91,2

Opmerking: Een respondent het nie gerepondeer nie.

Soos aangetoon in Tabel 7 is die oorgrote meerderheid respondente in die eerste (1 tot 10 jaar: 31,4%) of in die tweede fase (11 tot 20 jaar: 39,8%) in die bediening.

Ongeveer 70% van die respondente maak dus deel uit van 'n "jonger" geslag predikante.

Vraag 10: Aantal lidmate per gemeente

Die gemeentes van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika is relatief klein, soos uit die response blyk. In stedelike gebiede is gemeentes groter, terwyl kleiner gemeentes oor die algemeen in die landelike gebiede voorkom. In die Kerk word dikwels melding gemaak van die familiële kenmerke in gemeentes, en dat onderlinge gemeentes selfs ook as deel van 'n groter "huisgesin" beskou word. Dit het tot gevolg

dat daar meer persoonlike kontak tussen pastor en gemeentelid behoort te wees. Die predikant behoort ook meer kennis te dra van die persoonlike omstandighede van die lidmate, soos byvoorbeeld swangerskappe, geboortes, ensovoorts.

In Tabel 8 word die aantal lidmate in gemeentes in drie groeperinge, aangedui..

Tabel 8: Aantal lidmate per gemeente

Aantal lidmate	Frekwensie (f)	Persentasie (%)
0-500	69	67,0
501-1000	31	30,0
1001-1500	3	2,9
Totaal	103	99,9

Twee derdes van die gemeentes is klein (minder as 500 lidmate). Die noue en intieme kontak waarvan melding gemaak is, behoort dus hier te geld.

Vraag 11: Aantal kinders per gemeente

Die aantal kinders in die gemeente sou 'n aanduiding kon wees of die gemeente uit jonger lidmate, met potensieel kleiner kinders, of meer gevestigde/bejaarde persone bestaan. Die response op die vraag word in Tabel 9 weergegee.

Tabel 9 : Aantal kinders per gemeente

Aantal kinders	Frekwensie (F)	Persentasie (%)
0-200	83	80,6
201-400	17	16,5
401-600	2	1,9
601-800	1	0,9
Totaal	103	99.9

Hierdie statistiek bevestig die bevinding van die vorige vraag betreffende die aantal belydende lidmate. Gemeentes is oor die algemeen klein, en die aantal kinders stem hiermee ooreen. Dit is nie moontlik om op grond van die inligting uit die vraelyste 'n afleiding te maak ten opsigte van die ouderdomsverspreiding van die lidmate nie.

Vraag 12: Aantal babas gedoop per jaar

Hierdie vraag word gestel om uiteindelik met vraag 20 vergelyk te word. Vraag 20 het ten doel om die hoeveelheid miskrame in die gemeente te probeer vasstel. Die hoeveelheid babas wat gedoop word, behoort te korreleer met die statistiek uit die literatuur dat minstens 25% van alle swangerskappe in 'n miskraam eindig. Indien daar 'n opmerklike verskil voorkom, sal dit aandui dat die hipotese korrek is, naamlik dat die predikante onkundig is met betrekking tot die voorkoms van miskrame in hulle gemeentes. Die response word in Tabel 10 saamgevat.

Tabel 10: Aantal babas gemiddeld per jaar gedoop

Kategorie	Frekwensie (F)	Persentasie (%)
0-5	40	38,8
6-10	35	33,9
11-15	28	27,1
Totaal	103	99,9

Hierdie response word in die volgende afdeling, in die tweede-orde-analise bespreek.

Vraag 13: Huwelikstatus van respondent

Die huwelikstatus sal waarskynlik ook verband hou met die houding jeens 'n miskraam. 'n Getroude predikant, met eie kinders, en/of ervaring van die verlies van 'n baba as gevolg van 'n miskraam, sou insiggewend wees.

Tabel 11: Huwelikstatus van respondent

Kategorie	Frekwensie (F)	Persentasie (%)
Ongetroud	7	6,8
Getroud	96	93,2
Totaal	103	100

Weens die feit dat die oorgrote meerderheid respondente getroud is soos blyk uit Tabel 11, is dit nie moontlik om 'n geldige afleiding te maak met betrekking tot huwelikstatus nie.

Vraag 14: Aantal kere getroud

Hierdie vraag word gestel om vas te stel of die predikant hom/haar in 'n eerste of volgende huwelik bevind, en wat die invloed daarvan op die houding jeens 'n miskraam is.

Tabel 12: Aantal huwelike

Kategorie	Frekwensie (f)	Persentasie (%)
Eerste huwelik	90	93,8
Tweede huwelik	6	6,3
Totaal	96	100

Sewe respondente het die vraag nie beantwoord nie, soos aangedui in Tabel 12. Die oorgrote meerderheid van die getroude respondente bevind hulle in eerste huwelike. Die insidensie van tweede huwelike is egter te laag om 'n verifieerbare afleiding te maak.

Vraag 15: Is die beroep van die eggenoot/eggenote hulpverlenend van aard?

'n Predikant met 'n huweliksmat wie se beroep hulpverlenend van aard is tot sy beroep as predikant, sou waarskynlik ook ander insigte hê met betrekking tot 'n miskraam.

Tabel 13: Hulpverlenende beroepe van egliede

Kategorie	Beroep	Persentasie (%)
1	Onderwyser/es	70,5
2	Maatskaplike werker	6,8
3	Predikant	6,8
4	Verpleegkundige	4,5
5	Mediese praktisyn	4,5
6	Regsgeleerde	2,3
7	Spraakterapeut	2,3
8	Sielkundige	2,3
Totaal		100

Uit die 103 respondente het 59 die vraag negatief of glad nie beantwoord nie, aangesien die eggenoot/eggenote nie in 'n beroep staan nie, of omdat die beroepe waarin hulle wel staan, nie hulpverlenend van aard is tot die werk van die predikant nie. 'n Totaal van byna 25% van die huweliksmaats wat in beroepe staan, beklee 'n hulpverlenende betrekking, soos aangedui in Tabel 13.

Vraag 16: Opvoedkundige kwalifikasie van huweliksmaat

Die vlak van opleiding van 'n huweliksmaat kan ook 'n beduidende invloed hê op die houding van 'n predikant jeens sekere sake.

Tabel 14: Opvoedkundige kwalifikasie: huweliksmaat

Kategorie	Frekwensie (F)	Persentasie (%)
1 Primêre skoolsertifikaat	4	4,2
2 Sekondêre skoolsertifikaat	10	10,5
3 Tegniese (na-skool) sertifikaat	6	6,3
4 Graad/diploma	51	53,7
5 Nagraads	24	25,3
Totaal	95	100

Die oorgrote meerderheid egliede (85,3%) beskik oor die een of ander vorm van na-skoolse opleiding (Tabel 14). Dit sluit ook beroepe in wat hulpverlenend van aard is. Laasgenoemde verteenwoordig 'n persentasie van ongeveer 25% 'n Totaal van 7 van die steekproef is nie getroud nie, en een het die vraag nie beantwoord nie.

Vraag 18: Watter verlies is die grootste?

Uit hierdie tabel sal afgelei kan word of die respondent 'n onderskeid tref tussen die verskillende verliese, naamlik 'n miskraam, doodgebore baba, babasterfte, en of almal ewe intens beleef word.

Tabel 15: Intensiteit van verlies

Kategorie	Frekwensie (f)	Persentasie (%)
1 Miskraam	1	1,0
2 Doodgebore baba	7	6,9
3 Babasterfte	67	65,7
4 Almal ewe groot	27	26,5
Totaal	102	100

Opmerking: een respondent het die vraag nie beantwoord nie.

Uit Tabel 15 is dit is duidelik dat die oorgrote meerderheid van die respondente (65,7%) 'n onderskeid maak tussen die verlies van 'n fetus en die verlies van 'n baba. Hierdie bevinding steun die hipotese dat 'n miskraam as minder traumaties beskou word as 'n kindersterfte.

Van die totale aantal respondente het 26,5% die drie tipes verliese as ewe groot beskou.

Vraag 19: Op watter stadium van swangerskap is 'n miskraam 'n werklike verlies?

Die algemene opvatting is da, hoe langer die swangerskap duur voordat die miskraam voorkom, hoe meer word die betrokkenes daardeur geraak. Hierdie vraag wil vasstel of hierdie persepsie waar is.

Tabel 16: *Wanneer is miskraam 'n verlies?*

Kategorie	Frekwensie (f)	Persentasie (%)
1 0-3 maande	5	4,9
2 3-6 maande	9	8,7
3 6-9 maande	29	28,2
4 Enige stadium	58	56,3
5 Miskraam is nie 'n verlies nie	2	1,9
Totaal	103	100

Die kategorisering van die reaksie op hierdie vraag is insiggewend, aangesien die literatuur uitwys dat 'n miskraam op *enige* stadium van swangerskap ewe traumaties is. Uit Tabel 16 wil dit voorkom asof meer as helfte van die respondente (56,3%) toegee dat 'n miskraam op enige stadium ewe traumaties is. Wat die res aanbetref, wil dit egter voorkom asof hulle die duur van die swangerskap direk koppel word aan die intensiteit van die verlies.

Vraag 20: Aantal miskrame gedurende die afgelope 5 jaar

Soos by vraag 12 aangetoon, word hierdie vraag as kontrole tot vraag 12 ingebou, om 'n korrelasie tussen die aantal dopelinge (en daarmee saam aantal geboortes), en die aantal miskrame waarmee te make gekry is, te verkry.



Tabel 17: *Aantal miskrame: 5 jaar periode*

Kategorie	Frekwensie (f)	Persentasie (%)
Geen	24	23,3
0-5	59	57,3
6-10	10	9,7
11-15	4	3,9
16-20	2	1,9
Meer as 20	3	2,9
Nvt	1	1,0
Totaal	103	99,9

In totaal (vgl. Tabel 20) is daar gedurende die afgelope 5 jaar veel minder miskrame aangemeld as die totale bevolking van kinders in die gemeentes. Indien in gedagte gehou word dat 25% van alle swangerskappe potensieel in miskrame eindig, dui dit op oningeligtheid aan die kant van die predikante.

Vraag 21: Aantal kindersterftes die afgelope 5 jaar

Dit is belangrik dat daar ook kennis geneem word van die aantal kindersterftes wat in die gemeentes voorkom en ook die optrede van die predikant in sulke gevalle.

Tabel 18 dui die aantal kindersterftes per gemeente aan.

Tabel 18: Kindersterftes 5 jaar periode

Aantal sterftes	Frekwensie (f)	Persentasie (%)
Geen	45	43,7
0-5	50	48,5
6-10	7	6,8
11-15	1	1,0
Totaal	103	100

Vraag 22: Optrede in die geval van 'n miskraam

Hierdie vraag word gestel na aanleiding van die vorige vraag oor die aantal kindersterftes, en ook in verband met die vraag betreffende die optrede in onderskeidelik die voorkoms van 'n miskraam enersyds, en 'n kindersterfte andersyds, om enige diskrepancies waar te neem.

Tabel 19: Optrede in die geval van 'n miskraam

Kategorie	Frekwensie (f)	Persentasie (%)
1 Geen	2	1,9
2 Besoek ouers	93	90,2
3 Diensgroep/Omgeegroep	10	9,7
4 Maatskaplike werker	6	5,8
5 Professionele persoon	31	30,0
6. Ander	6	5,8
Totaal	Sommige respondente dui meer as een kategorie aan	

Uit Tabel 19 is dit is duidelik dat die oorgrote meerderheid predikante die ouers besoek. Die meerderheid het ook aangedui dat hulle, indien dit nodig geag word, die ouers na 'n ander professionele persoon sal verwys vir verdere hulp.

Vraag 23: Optrede in die geval van 'n kindersterfte

Dit is belangrik om vas te stel watter optrede die predikant volg nadat hy kennis geneem het van 'n kindersterfte in sy gemeente. Uit die reaksie is dit duidelik dat al die predikante die afsterwe van 'n kind in 'n ernstige lig beskou. Almal besoek die ouerpaar, dikwels by wyse van 'n reeks besoeke. Indien nodig, word ondersteuningsgroepe ook betrek, en verwysing na professionele persone is algemeen. Hieruit is dit duidelik dat 'n kindersterfte 'n meer simpatieke reaksie tot gevolg het as 'n miskraam, wat beduidende onsekerheid by die predikant teweegbring. Die predikant het gewoonlik geen twyfel oor wat sy rol is wanneer 'n kindersterfte plaasvind nie, terwyl hy dikwels onsekerheid ervaar met betrekking tot sy rol na die voorkoms van 'n miskraam in 'n gesin.

Vraag 24: Watter ouer beleef die mees intense emosies na 'n miskraam?

Die hipotese stel dat die hele gesin geraak word deur die gebeure rondom 'n miskraam. Die vermoede bestaan egter dat, indien daar wel aandag geskenk word aan miskraamgevalle, dit hoogstens die moeder is wat aandag kry.

Tabel 20: *Mees intense emosie na miskraam*

Kategorie	Frekwensie (f)	Persentasie (%)
1 Vader	1	1,0
2 Moeder	75	72,8
3 Beide	27	26,2
Totaal	103	100

Ongeveer 'n kwart van die respondente oordeel, soos aangedui in Tabel 20, dat beide ouers ewe veel verlies beleef tydens die miskraam, terwyl die oorgrote meerderheid (72,8%) die meeste emosie aan die moeder toedig. Die literatuur (soos aangetoon deur onder andere Lindbergh 1973:270; Littlefield 1984:2743 en Lutz 1994:442) dui egter aan dat beide ouers ewe veel verlies beleef, maar dat die moeder die meeste aandag ontvang.

Vraag 25: Watter ouer beleef die mees intense emosie na 'n kindersterfte

Soos in die vorige vraag, wil vasgestel word of daar 'n verskil is in belewing van die vader en die moeder onderskeidelik. Dit is ook nodig om vas te stel of daar 'n verskil is met betrekking tot hierdie response en dié op die vorige vraag.

Tabel 21: *Emosies na 'n kindersterfte*

Kategorie	Frekwensie (F)	Persentasie (%)
1 Vader	0	0
2 Moeder	24	23,3
3 Beide	79	76,7
Totaal	103	100

Die meerderheid respondente (77%) gee toe dat albei ouers diep geraak word deur die afsterwe van 'n baba of kind. 'n Totaal van 23,3% oordeel egter dat die moeder tog meer geraak word as die vader (vgl. Tabel 2)

Wanneer hierdie response met die vorige vergelyk word, is dit duidelik dat die hipotese hier ondersteun word. 'n Baba- of kindersterfte word in 'n baie meer ernstige lig gesien as 'n miskraam.

Vraag 26: Het u al self 'n miskraam beleef?

Dit behoort insiggewend te wees om te sien in welke mate die eie belewenis van 'n miskraam 'n predikant se siening en hantering van 'n miskraam in sy gemeente beïnvloed.

Tabel 22: Self 'n miskraam beleef

Kategorie	Frekwensie	Persentasie
1 Ja	30	30,6
2 Nee	68	69,4
Totaal	98	100

Opmerking: 5 respondente het nie die vraag beantwoord nie. Dit sluit waarskynlik diegene in wat ongetroud is, terwyl die res van die ongetroudes by kategorie 2 (nee) kon reageer.

Uit die reaksie (soos aangedui in Tabel 22) is dit duidelik dat die statistiek rondom die insidensie van miskrame nie oordryf word nie. 'n Totale persentasie van 30,6% het wel persoonlik 'n miskraam in hul eie huwelik beleef. Dit bevestig die gegewens in die literatuurstudie dat 25% van swangerskappe in 'n miskraam eindig.

Vraag 27: Rol van die predikant in die geval van 'n miskraam

Hierdie vraag behoort aan te toon hoe belangrik die predikant sy eie rol sien in terme van betrokkenheid by 'n miskraam.

Tabel 23: Rol van predikant

Kategorie	Frekwensie (f)	Persentasie (%)
1 Baie belangrik	38	36,9
2 Belangrik	53	51,5
3 Van min belang	12	11,7
4 Van geen belang	0	0,0
Totaal	103	100

Soos aangedui in Tabel 23 oordeel al die respondente oordeel dat die predikant wel 'n rol te speel het wanneer 'n miskraam voorkom. Hiervan voel ongeveer die helfte (51,5%) dat die rol belangrik is, terwyl 36,9% oordeel dat die predikant 'n baie belangrike rol te speel het. 'n Kleiner groep (11,7%) oordeel dat die rol wat die predikant te speel het, van min belang is. Wanneer die statistiek geïnterpreteer word, is dit insiggewend om te merk dat 'n totaal van 63% die predikant se rol wel belangrik is.

Vraag 28: Gevoel van predikant in miskraamsituasie

Dit is belangrik om te wete te kom wat die predikant self ervaar wanneer hy/sy met 'n miskraam gekonfronteer word. Die reaksie op hierdie vraag is van deurslaggewende belang vir die studie, aangesien hieruit duidelik sal blyk of daar wel 'n ongemak met die situasie is, soos gepostuleer word.

Tabel 24: Belewensisse van die predikant in die geval van 'n miskraam

Kategorie	Frekwensie (f)	Persentasie (%)
1 Verleentheid	3	2,9
2 Onsekerheid	16	15,7
3 Terughoudendheid	2	2,0
4 Behoeft om te troos	71	69,6
5 Respek vir ouers se privaatheid	5	4,9
6 Nvt	5	4,9
Totaal	103	100

Uit die reaksie soos aangedui in Tabel 20, is dit duidelik dat die meerderheid predikante (68,6%) die behoefte het om op die een of ander wyse betrokke te raak by die ouers wat 'n miskraam beleef. Dit is veral die behoefte om te gaan vertroos wat sterk uitstaan. Daar kom egter weinig hiervan in die praktyk tereg. Die verleentheid, onsekerheid, terughoudendheid en respek vir die ouers se privaatheid kan dien as verskonings, omdat die predikant nie weet wat in die situasie van hom verwag word nie.

Opmerking: Items 29 en 30 op die vraelys is nie werklik vrae nie, maar slegs koderingsnommers vir die gebruik van 'n nuwe kaart vir die ontleding van die vraelys.

Vraag 31: Eie ervaring rondom ouers se emosies

Die respondente het almal beleef dat ouers velerlei emosies beleef, waarvan depressie, verlange, tranerigheid en die behoefte om te praat die grootste was. 'n Aantal moontlikhede is kategoriaal aangedui, met 'n oop-vraag moontlikheid om enige ander emosie wat beleef word, aan te dui. Die reaksies word in Tabel 25 weergegee.

Tabel 25: Reaksies van respondente rondom ouers se belewenisse

Emosie wat beleef word	Hoeveelheid aangedui
Hartseer	91
Depressie	62
Behoeftte om te praat	59
Tranerigheid	56
Skok	50
Verlange	43
Beheersdheid	34
Aggressie	31
Bitterheid	31
Skuldgevoelens	29
Onbekwaamheid om 'n kind in die wêreld te bring	22
Opstandigheid by herhaaldelike miskrame	21
Alles gebeur met 'n doel	20
Onsekerheid of die fetus 'n "persoon" was	19
Teleurstelling	18
Ontkenning	17
Angs	13
Geloofstwyfel	17
Ouers meld nie aan	16
Onverskilligheid	8
Kilheid	7
Verligting	3

Dit is duidelik uit die reaksie, en veral uit die oop-vraag gedeelte, dat 'n velerlei reaksies gewoonlik deel van hierdie ouerpaar se gemoed uitmaak. Hierdie gevoelens behoort aandag te kry.

Vraag 32: Die effek van die miskraam op die gesin as sisteem

Uit die respondente het 4 die vraag nie beantwoord nie, en aangedui dat hulle geen ervaring hiervan het nie. Die respondent moes ook by kategorieë 5 en 6 onderskeidelik aandui of die ander kinders in die gesin ook deur die gebeure rondom die miskraam geraak word, en, indien hulle wel geraak word, in watter mate.

Tabel 26 Invloed: gesinsisteem

Kategorie	Frekwensie (F)	Persentasie (%)
1 Geen effek op gesin	5	5,1
2 Slegs moeder geraak	0	0,0
3 Slegs vader	0	0,0
4 Slegs ouers geraak	19	19,2
5 Ander kinders ook geraak	19	19,2
6 Ander kinders in 'n mindere mate	56	56,6
Totaal	79	100

'n Totaal van 4 respondente het die vraag nie ingevul nie.

Op hierdie vraag was daar geweldige verskil van mening (Tabel 25) Uit die reaksie is dit duidelik dat die respondente nie weet wat die effek van 'n miskraam werklik op 'n gesin is nie. Die hipotese word hierdeur bevestig.

Vraag 33: Moet die hele gesin betrek word by pastorale begeleiding?

Aangesien die tema van die studie aantoon dat daar vasgestel wil word wat die effek van die miskraam op die gesin as sisteem is, en dat die literatuur juis aandui dat die hele gesin deur die gebeure geraak word, is dit nodig om hierdie vraag te stel.

Tabel 27 Betrokkenheid by pastorale begeleiding

Kategorie	Frekwensie (f)	Persentasie (%)
1 Ja	45	45,5
2 Nee	24	24,2
3 Onseker	30	30,3
Totaal	99	100

Hoewel die meerderheid respondente in die vorige vraag aangedui het dat die hele gesin in mindere of eerdere mate deur 'n miskraam beïnvloed word, het min van hulle klaarheid oor hoe presies hulle behoort op te tree. Slegs 45,5% van die respondente (Tabel 27) kon met oortuiging verklaar dat die hele gesin by die begeleiding betrokke behoort te wees.

5.5.3 Tweede- orde analise

In die voorafgaande gedeelte is die vraelyste breedvoerig verduidelik, tabelle weergegee en voorlopige afleidings gemaak. Vervolgens is daar ook tweerigtingtabelle opgetrek ten einde vas te stel of daar enige afleidings gemaak kan word uit kombinasies van die vrae en tabelle. Hierdie gevalle word nou weergegee, met 'n verduidelikende inleiding, gevolg deur die tabel, en die afleidings wat daaruit gemaak kan word.

By sommige vergelykings word die sogenaamde chi- kwadraattoets uitgevoer. Die doel van hierdie toets is om die tabel statisties te toets. Die resultaat word telkens volgens die p- (persentasie) waarde getoets. Die p-waarde word vergelyk met 0.05. Indien dit groter is as 0.05 is dit dus betekenisvol op 'n 5%-peil van betekenis.

Geval 1: Veranderlike 16 word vergelyk met Veranderlike 18:

Veranderlikes 16 en 18 word met mekaar vergelyk (Tabel 27) ten einde vas te stel of daar enige verwantskap bestaan tussen die opvoedkundige kwalifikasies van die eggenoot/eggenote van die predikant, en die intensiteit van verskillende verliese, te wete 'n premature sterfte, of 'n babasterfte, en of albei ewe intens beleef word.

Tabel 28: Vergelyking van kwalifikasie van huweliksmaat met die belewenis van die intensiteit van die verlies

	Basiese skool	Graad/ diploma	Nagraads	Totaal
Premature sterfte	10	8	8.33	8
Kindersterfte	55	72	66.67	63
Almal ewe groot	35	20	25	23
Totaal	20	50	24	94

'n Chi-kwadraattoets is uitgevoer, met die doel om vas te stel of die persentasieverskil betekenisvol is. 'n P- waarde van 0,735 is gevind (vergelyk met 0.005). Die p-waarde is groter as 0.05 en dus nie statisties betekenisvol op 'n 5%-peil van betekenis nie. Dus het die opleidingsvlak van predikante se huweliksmaats nie 'n effek op die predikant se siening aangaande die grootste verlies nie.

Geval 2: Veranderlike 17 vergelyk met veranderlike 18

By veranderlike 17 word vasgestel of die predikant self enige kinders het, en wanneer dit vergelyk word met veranderlike 18, naamlik watter vorm van verlies is die grootste, sal getoon kan word of eie kinders die predikant se siening jeens moontlike verliese beïnvloed (Tabel 28).

Tabel 29: Vergelyking van eie kinders en die siening van die grootste verlies

	1 kind	2 kinders	3 of meer kinders	Totaal
Premature sterfte	7.14	9.76	5	7
Kindersterfte	42.86	60.98	80	63
Almal ewe groot	50	29.27	15	25
Totaal	14	41	40	95

n Chi- kwadraattoets is uitgevoer. Die p- waarde is 0.086, en dus nie statisties betekenisvol nie. Daar is met ander woorde geen verskil in die siening wat predikante huldig oor die grootste verlies by predikante wie se huisgesingrootte verskil nie. Dit blyk egter dat predikante met *meer* kinders 'n babasterfte as die grootste verlies beskou.

Geval 3: Veranderlike 18 vergelyk met veranderlike 19

Veranderlike 18 meet die intensiteit van die verlies, en word hier vergelyk met veranderlike 19, wat wil vasstel op watter stadium van swangerskap die predikant dit as die grootste verlies beskou. Die resultaat word in Tabel 29 uiteengesit.

Tabel 30: Watter verlies is die grootste in vergelyking met stadium van swangerskap waartydens miskraam voorkom

	Vroeë stadium	Laat stadium	Enige stadium	Totaal
Premature sterfte	7.14	10.34	7.02	8
Kindersterfte	78.57	82.76	52.63	65
Almal ewe groot	14.29	6.9	40.35	27
Totaal	14	29	57	100

Die chi- kwadraattoets is uitgevoer, en 'n resultaat van 0.015. Dit is dus statisties betekenisvol op die 5% peil van betekenis. Dus is daar 'n statisties betekenisvolle verband tussen die siening oor die grootste verlies en die stadium van swangerskapsmislukking. Die belangrikste waarneming uit die tabel is dat die groep predikante wat enige stadium van miskraam as werklike verlies sien, babasterfte en miskraam as ewe groot verlies beskou.

Geval 4: Veranderlike 18 vergelyk met veranderlike 42:

Veranderlike 18 toon aan watter verlies as die grootste beskou word, en word in hierdie geval vergelyk met veranderlike 42 (Tabel 30). Laasgenoemde veranderlike bepaal of die predikant self al 'n miskraam in sy/haar huwelik beleef het.

Tabel 31: 'n Vergelyking tussen watter tipe verlies predikante as die grootste beskou hul eie persoonlike ervaring van miskraam

	Ja (het al beleef)	Nee (het nie 'n miskraam beleef nie)	Totaal
Pre-mature sterfte	6.9	8.82	8
Kinder sterfte	72.41	64.71	65
Almal ewe groot	20.69	26.47	24
Totaal	29	70	97

'n Chi- kwadraattoets is uitgevoer, en toon 'n waarde van 0.761. Daar is dus geen verskil in siening by predikante wat self ervaring gehad het van miskraam en diegene wat nie eie ervaring gehad het nie.

Geval 5: Veranderlike 20 in vergelyking met veranderlike 21

Veranderlike 20 toon aan met hoeveel miskrame die predikant die afgelope 5 jaar in die bediening te doen gekry het, en veranderlike 21 toon aan met hoeveel kindersterftes hy te doen gekry het, (Tabel 32).

Tabel 32: Aantal miskrame in vergelyking met aantal kindersterftes

	Geen	1 of meer	Totaal
Geen	40	10,53	24
0-5	57,78	57,89	59
Meer as 5	2,22	31,58	19
Totaal	45	57	102

'n Chi- kwadraattoets is uitgevoer met 'n resultaat van 0.001. Daar is dus 'n betekenisvolle verskil in terme daarvan dat veel meer kindersterftes gerapporteer is as wat die geval was met miskrame.

Geval 6: Veranderlike 12 word vergelyk met veranderlike 20

Die twee veranderlikes wat hier met mekaar in verband gebring word, is veranderlike 12 wat vasstel hoeveel babas daar gemiddeld per jaar gedoop word, met veranderlike 20, wat aandui hoeveel miskrame daar was, en veranderlike 12, wat aandui hoevel babas per jaar in die gemeente gedoop word (Tabel 33) Die motivering vir hierdie vergelyking is om agter te kom of die aantal dopelinge (geboortes) meer of minder is as die aantal miskrame. Hieruit sal dan vasgestel kan word of die predikant bewus is van miskrame: ongeveer 25% van die totale aantal dopelinge behoort statisties gesproke die getal miskrame te wees.

Tabel 33: Aantal miskrame teenoor aantal babas gedoop

	0-5	6-10	11-50	Totaal
Geen	34,21	11,76	23,33	24
0-5	63,16	70,59	36,67	59
Meer as 5	2,63	17,65	40	19
Totaal	38	34	30	102

Die chi-kwadraattoets is uitgevoer en het 'n p-waarde van 0.001 aangedui. Hiermee word aangetoon dat in gemeentes met baie dopelinge daar ook 'n hoër frekwensie miskrame onder die predikante se aandag gekom het, meer so as by gemeentes met minder dopelinge.

5.4 Gevolgtrekkings

Nadat die vrae afsonderlik ontleed is, kan gevolgtrekkings gemaak word uit die reaksie voorhande:

1. Die betrokkenheid van die predikant by die lidmaat in nood behoort steeds prioriteit in elke gemeente te wees. Kennis moet geneem word van die verwagtinge van lidmate in hierdie verband, soos dit in die literatuur aangetoon word deur onder andere Brown (1993:477); Thomas (1993:295) en Lee, Slade en Lygo (1996:54).

2. Daar moet verder kennis geneem word daarvan dat die meeste predikante slegs oor die basiese kwalifikasie vir toelating tot die evangeliebediening beskik, soos in die response op vraag 5 van die vraelys aangedui is. Hoewel daar in die opleiding aandag gegee word aan die verskillende fasette van gemeentebediening, is die miskraamsituasie 'n spesialiteitsrigting wat nie in diepte gedek word nie. Die gemiddelde predikant sal nie bewus wees van die behoefte wat daar by sy lidmate bestaan in hierdie verband nie. Dit verklaar waarskynlik ook die onbeholpenheid waarmee predikante hierdie situasie hanteer.
3. Die vraelysontleding toon duidelik 'n leemte in hierdie verband in die mondering van die meeste predikante. Die oorgrote meerderheid was dit byvoorbeeld eens dat hulle die behoefte gehad het om te gaan vertroos onder sulke omstandighede, maar weinige dra kennis van die gebeure rondom 'n miskraam. Die reaksie op vraag 28 van die vraelys toon hierdie leemte baie duidelik.
4. Die situasie in die Kerk leen hom tans uitstekend vir die verdere toerusting van predikante in spesialiteitsgebiede. Uit die vraelyste is dit duidelik dat daar tans groot stabiliteit in gemeentestandplase bestaan. As gevolg van skaarsheid aan beroepe, bly predikante langer in 'n gemeente. Hegter bande word ook met gemeentelede gesmee. Die feit dat die gemeentes van die Nederduitsch Hervormde Kerk relatief klein is, kan positief benut word in terme van baie persoonlike kontak en meelewing.
5. Die oorgrote meerderheid van die respondente beleef hulle eerste of tweede dekade in die gemeentebediening. Ervaring ontbreek dikwels nog in die eerste jare. Dit

is egter nie moontlik om af te lei of die hantering van hierdie soort krisis met die verloop van jare verbeter nie. Die vermoede bestaan wel dat dit so is. Deur middel van bemagtiging deur inligting, sou hierdie leemte aangespreek kon word, en sou selfs jong predikante die situasie kon hanteer.

6. Dat die predikante oor die algemeen nie 'n miskraam as 'n ewe groot verlies as 'n baba-/kindersterfte beskou nie, het duidelik uit die vraelyste na vore gekom. Blote kennisname van hierdie feit sou al positief kon inwerk en houdings beïnvloed.

7. Groot onkunde heers verder onder die predikante betreffende die feit dat 'n miskraam, ongeag die stadium van swangerskap, *per se* 'n verlies is. Die algemene gevoel was dat hoe langer die swangerskap geduur het voor die miskraam plaasgevind het, hoe meer intens was die verlies.

8. Die hoeveelheid miskrame wat aangedui is gedurende die afgelope vyf jaar, was opmerklik laag. Dit versterk die vermoede dat predikante nie bewus is van hierdie gebeure in die lewens van hulle lidmate nie.

9. Groot onkunde bestaan ook in die geledere van die predikante met betrekking tot die belewenis van die vader en dié van die moeder na 'n miskraam. Die algemene persepsie bestaan dat die moeder hoofsaaklik die een is wat die teleurstelling beleef en ervaar, terwyl die vader min of geen gevoelens omtrent die saak het nie.

10. Hoewel al die respondente oordeel dat die predikant 'n rol te speel het na 'n miskraam, word dit allerweë nie so belangrik beskou as na die afsterwe van 'n kind nie.

11. Die algemene gevoel is dat die gesin as sisteem geraak word deur die gebeure rondom 'n miskraam. Wanneer dit egter met die literatuur vergelyk word, is dit duidelik dat die impak op die lewens van elke gesinslid hopeloos onderskat word. Navorsers soos Madden (1994:1682); Rosenfeld (1991:1682) en Slade (1994:9) het egter bevind dat die hele gesin as sisteem op die een of ander wyse direk geraak word deur die gebeure. Hierdie impak op die ander lede van die gesin, behoort in die bemoeienis behoorlik verdiskonteer te word.

12. Bemoeienis behoort op geestelike vlak te geskied. Die predikant is immers die verteenwoordiger van God wat barmhartigheid aan Sy kinders wil bewys. Hy verkondig die hoop. Hy kan nie anders as om te vertroos vanuit die Woord nie. Hierdie bemoeienis is op 'n ander vlak as 'n bloot belangstellende, of selfs terapeutiese vlak. Die situasie leen hom uitstekend vir die verkondiging van die hoop in Christus.

HOOFSTUK 6 ONTWERP VAN 'n PRAKTYKTEORIE

Soos in die probleemstelling geformuleer, het hierdie studie ten doel om te bepaal wat die houding van die pastor is ten opsigte van 'n miskraam. Konkluderend sal daar gepoog word om op grond van die resultate van die navorsing, soos verkry uit die literatuurstudie en die empiriese gedeelte, teorie en praxis in wisselwerking te integreer om tot 'n nuwe voorlopige praktykteorie te kom.

Die hipoteses wat as vetrekpunt van die ondersoek gedien het, was dat:

- ♦ daar 'n leemte in die pastoraat bestaan aan die versorging van persone wat 'n miskraam beleef het;
- ♦ miskrame dikwels met lompheid en ongemak deur die pastor hanteer word;
- ♦ weinig in die literatuur en opleiding beskikbaar is om die pastor by te staan in sy omgang met die slagoffers van miskrame;
- ♦ indien die effek van 'n miskraam beter deur die pastor begryp word, dit kan bydra tot meer sinvolle en doelgerigte hulpverlening.

Die doel van die studie is om op grond van die navorsingsprobleem die faktore wat aanleiding tot gebrekkige pastorale begeleiding gee, te identifiseer en op grond daarvan 'n raamwerk te bied vir die moontlike toerusting van predikante wat tot 'n meer doelgerigte bediening kan lei.

Die pastorale praktykteorie sal meehelp in die daarstelling van 'n toerustingskursus.

Uit die empiriese navorsing, soos in Hoofstuk 5 vervat, blyk duidelik dat, ter ondersteuning van die hipotese, die pastor nie altyd die nodige aandag aan miskraamslagoffers skenk nie. Die leemtes is uitgewys, en kom hoofsaaklik daarop neer dat die pastor graag betrokke *wil* wees, maar nie weet *hoe* hy dit moet doen nie. Dit is duidelik dat, in die geval van 'n kindersterfte, daar geen twyfel by die pastor bestaan oor sy rol in die proses van begeleiding nie, maar dat in die geval van 'n miskraam, hy met groot onbeholpenheid te werk gaan. Dit wil voorkom asof hy onseker is oor wat van hom verwag word. Wat baie opmerklik is, is die feit dat *al* die respondente aangedui het dat hulle 'n behoefte het om te gaan vertroos. Dit wil dus voorkom asof die gesindheid van die predikante positief is, maar dat daar ruimte is vir leiding oor die *hoe*.

Die literatuur dui onomwonde op 'n leemte in die pastoraat in die hantering van 'n miskraam. Uit die empiriese ondersoek het geblyk dat die oorgrote meerderheid van die respondente oor geen spesialiteitskwalifikasies beskik wat hulle in staat stel om doelgerigte ondersteuning te bied nie. Hunt (1984:265) het aangetoon dat die hantering van 'n miskraam 'n spesialiteitsveld is. Hy noem dit: "A ministry long neglected".

Die navorsing het ook gewys op grootskaalse oningeligtheid by predikante ten opsigte van hulle lidmate se persoonlike en emosionele verliese.

6.1 Voorlopige praktykteorie

Verskillende faktore behoort in ag geneem te word in die begeleiding van 'n gesin in 'n roumart-situasie. Daar is verskeie kere ook melding gemaak van die feit dat die

miskraamsituasie waarna in hierdie studie verwys word, 'n situasie is wat besondere aandag vereis.

6.1.1 'n Strategie vir die pastorale begeleiding van gesinne wat 'n miskraam beleef het

6.1.1.1 Toerustingskursus vir predikante

Predikante moet in 'n toerustingskursus bewus gemaak word van die faktore wat die gesin beïnvloed. Daar is reeds genoem dat die miskraam 'n situasie meebring wat besondere aandag vereis. Literatuur of 'n toeganklike inligtingstuk oor die volgende onderwerpe moet as studiemateriaal beskikbaar gestel word:

- ♦ Die impak van die verlies van 'n fetus op ouers en die gesin. Die literatuurstudie ondersteun hierdie aanbeveling, waar gevind is dat die miskraam 'n definitiewe invloed op elke lid van die gesin afsonderlik het, hetsy bewustelik of onbewustelik.
- ♦ Kennis van die roumartproses. In hoofstuk 3 is roumart breedvoerig bespreek. Daar is uitgewys dat roumart die reaksie is op die verlies van 'n geliefde of abstraksie. Wanneer 'n ervaring van verlies voorkom, kan rou ontstaan. Dit is noodsaaklik dat die pastor kennis sal dra van die verskillende fases van rou. Dit word genoodsaak sodat daar onderskei kan word tussen "normale" rou en patologiese rou. Enige roureaksie hou onder andere die

volgende in: 'n skokreaksie, verligting (gewoonlik na die begrafnis), 'n weenreaksie, en somatiese reaksie, waar fisiese simptome ontstaan. Later volg die intense verlange. 'n depressiefase, aggressie, skuldgevoelens en angs. Hierdie gevoelens en reaksies is normaal. Dit is egter wanneer rou buite die normale begin manifesteer dat patologie kan ontwikkel. In die geval soos 'n miskraam kan dit baie maklik gebeur, juis omdat daar dikwels onbegrip is vir die miskraamslagoffer en die gesin soos reeds bespreek. Wanneer daar na 'n redelike tyd nie 'n fase van heraanpassing aanbreek nie, tree patologie in. Lin en Lasker (1996:263) het gewys op kroniese rou wat die algemeenste is by patologiese rou. Die rouproses word gewoon net nie afgehandel nie. Verder is daar dan ook verlengde rou, waar die slagoffer aanvanklik geen inisiële rou simptome toon nie. Dit manifesteer eers later en die risikogroep is persone wat hulle rou onderdruk, of nie toegelaat word om te rou nie. Persone wat miskrame beleef het, sou hier 'n groot risiko wees.

- ♦ In die voorgestelde kursus moet die predikante ingelig word rondom die teologiese perspektiewe oor die status van die fetus, lewe en dood, die genade en die vraag oor die sin van lyding. Die pastor moet vir homself die vraag beantwoord oor wat die Bybel oor die dood sê. Dit is ook belangrik om kennis te neem van die Bybelse fundering van die waarde van die kind. Reeds vanaf die skepping was die opdrag immers om vrugbaar te wees, te vermeerder en die aarde te vul. Voortdurend word in die Ou Testament melding gemaak van die seën wat 'n talryke nageslag bring. Een van die hoogtepunte in die waardering van premature lewe word in Psalm 139 gevind waar die

Psalmdigter hom verwonder oor die feit dat God hom reeds *geken* het voordat hy die lewenslig aanskou het. *Dit* is die status van die fetus voor God.

- ♦ Vervolgens moet predikante ook ingelig word oor die waarde van rituele. In die geval van 'n babasterfte of die dood van 'n ander geliefde, vind daar gewoonlik 'n ritueel plaas: 'n begrafnis volgens die kerklike tradisie. Die waarde van 'n ritueel rondom die dood is waarskynlik daarin geleë dat dit aan die beproefde op 'n aanvaarbare wyse die ruimte bied om openlik te treur. Ná 'n miskraam is daar gewoonlik nie so 'n geleentheid nie. Daar is breedvoerig gewys op die werkswyse by hospitale rondom die hantering van die oorskot van 'n miskraam.
- ♦ Wanneer daar egter rekening gehou word met die waarde van 'n ritueel, onder andere dat dit 'n geleentheid bied om op aanvaarbare wyse betekenis te gee aan die verlies wat beleef is, word dit noodsaaklik dat die predikant 'n metode sal vind om 'n ritueel uit te voer. So 'n ritueel ná 'n miskraam sou 'n intieme wydingsdiens aan huis van die ouers, of selfs in die kerk kon insluit. Hier moet kreatief gedink word. Die predikant moet, in 'n idioom waarbinne hy gemaklik voel, hierdie ritueel saam met die gesin uitvoer. Die ritueel het definitiewe terapeutiese waarde, en die beproefde se reaksie tot die dood moet nie liniêr gesien word nie.

6.1.1.2 Ondersteuningsisteme

Onder geloofsgenote bestaan daar gewoonlik 'n baie hegte ondersteuningsstelsel. Hierdie stelsel moet ontgin en benut word.

Medegelowiges se ondersteuning is van onskatbare belang; trouens daar is vroeër gewys op die behoefte van kerklidmate dat hulle kerkgemeenskap kennis moet neem van hulle leed en sorge, en ondersteuning moet bied.

Omdat die miskraam dikwels skielik plaasvind, en vanweë die feit dat dit in die moderne tyd 'n eenvoudige mediese prosedure meebring, vind langdurige hospitalisasie gewoonlik nie plaas nie. Die kans is dus skraal dat die predikant die vrouelidmaat tydens sy roetine hospitaalbesoek sal raakloop. Hier speel die wykskerkraad 'n onontbeerlike rol. Die ouderling wat die wel en weë van sy wykslidmate op die hart dra, sal ook kennis dra van hulle vreugdes en hartseer. Indien hy/sy bewus word van 'n gebeure soos byvoorbeeld die verlies wat 'n miskraam meebring, behoort dit aan die predikant gekomunikeer te word.

Diensgroepe/omgeegroepe word baie suksesvol in gemeentes gebruik. Die rol van so 'n groep belangstellende medegelowiges kan van onskatbare waarde wees vir die beproefde gesin. Dieselfde beginsel geld ook vir die wykslidmate wat by mekaar betrokke is.

Die predikant sal goedsikks ook van professionele persone gebruik kan maak wanneer die situasie dit verg. Hier word gedink aan die verwysing van lidmate na 'n professionele persoon soos 'n sielkundige wanneer patologiese rou byvoorbeeld voorkom. Dit moet hier weer beklemtoon word dat die predikant sal moet kan onderskei tussen normale en abnormale optrede en

gedrag wat met die rouproses gepaard gaan, ten einde in staat te wees om die korrekte verwysing te doen.

6.1.1.3 Strategieë in gesprekvoering

Pastorale gesprekke rondom die miskraamgebeure behoort strategies te geskied. 'n Moontlikheid is om byvoorbeeld eers met die ouers afsonderlik te gesels oor die gevoelens wat hulle ervaar, en ook met die egpaar gesamentlik. Afhangend van die ouderdom van die kinders, kan hulle in opvolggesprekke met die gesin betrek word. Die feit is reeds beklemtoon dat elke gesinslid op die een of ander wyse beïnvloed word deur die gebeure rondom 'n miskraam.

Müller (1996) se pastoraat van narratiewe betrokkenheid, waarop vroeër gewys is, behoort in gesprekvoering behoorlik verdiskonteer te word. Die narratief bied juis die moontlikheid om deur middel van die verhaal 'n nuwe storiemoontlikheid oop te maak. Müller stel eerstens dat daar 'n verhaal van nood bestaan. Mense soek hulp by die pastor omdat daar êrens 'n haakplek is. Die pastor se taak is om na die stories van die lidmaat te luister, en dit dan te interpreteer. Hy stel dat hulle hul eie verklaring het van die pyn, maar dat hulle eie verklaring nie regtig help nie. Die storie het te pynlik geword. Nou het hulle 'n luisteraar nodig wat met 'n beter verklaring vorendag kan kom, om die storie minder pynlik te help maak.

Müller stel ook: "Elke mens het 'n storie" (1996:111). Hiermee word gewoonlik na die verlede verwys. Die verlede kan nooit ontken word nie, omdat dit deel is van die persoon se identiteit. Die toekoms kan nie gekonstrueer word sonder die verlede nie. Deur die vertel van die dikwels pynlike verlede, word boustene gevorm vir die konstruksie van die toekoms. Maar ook die teenwoordige tyd is belangrik. Dit is gelaai met die toekoms. "Omtrent elke aksie wat ons neem, veronderstel 'n wagtende toekoms: om in die tuin te werk, om 'n afspraak te maak, om hout vir die vuur te kap..." (Müller 1996:115).

6.1.1.4 Gebruik van die Skrif en modi tot operasionalisering

Vir die pastorale gesprek is die gebruik van die Bybel vanselfsprekend. Hier word nie verwys na Skrifgebruik soos in die geval van 'n erediens nie. Die gesprek is nie 'n preek nie. Daar moet egter van die Skrif *gebruik* gemaak word. Dit is immers in die Bybel waar ons leer van 'n barmhartige God. Anders as in die prediking, waar *vanuit* 'n bepaalde teks oorgegaan word tot verkondiging, word in die pastorale gesprek *gedurende* die gesprek gebruik gemaak van gedeeltes uit die Skrif. In hierdie verband wys Louw (1993:460) op die funksionering van die sogenaamde "klag"-formules in die Bybel, waarmee die beproefde hom baie goed sal kan assosieer. Gedeeltes uit die Psalms, soos in besonder byvoorbeeld Psalms 23 en 139, kan van baie groot waarde wees om te troos. In wanhoop is 2 Korintiërs 1:8 tot 10 uiters relevant, en te midde van aanvegting en smart is Psalms 30 en 40 baie bruikbaar. Nie net

word die Skrif gebruik om te troos nie, maar ook om hoop te bring. Hier word veral gedink aan Romeine 8:31 tot 39. Skrifgebruik, is volgens Louw (1993) 'n uitvloeisel van die onderlinge liefde vir mekaar.

6.1.1.5 Die funksie en rol van gebed

Gebed is noodsaaklik. Gebed is dialoog tussen God en mens. Louw (1993:445) heg egter 'n dieper dimensie aan gebed as blote dialoog of kommunikasiegebeure. Hy beskou gebed as aanknopingspunt tussen God en mens en daarom is gebed "...nie in die eerste plek kommunikasie nie, maar gemeenskap ... gebed is die amen van die geloof ... 'n deel hê aan die heil" (Louw 1993:445).

In die herderlike bediening speel voorbidding 'n uiters belangrike rol. Adams (1979:61) beklemtoon die noodsaaklikheid van dubbele voorbidding: enersyds vir die herder as instrument in die hand van sy Sender, en andersyds vir die persoon in nood as objek van herderlike bediening.

6.2 Slotwoord

Dit is belangrik dat die sirkel voltooi sal word deur, in die spore van Zerfass (1997:27), en met inagneming van die kritiek van Dreyer (1991:606) op die model, om terug te vra na die Skrif. Dit behels dat daar gekyk sal word na wat die Bybel onder pastorale sorg verstaan in die lig van die herder-metafoor. Dit sluit in die *sorg* as pastorale styl wat daarop afgestem is om die

liefdevolle barmhartigheid te verbind met Jesus Christus se opofferende en verlossende liefde. Hierdie metafoor wil juis aandui dat die pastor die rol van 'n versorger, trooster en opbouer van die liggaam van Christus sal vervul. Die herder lei die ontredderde skaap omdat hy die kennis en deernis het om dit te doen. Die dienskneg-metafoor sluit ook nou hierby aan. Christus se plaasvervangende lyding word deur die pastor aan die verwonde lidmaat gekommunikeer. Dit is 'n aanduiding van God se medelye met ons menslike nood. Indien die voorgestelde kursus ontwikkel kan word, kan dit waarskynlik daartoe bydra dat die pastor beter tot sy reg kan kom. Dit is juis vanuit die herdermetafoor dat die pastor bewus moet word van die noodsaaklikheid van sy betrokkenheid by die nood van sy mense, veral ook in die geval van 'n miskraam.

Die pastor is primêr dienaar van God, en hierin word pastoraat onderskei van die ander vorme van hulpverlening. Pastoraat is nie slegs emosionele steungewing nie. Pastoraat is geloofshulp as lewenshulp.


Indien betrokkenheid sinvol geskied word heraanpassing van die beproefdes ook moontlik. Die pastor is 'n sleutelfiguur. Hy is by uitstek betrokke by die wel en weë van sy kudde, hy speel 'n rol in mense se lewens. Hy verkondig die heil in Christus.

Bylae A Lys van Figure en Tabelle

1. Figuur:	Bladsy
Figuur 2.1: Zeffass se model	32
 2. Tabel:	
Tabel 1: Ouderdomsverspreiding by respondente	158
Tabel 2: Geslag van respondente	159
Tabel 3: Hoogste kwalifikasie in teologie	159
Tabel 4: Verbandhoudende kwalifikasies van respondente	160
Tabel 5: Tipe betrekking bekleer deur leraars	161
Tabel 6: Aantal jare wat respondent in huidige standplaas is	162
Tabel 7: Totale aantal jare wat die respondent in die bediening is	163
Tabel 8: Aantal lidmate per gemeente	164
Tabel 9: Aantal kinders per gemeente	165
Tabel 10: Aantal babas gemiddeld per jaar gedoop	166
Tabel 11 Huwelikstatus van respondent	166
Tabel 12: Aantal huwelike	167
Tabel 13: Hulpverlenende beroepe van egliede	168
Tabel 14: Opvoedkundige kwalifikasie: huweliksmaat	169
Tabel 15: Intensiteit van verlies	170
Tabel 16: Wanneer is 'n miskraam 'n verlies?	171
Tabel 17: Aantal miskrame: 5 jaar periode	172

Tabel 18:	Kindersterftes: 5 jaar periode	173
Tabel 19:	Optrede in die geval van 'n miskraam	173
Tabel 20:	Mees intense emosie na miskraam	175
Tabel 21:	Emosies na 'n kindersterfte	175
Tabel 22:	Self 'n miskraam	176
Tabel 23:	Rol van predikant	177
Tabel 24:	Belewenisse van die predikant in die geval van 'n miskraam	178
Tabel 25:	Reaksies van respondente rondom ouers se belewenisse	179
Tabel 26:	Invloed: gesinsisteem	180
Tabel 27:	Betrokkenheid by pastorale begeleiding	181
Tabel 28:	Vergelyking van kwalifikasie van huweliksmaat met die belewenis van die intensiteit van die verlies	183
Tabel 29:	Vergelyking van eie kinders en die siening van die grootste verlies	184
Tabel 30:	Watter verlies is die grootste in vergelyking met stadium van swangerskap waartydens miskraam voorkom	185
Tabel 31:	'n Vergelyking tussen watter tipe verlies predikante as die grootste beskou en hul eie persoonlike ervaring van miskraam	186
Tabel 32:	Aantal miskrame in vergelyking met aantal kindersterftes	187
Tabel 33:	Aantal miskrame teenoor aantal babas gedoop	188

Bylae B Vraelyste



Universiteit van Pretoria

Fakulteit Teologie (Afdeling A)

Pretoria 0002 Republiek van Suid-Afrika Tel (012) 420-2348
Faks (012) 420-2887 e-pos: hannie@ccnet.up.ac.za

Departement Praktiese Teologie

13 Oktober 1999

Geagte Kollega

VRAELYS – DS JOHAN NEL

Ds Nel is tans besig met navorsing vir 'n doktorsale proefskrif oor die onderwerp:

Pastorale begeleiding van 'n gesin wat die trauma van 'n miskraam ervaar het.

'n Deel van sy navorsing behels 'n empiriese ondersoek by wyse van vraelyste.

U samewerking om die vraelys te voltooi is van deurslaggewende belang.

Sal u asseblief so vriendelik wees om u vraelys te voltooi en so spoedig moontlik terug te stuur.

Met dank



PROF TFJ DREYER
HOOF: PRAKTIESE TEOLOGIE



NAVORSING: DIE IMPAK VAN DIE VERLIES VAN 'N FETUS

AFDELING A

Vir kantoorgebruik

1. Respondentnommer V1 1 - 4

2. Kaartnommer V2 5

3. Dui asseblief u ouderdom aan V3 6 - 7
_____ jaar

4. U geslag V4 8

Manlik	1
Vroulik	2

5. Hoogste kwalifikasie in teologie V5 9

Baccalaureus in teologie	1
Baccalaureus/Honneurs in teologie	2
Magister in teologie	3
Doktoraal in teologie	4



6. **Beskik u oor 'n aanvullende kwalifikasie wat verband hou met hulpverlening, bv. pastorale terapie, sielkunde, ens.? Indien wel, noem die aard daarvan.**

V6

☐

7. **Huidige beroep**

V7

☐

10

Voltydse predikant	1
Deelsorg predikant	2
Dosent	3
Emeritus	4
Bedank/ lewensstaat verander	5

8. **Hoe lank is u in u huidige pos/standplaas?**

V8

13 - 14

_____ jaar

9. **Hoeveel jaar is/was u in totaal in die bediening**

V9

15 - 16

_____ jaar

10. **U huidige gemeente: aantal lidmate tot die naaste 100**

V10

17 - 20

11. **U huidige gemeente: aantal kinders tot die naaste 100**

V11

21 - 24

12. **U huidige gemeente: gemiddelde aantal baba's gedoop per jaar**

V12

25 - 27

_____ (getal)



13. U huwelikstatus

V13

☐

28

Nooit getroud	1
Getroud	2
Wewenaar/ weduwee	3
Geskei/ vervreemd	4

14. Hoeveel keer is/was u getroud?

V14

☐

29

Eerste huwelik	1
Tweede huwelik	2
Meer as twee	3

15. Beklee u eggenoot/eggenote 'n beroep wat in u werk as predikant hulpverlenend van aard is, byvoorbeeld sielkundige, maatskaplike werk, onderwyser/es ensomeer? Indien wel, wat?

V15

☐

16. Opvoedkundige kwalifikasies van u eggenoot/eggenote

V16

☐

30

Primêre skoolsertifikaat	1
Sekondêre skoolsertifikaat	2
Tegniese (na-skools) sertifikaat	3
Graad/Diploma	4
Nagraads	5

17. Het u enige kinders? Indien wel, hoeveel?

V17

☐ ☐

31

AFDELING B: U HOUDING TEN OPSIGTE VAN DIE VERLIES VAN 'N FETUS OF BABA

- 18. Dui aan watter verlies na u mening die grootste verlies is.**

V18

☐

32

Miskraam	1
Doodgebore baba	2
Babasterfte	3
Almal ewe groot	4

- 19. Gedurende watter stadium van swangerskap beskou u 'n miskraam as 'n werklike verlies**

V19

☐

33

0-3 maande	1
4-6 maande	2
7-9 maande	3
Enige stadium	4
Beskou miskraam nie as verlies	5

- 20. Met hoeveel miskrame het u die afgelope 5 jaar in u bediening te doene gekry?**

V20

☐

34

Geen	1
0-5	2
6-10	3
11-15	4
16-20	5
Meer as 20	6
Nvt	7



21. Met hoeveel kindersterftes het u die afgelope 5 jaar in u gemeente te doene gekry?

V21

☐

35

Geen	1
0-5	2
6-10	3
11-15	4
16-20	5
Meer as 20	6
Nvt	7

22. Watter optrede(s) volg u gewoonlik in die geval van 'n miskraam in u gemeente?

V22

V23

V24

V25

V26

V27

36

37

38

39

40

41

Geen	1
Besoek ouers	2
Gebruik diensgroep/ omgegroepe	3
Maatskaplike werker	4
Verwys na ander professionel persoon	5
Ander	6

Spesifiseer "ander" : _____



23. Watter optrede(s) volg u gewoonlik in die geval van 'n kindersterfte?

Geen	1
Besoek ouers	2
Stuur diensgroepwerkers/ omgegroepe	3
Maatskaplike werker	4
Ander professionele persoon	5
Ander	6

V28	<input type="checkbox"/>	42
V29	<input type="checkbox"/>	43
V30	<input type="checkbox"/>	44
V31	<input type="checkbox"/>	45
V32	<input type="checkbox"/>	46
V33	<input type="checkbox"/>	47

Spesifiseer "ander": _____

24. Watter ouer beleef na u mening die mees intense emosies na 'n miskraam?

V34	<input type="checkbox"/>	47
-----	--------------------------	----

Vader	1
Moeder	2
Beide	3

25. Watter ouer beleef na u mening die mees intense emosies na die afsterwe van 'n baba?

V35	<input type="checkbox"/>	48
-----	--------------------------	----

Vader	1
Moeder	2
Beide	3

26. Het u self al in u huwelik 'n miskraam beleef?

V36	<input type="checkbox"/>	49
-----	--------------------------	----

Ja	1
Nee	2



27. Hoe sien u die rol van die predikant in die geval waar 'n miskraam in die gemeente voorkom?

V37

☐

50

Baie belangrik	1
Belangrik	2
Van min belang	3
Van geen belang	4

28. Watter van die volgende beleef u in uself wanneer u gekonfronteer word met 'n miskraamsituasie in u gemeente?

V38

☐

51

Verleentheid	1
Onsekerheid	2
Terughoudendheid	3
Behoeftte om te gaan vertroos	4
Respek vir ouers se privaatheid	5

29. Wat het u eie ervaring u geleer van die emosies wat mense beleef tydens 'n miskraam? Merk almal wat van toepassing is.

Hartseer	1
Onverskilligheid	2
Verlange	3
Depressie	4
Aggressie	5
Skuldgevoelens	6
Skok	7
Angs	8
Bitterheid	9
Verligting	10
Kilheid	11
Ontkenning	12
Beheersdheid	13
Tranerigheid	14
Behoeftte om te praat	15

V39

V40

V41

V42

V43

V44

V45

V46

V47

V48

V49

V50

V51

V52

V53

☐
☐
☐
☐
☐
☐
☐
☐
☐
☐
☐
☐
☐
☐
☐

52

53

54

55

56

57

58

59

60

61

62

63

64

65

66



Meld enige ander: _____

30. Watter effek het 'n miskraam na u mening op 'n gesin as sisteem?

V54

☐

67

Geen effek op gesinsisteem	1
Slegs die moeder word geraak	2
Slegs die vader word geraak	3
Slegs die ouers word geraak	4
Ander kinders in die gesin word net soveel as die ouers geraak	5
Ander kinders in die gesin word in 'n mindere mate geraak as die ouers	6

31. Sou u oordeel dat dit nodig is om die hele gesin te betrek met die oog op pastorale begeleiding na 'n miskraam in die huisgesin?

V55

☐

68

Ja	1
Nee	2
Onseker	3

Baie dankie vir u samewerking!

BIBLIOGRAFIE

- Adams, J 1973. *The Christian counsellor's manual*. New Jersey: Presbyterian and Reformed Publishing Company.
- Almanak en Bybelse Dagboek van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*, 1999, bl 117.
- Alty, E 1991. Miscarriage: Creating support. *Nursing Times* 87/2, 24-25.
- Anonymous 1991. When is a fetus a baby? *Lancet* 337, 526.
- Balswick, J O & Balswick, J K 1990. *The family: A christian perspective on the contemporary home*. Grand Rapids, Michigan: Baker Book House.
- Berkhof, L 1981. *Systematic Theology*. The Grey House.
- Bokram, K 1992. A special kind of help. *Psychology Today* 25, 66.
- Bosley, G M & Cook, A S 1993. Therapeutic aspects of funeral ritual: *A thematic analysis*. *Journal of family psychotherapy* 4/4, 69-83.
- Brillenburg Wurth, G 1967. *Christelike Sedeleer*. Pretoria: J L van Schaik Beperk.
- Brink, A J 1979. *Woordeboek van Afrikaanse Geneeskundeterme*. Universiteit van Stellenbosch: NASOU BPK.
- Brongers, H A 1982. *De Prediking van het Oude Testament*. II Koningen. Uitgeverij G.F. Callenburg B.V. Nijkerk.
- Brown, F H 1989. The impact of Death and Serious Illness in the Family Life Cycle. In: Carter, B & McGoldrick, M (ed) *The changing life cycle*. USA: Allyn & Bacon.
- Brown, B S N 1993. *Perinatal loss: A framework for practice* 14/5, 469-479.
- Brubaker, E 1985. Older parent's reactions to the death of adult children. *Journal of Gerontological Social Work* 9/1, 35-48.
- Burger, C 1991. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*. Pretoria: RGN.

- Cecil, R 1994. "I wouldn't have minded a wee one running about": Miscarriage and the family.
Social Science and Medicine 38/10, 1415-1422.
- Derfrain, J 1991. Learning about grief from normal families: Stillbirth and miscarriage.
Journal of marital and family therapy 17/3, 215-232.
- De Klerk, W J 1978. *Rousmart*. Die Pastorale sorg oor bedroefdes na die oorlye van 'n dierbare. Johannesburg: Boekhandel De Jong (EDMS) Beperk.
- De Vaux, Roland 1978. *Ancient Israel: Its life and institutions*. London: Darton, Longman & Todd LTD.
- Die Bybel*, 1983. 9e druk. Kaapstad: Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Diensboek van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*, 1995 Pretoria: Kital.
- Dingemans, G D J 1996. Manieren van doen: *inleiding tot de studie van de Praktische Theologie*. Kampen. Uitgeverij Kok.
- Dorland's Illustrated Medical Dictionary 1988. WB Saunders Company.
- Dreyer, P S 1985. *Geboorte, Huwelik, Dood*. Pretoria:Kital.
- Dreyer, T F J 1991. Eerste tree in die Praktiese teologie - Waarheen? *HTS* 47. 597 - 608.
- Dreyer, W A 1994. Die kerkregterlike posisie van die kind in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, met besondere verwysing na lidmaatskap, doop, nagmaal en tug.
HTS 50/3, 522-530.
- Dreyer, Y 1998. Pastorale interaksie met vroue. 'n Prakties-teologiese begronding.
Ongepubliseerde DD-proefskrif. Universiteit van Pretoria.
- Durand, J J F 1978. *Die sonde. Wegwysers in die Dogmatiek*. Pretoria: NG Boekhandel.
- Du Toit, C M 1991. Ouers in die rouproses. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Universiteit van Stellenbosch.
- Firet, J 1987. *Spreek as een leerling: Praktisch-teologisch opstellen*. Kampen: Kok.

- Friedman, E H 1985. *Generation to generation*. New York: Guilford.
- Friedman, T & Gath, D 1989. The psychiatric consequences of spontaneous abortion. *British Journal of Psychiatry* 155, 810-813.
- Garel, M et al 1993. Depressive disorders after a spontaneous abortion. *American Journal of Obstetrics & Gynaecology* 168/3, 1005-6.
- Garel, M et al 1994. Long-term consequences of miscarriage: the depressive disorders and the following pregnancy. *Journal for Reproductive Infant Psychology* 12, 233-240.
- Groenewald, E P 1980. *Die Evangelie van Johannes*. Pretoria: NG Kerk-Uitgewers.
- Groenewald, E P 1973. *Die Evangelie van Lukas*. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.
- Habermas, J 1984. *The theory of communication action*, Vol 1: Reason and the rationalization of society, by T McCarthy. Boston, MA: Beacon.
- HAT 1984. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*.
- Heitink, G 1993. *Praktische Theologie*. Kampen: Kok.
- Heitink, G 1977. *Pastoraat als hulpverlening: Inleiding in de Pastorale Theologie en Psychologie*. Kampen: Kok.
- Henley, A & Kohner, N 1991. *Miscarriage, Stillbirth and neonatal death. Guidelines for professionals*. London: SANDS.
- Henry, C F H 1981. *Baker's Dictionary of Christian Ethics*. Michigan: Baker Book House, Grand Rapids.
- Heyns, J 1978. *Dogmatiek*. Pretoria, NG Kerkboekhandel Transvaal.
- Heyns, J A 1982. *Teologiese Etiek deel 1*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel Transvaal.
- Heyns, L M & Pieterse, H J C 1991. *Eerste treë in die Praktiese Teologie*. Pretoria: Gnosis.
- Höhn, H J 1985. *Kirche und Kommunikatives Handeln*. Frankfurt am Main: Josef Knecht.
- Horkheimer, M 1947. *Eclipse of reason*. New York: Continuum.

- Hunfeld, J A M, Mourik, M M J & Tibboel, D 1996. Do couples grieve differently following infant loss? *Psychological Reports* 79, 407-410.
- Hunt, S 1984. Pastoral Care and Miscarriage: A Ministry long neglected. *Pastoral Psychology* 32/4, 265-276.
- Hutti, M M 1992. Parents' perceptions of the miscarriage experience. *Death studies* 16, 401-415.
- Imber-Black, E, Roberts, J & Whiting, R A 1988. *Rituals in Families and Family Therapy*. New York: W.W. Norton & Company.
- Irion, Paul E 1991. Changing patterns of ritual response to death. *Omega Journal of Death and Dying*. 22/3, 159-172.
- Kander, J 1990. *So will I comfort you...* Kaapstad: Lux Verbi.
- Klaus, M H & Kennel, J H 1980. *Parent-Infant bonding*. St Louis: C.V. Mosby.
- Knapp, R J 1987. When a child dies. *Psychology Today* 21/7, 60-67.
- Kowalski, K M 1987. Perinatal loss and bereavement. *Women's health: Crisis and illness in childbearing* 3, 25-43.
- Kübler-Ross, E 1981. *On death and dying*. London: Tavistock.
- Kübler-Ross, E 1974. *Questions and answers on death and dying*. New York: Macmillan.
- Lachelin, G C L 1985. *Miscarriage. The facts*. Oxford University Press.
- Leask, R 1991. Miscarriage. Too common a story? *Nursing Times* 87/2, 22-23.
- Lee, C, Slade, P & Lygo, V 1996. The influence of psychological debriefing on emotional adaption in women following early miscarriage: A preliminary study. *British Journal of Medical Psychology* 69/1, 47-58.
- Lin, S X & Lasker, J N 1996. Patterns of grief reaction after pregnancy loss. *American Journal of Orthopsychiatry* 66/2, 262-271.

- Lindbergh, A M 1973. *Hour of Gold, Hour of Lead: Diaries and letters 1929 - 1932*.
London: Harcourt Brace Jovanovich Limited.
- Littlefield, C H 1984. When a child dies: A sociobiological perspective. *Dissertation Abstracts*
45/8, 2743. North York, Canada: York University.
- Louw, D A , Gerdes, L C & Meyer, W F 1984. *Menslike ontwikkeling*. Pretoria: HAUM
Opvoedkundige Uitgewery.
- Louw, D J 1993. *Pastoraat as ontmoeting. Ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode
en terapie*. Pretoria: RGN-Uitgewery.
- Louw, D J [1993] 1997. *Pastoraat as vertolking en ontmoeting: Teologiese ontwerp vir
basisteorie, antropologie, metode en terapie*. Nuwe hersiene uitgawe. Kaapstad: Lux
Verbi.
- Madden, M E 1994. The variety of emotional; reactions to miscarriage. *Women & health*
21/2, 85-104.
- McClanahan, A L 1983. The stillborn infant. *The Christian ministry* 14,4.
- Miles, M S & Perry, K 1995. Parental responses to sudden accidental death of a child. *Critical
Care Quarterly* 8/1, 73-84.
- Mouton, J & Marais, H C 1989. *Basiese begrippe: Metodologie van die geesteswetenskappe*.
Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.
- Müller, J C 1994. *Practical theological wisdom in the context of pastoral marriage and
family therapy* 9/1, 20-28.
- Müller, J C 1996. *Om tot verhaal te kom. Pastorale gesinsterapie*. Pretoria: RGN Uitgewery.
(RGN-studies in Praktiese Teologie).
- Mussen, P R, Conger, J J, Kagan, J & Huston, A 1984. *Child development and personality*.
New York: Harper & Row Publishers.

PARLIAMENTARY BULLETIN no 8, 29 October 1996.

Pelser, G M M 1986. Die doop in die Nuwe Testament. Ongepubliseerde diktaatesings,

Departement Nuwe Testamentiese Wetenskap (Afd A), Universiteit van Pretoria.

Peperzak, A 1977. *Vrijheid. Inleiding in de wijsgerige antropologie* I Baarn: Basisboeken.

Peppers, L G & Knapp, R J 1980. Maternal reactions to involuntary fetal/infant death.

Psychiatry 43, 155-159.

Pieterse, H J C 1993. *Praktiese Teologie as kommunikatiewe handelingssteorie*. Pretoria:

RGN-Uitgewers.

Reich, W T 1978. *Encyclopedia of Bioethics*. London: The Free Press.

Reinharz, S 1988. What's missing in miscarriage? *Journal of Psychology* 16/84-103.

Reeves, R R & Bullen, J A 1994. Spontaneous miscarriage in the ED. *Annals of Emergency*

Medicine 23/2, 387.

Reevak-Lutz, R J & Kellner, K R 1994. Paternal involvement after perinatal death. *Journal of*

perinatology. XIV/6, 442-445.

Rosenblatt, P G & Burns, L H 1986. Long-term effects of perinatal loss. *Journal of family*

issues 7, 237-253.

Rosenfeld, J A 1994. Bereavement and grieving after spontaneous abortion. *American family*

physician 43/5, 1679-1684.

Rubin, S 1981. A two track model of bereavement: Theory and application in research.

American Journal of Orthopsyciatry 51/1, 101-109.

Rutherford, R 1980. *The Death of a Christian: The Rite of Funerals*. New York: Pueblo

Publishing Company, Inc.

Sanders, C M 1980. A comparison in adult bereavement in the death of a spouse, child or

parent. *Omega - The Journal of death and dying* 10/4, 303-332.

- Seller, M et al 1993. Grief and mid-trimester fetal loss. *Prenatal diagnosis* 13/5, 341-348.
- Slabber, L 1987. *My kind is dood*. Kaapstad: Lux Verbi.
- Slade, P 1984. Predicting the psychological impact of miscarriage. Special Issue:
Understanding the experience and emotional consequences of miscarriage. *Journal of Reproductive and Infant Psychology* 12/1, 5-16.
- Silverman, P R & Worden, J W 1992. Children's understanding of funeral ritual. *Omega Journal of Death and Dying* 25/4, 319-331.
- Spiegel, Y 1977. *The grief process*. Nashville: Abingdon.
- Sullivan, B B 1987. Dynamic adjustment in couples following a SIDS loss. Dissertation
Abstracts International 48/2, 574. Michigan: The University of Michigan.
- Thomas, J 1993. Perinatal bereavement counselling: how it has changed. *British Journal of Hospital Medicine* 50, 295-296.
- Tucker, K B 1989. A Pastoral Response to silent tragedy. *The Christian Ministry* 20, 11-13.
- Van Aarde, A G 1991. 'n Nuwe Testamentiese perspektief op die kind, *HTS* 47/3, 685-715.
- Van der Ven, J A 1988. Practical Theology: From applied to empirical theology. *Journal of Empirical Theology* 1, 17-27.
- Van der Ven, J A 1993. Practical Theology: Kampen: The Netherlands: Kok Pharos Publishing House.
- Van Niekerk, A (ed) 1991. *The status of prenatal life*. Cape Town: Lux Verbi.
- Van Niftrik, G C 1944. *Kleine Dogmatiek*. Nijkerk: G.F. Callenbach N.V. Uitgever.
- Van Zyl, F J 1993. *Die mens as sondaar. Karl Barth se sieing*. Pretoria: KITAL.
- Van Zyl, P J 1995. 'n Prakties-teologiese ondersoek na die invloed van huisbesoek op erediensbywoning binne die Nederduitsh Hervormde Kerk van Afrika.
Ongepubliseerde DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

- Walker, W 1980. *A history of the Christian Church*. Edinburg: T & T Clarck Ltd.
- Wassner, W J 1991. *The Pastoral dynamics of Miscarriage* 40/2, 113-121.
- Weber, O 1981. *Foundations of Dogmatics*. Grand Rapids: Eerdmans.
- Weiser, A 1982. *The Psalms*. London: SCM Press Ltd.
- Wells, R G 1991. Managing miscarriage: The need for more medical mechanics. *Postgraduate medicine* 89/2, 207-212.
- Williams, R A & Nikolaisen, S M 1982. Sudden infant death syndrome: Parent's perspectives and responses to the loss of their infant. *Research in Nursing and Health* 5/2, 55-61.
- Wong, D L 1980. Bereavement: The empty mother syndrome. *American Journal of Maternal Child Nursing* 5/6, 385-389.
- Zerfass, R 1974, in Klosterman, F en Zerfass, R 1974. *Praktische Theologie heute*. Munchen: Kaiser/Grunewald.
- Zuck, R B 1996. *Precious in His sight: childhood in the Bible*. Baker books.